

DIE INVLOED VAN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE EUROPESE
EKONOMIESE GEMEENSAP OP DIE BUITELANDSE HANDELS-
PATROON VAN DIE LIDLANDE EN DIE REPUBLIEK VAN SUID-
AFRIKA.

deur

JOHANNES HENRICUS MEIRING

Skripsie ingehandig ter gedeeltelike voldoening
vir die vereistes vir die graad Magister Commerci
in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe.

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys, POTCHEFSTROOM.

Februarie 1967.

Hiermee betuig ek my dank aan prof. D.P. Erasmus vir sy leiding asook aan die Departement van Handel en Nywerheid wat behulpsaam was by die studie.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy.

<u>Algemene inleiding</u>	1
---------------------------------	---

AFDELING A.

HOOFSTUK I.

<u>Ekonomiese integrasie</u>	3
I. Inleiding.....	3
II. <u>Ekonomiese integrasie</u>	4
A. Universele vryhandel.....	4
B. Streeksvryhandel.....	5
C. Verskillende metodes van integrasie.....	6
III. Voordele van ekonomiese integrasie.....	7
A. Die doelstellings van 'n ekonomiese beleid	7
B. Groter markgebiede.....	7
i) Tegniiese voordele.....	8
ii) Ekonomiese voordele.....	9
C. Verhoging van lewenstandaard.....	10
D. Politieke voordele.....	10
IV. Nadele van ekonomiese integrasie.....	11
A. Beleidsimplikasies.....	11
i) Handelsbeleid.....	11
ii) Monetêre beleid.....	12
B. Die beweeglikheid van arbeid.....	14
C. Diskriminasie.....	14
D. Politieke omstandighede.....	15
V. Slot.....	16

HOOFSTUK II.

<u>Ekonomiese integrasie in Wes-Europa</u>	17
I. Inleiding.....	17
II. <u>Ekonomiese integrasie in Wes-Europa tot en met die ontstaan van die Europese Ekonomiese Gemeenskap</u>	17
A. Agtiende eeuse benadering.....	17
B. Negentiende eeuse benadering.....	19
C. <u>Ekonomiese integrasie in die twintigste eeu</u>	21
i) 1919 tot 1939.....	21
ii) 1940 tot 1950.....	22
iii) 1950 tot 1960.....	26

III/...

III.	Die Verdrag van Rome en daarna.....	30
IV.	Die Europese Ekonomiese Gemeenskap se ge- assosieerde gebiede.....	32
V.	Slot.....	33

AFDELING B.HOOFSTUK III.

<u>Inleiding</u>	35
------------------------	----

HOOFSTUK IV.

<u>België-Luxembourg</u>	37
I. Enkele aspekte van die handelstruktuur.....	37
A. België.....	37
B. Luxembourg.....	38
II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.....	40
III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.....	43
IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming..	47
V. Slot.....	51

HOOFSTUK V.

<u>Die Bondsrepubliek Wes-Duitsland</u>	52
I. Enkele aspekte van die handelstruktuur.....	52
II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.....	54
III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.....	57
IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming..	61
V. Slot.....	64

HOOFSTUK VI.

<u>Frankryk</u>	68
I. Enkele aspekte van die handelstruktuur.....	68
II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.....	68
III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.....	70
IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming..	76
V. Slot.....	79

HOOFSTUK VII/...

HOOFSTUK VII.

<u>Italië</u>	81
I. Enkele aspekte van die handelstruktuur.....	81
II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.....	81
III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.....	84
IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming.	87
V. Slot.....	93

HOOFSTUK VIII.

<u>Nederland</u>	94
I. Enkele aspekte van die handelstruktuur.....	94
II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.....	95
III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.....	95
IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming.	99
V. Slot.....	103

HOOFSTUK IX.

<u>Die Republiek van Suid-Afrika</u>	107
I. Inleiding.....	107
II. Geskiedkundige oorsig.....	107
III. Die Republiek van Suid-Afrika se invoer vanaf die lande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap voor en na die totstandkoming van die Euromark.....	108
IV. Die Republiek van Suid-Afrika se uitvoer na die lande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap voor en na die totstandkoming van die Euromark.....	112
V. Die Verenigde Koninkryk se moontlike toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap.....	116
A. Die Britse betalingsbalans as struikelblok vir toetrede tot die Euromark.....	118
B. Die Republiek van Suid-Afrika se posisie in geval van Britse toetrede tot die Euromark.....	123
VI. Slot.....	125

HOOFSTUK X/...

HOOFSTUK X.

<u>Samevatting en gevolgtrekkings</u>	127
I. Ekonomiese integrasie en die geskiedenis daar- van.....	127
II. België-Luxembourg.....	127
III. Die Bondsrepubliek Wes-Duitsland.....	128
IV. Frankryk.....	128
V. Italië.....	129
VI. Nederland.....	129
VII. Enkele gevolgtrekkings.....	131

Bylae

Lys van aangehaalde werke

LYS VAN TABELLE.

Tabel.

1. Luxembourghse in- en uitvoer as persentasie van die bruto volksproduk in 1952 en 1956.
2. Invoer van België-Luxembourgh, die wêreld en die E.E.G. : 1938-1965.
3. Uitvoer van België-Luxembourgh, die wêreld en die E.E.G. : 1938-1965.
4. België-Luxembourgh se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale uitvoer vir die tydperk 1948 tot 1964.
5. België-Luxembourgh se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
6. België-Luxembourgh se invoer volgens lande van herkoms uitgedruk as persentasies van totale invoer: 1948-1964.
7. België-Luxembourgh se uitvoer na die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale invoer vir die tydperk 1948 tot 1964.
8. België-Luxembourgh se uitvoer na die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
9. België-Luxembourgh se uitvoer volgens lande van bestemming uitgedruk as persentasies van totale uitvoer: 1948-1964.
10. Wes-Duitsland: Samestelling van in- en uitvoer - 1957.
11. Invoer van Wes-Duitsland, die wêreld en die E.E.G.: 1938-1965.
12. Uitvoer van Wes-Duitsland, die wêreld en die E.E.G.: 1938-1965.
13. Wes-Duitsland se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale uitvoer vir die tydperk 1953-1964.

Tabel.

14. Wes-Duitsland se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande: 1953-1964.
15. Wes-Duitsland se invoer volgens land van herkoms uitgedruk as persentasies van totale invoer: 1953-1964.
16. Wes-Duitsland se uitvoer na die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale invoer vir die tydperk 1953 tot 1964.
17. Wes-Duitsland se uitvoer na die ander E.E.G.-lande: 1953-1964.
18. Wes-Duitsland se uitvoer volgens land van bestemming uitgedruk as persentasies van totale uitvoer: 1953-1964.
19. Invoer van Frankryk, die wêreld en die E.E.G.: 1938-1965.
20. Uitvoer van Frankryk, die wêreld en die E.E.G.: 1938-1965.
21. Frankryk se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale uitvoer vir die tydperk 1948 tot 1964.
22. Frankryk se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
23. Frankryk se invoer volgens lande van herkoms uitgedruk as persentasies van totale invoer: 1948-1964.
24. Frankryk se uitvoer na die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale invoer vir die tydperk 1948 tot 1964.
25. Frankryk se uitvoer na die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
26. Frankryk se uitvoer volgens land van bestemming uitgedruk as persentasies van totale uitvoer: 1948-1964.
27. Invoer van Italië, die wêreld en die E.E.G.; 1938-1965.


Tabel.

28. Uitvoer van Italië, die wêreld en die E.E.G.: 1938-1965.
29. Italië se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale uitvoer vir die tydperk 1948 tot 1964.
30. Italië se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
31. Italië se invoer volgens lande van herkoms uitgedruk as persentasies van totale invoer: 1948-1964.
32. Italië se uitvoer na die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale invoer vir die tydperk 1948 tot 1964.
33. Italië se uitvoer na die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
34. Italië se uitvoer volgens lande van bestemming uitgedruk as persentasies van totale uitvoer: 1948-1964.
35. Relatiewe belangrikheid van Nederland se in- en uitvoer net voor die totstandkoming van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.
36. Invoer van Nederland, die wêreld en die E.E.G.: 1938-1965.
37. Uitvoer van Nederland, die wêreld en die E.E.G.: 1938-1965.
38. Nederland se invoer vanaf die E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale uitvoer vir die tydperk 1948 tot 1964.
39. Nederland se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
40. Nederland se invoer volgens land van herkoms uitgedruk as persentasie van totale invoer: 1948-1964.
41. Nederland se uitvoer na die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van hierdie lande se totale invoer vir die tydperk 1948 tot 1964.

Tabel.

42. Nederland se uitvoer na die ander E.E.G.-lande: 1948-1964.
 43. Nederland se uitvoer volgens land van bestemming uitgedruk as persentasies van totale uitvoer: 1948-1964.
 44. Republiek van Suid-Afrika: Invoer vanaf die E.E.G.-lande, die E.V.H.V., die V.S.A., Japan en die res van die wêreld in miljoene Rand vir die tydperk 1946-1965.
 45. Republiek van Suid-Afrika: Invoer vanaf die E.E.G.-lande, die E.V.H.V., die V.S.A., Japan en die res van die wêreld uitgedruk as n persentasie van Suid-Afrika se totale invoer vir die tydperk 1946-1965.
 46. Republiek van Suid-Afrika: Uitvoer na die E.E.G.-lande, die E.V.H.V., die V.S.A., Japan en die res van die wêreld in miljoene Rand vir die tydperk 1946-1965.
 47. Republiek van Suid-Afrika: Uitvoer na die E.E.G.-lande, die E.V.H.V., die V.S.A., Japan en die res van die wêreld uitgedruk as n persentasie van Suid-Afrika se totale uitvoer vir die tydperk 1946-1965.
 48. Republiek van Suid-Afrika: Handel met die Verenigde Koninkryk in die onderskeie seksies van die handelsklassifikasie uitgedruk as persentasies van die totale handel met die Verenigde Koninkryk en die wêreld vir 1965.
-

LANDE VAN DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSAP.



ALGEMENE INLEIDING.

In die internasionale handel is die neiging tot ekonomiese integrasie besig om steeds meer op die voorgrond te tree. Lande wat as gevolg van politieke, ekonomiese of tradisionele verbintenisse nou saamwerk op ekonomiese gebied vind dit voordelig om hierdie verwantskap steeds verder te ontwikkel en sodoende hulle onderlinge handel steeds vryliker te laat vloei. Hierdie pogings om handel te liberaliseer veroorsaak dan in baie gevalle dat ekonomiese integrasie in 'n meerdere of mindere mate voorkom. In hierdie skripsie word daar aanvanklik 'n aanduiding gegee van wat ekonomiese integrasie behels. In die eerste hoofstuk word verder enkele voor- en nadele van die stelsel verstrekk. Daar word kortliks aandag geskenk aan die verskillende metodes van integrasie asook enkele metodes van integrasie.

In die hieropvolgende hoofstuk word 'n kort geskiedenis van ekonomiese integrasie gegee. Beide hoofstukke in afdeling A word ingesluit om 'n aanduiding te gee van die wyer agtergrond van ekonomiese integrasie.

Die Europese Ekonomiese Gemeenskap (E.E.G.) is 'n besondere voorbeeld van ekonomiese integrasie. Die totstandkoming van hierdie organisasie moes dan ook noodwendig 'n sekere mate van invloed op sy lidlande se handelspatroon gehad het. In afdeling B word die aandag gevestig op die invloed wat die E.E.G. op die onderskeie lidlande en die Republiek van Suid-Afrika uitgeoefen het. Dit word gedoen deur gebruik te maak van die betrokke lande se in- en uitvoersyfers vir die jare voor en na die stigting van die E.E.G. Veel kan egter nie van absolute syfers afgelei word nie aangesien hulle deurgaans in 'n meerdere of mindere mate stygende tendense vertoon, ook kan stygende pryse 'n verkeerde indruk gee van wat in werklikheid gebeur het. Gevolglik word hierdie lande se in- en uitvoer as persentasies uitgedruk. Hierdeur kan 'n goeie idee verkry word van hoe die totstandkoming van die E.E.G. hierdie lande se buitelandse handelspatroon beïnvloed het en of die land se buitelandse handel meer na die E.E.G.-lande gekanaliseer is.

Ook wat die Republiek van Suid-Afrika se handelspatroon met die E.E.G.-lande betref word in 'n groot mate van persentasies gebruik gemaak. Hier word ook aandag geskenk aan Suid-Afrika se moontlike toekomstige handelspatroon met die

Verenigde/...

Verenigde Koninkryk. Klem word dan veral gelê op die waarskynlike Britse toetrede tot die E.E.G. Hier word ook baie kortliks genoem watter Suid-Afrikaanse produkte die kwesbaarste in so n geval sal wees.

AFDELING A.

HOOFSTUK I.EKONOMIESE INTEGRASIE.I. Inleiding.

Oor die algemeen gesproke word met ekonomiese integrasie die samesmelting van een of meer lande se ekonomiese stelsels met die van ander lande bedoel.

F. de Roos definieer ekonomiese integrasie as 'n samevoeging van selfstandige volkshuishoudings tot 'n samehangende geheel. ⁽¹⁾ Dit het tot gevolg dat die samesmelting van state wat tesame 'n groter mag in die internasionale handel verkry. Die groter politieke mag wat hiermee gepaard gaan is natuurlik ook van die allergrootste belang.

Ekonomiese integrasie kan ook gedefinieer word as die skepping van die mees wenslike ekonomiese struktuur deur die verwydering van kunsmatige beperkings op die optimum werking van vryhandel en deur die daarstelling van alle wenslike vorms van samewerking en unifikasie. ⁽²⁾

Die proses van ekonomiese integrasie is dus net 'n gedeelte van die meer algemene beleid, naamlik die daarstelling van die beste ekonomiese beleid.

'n Goeie ekonomiese beleid het baie voordele. Die voordele word egter slegs gerealiseer wanneer die doelstellings van so 'n ekonomiese beleid nagestreef word. Die doelstellings van so 'n ekonomiese beleid van integrasie is dus baie nou aan die voordele daaraan verbonde verwant. Later in hierdie hoofstuk word daar meer aandag aan hierdie saak geskenk.

II./...

(1) De Roos, F. Theorie der internationale economische betrekkingen. De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1961. p. 242.

(2) Sannwalt, R & Stohler, J. Economic integration. Princeton University press, 1959. p. 19 - 24.

II. Ekonomiese integrasie.⁽³⁾

A. Universele vryhandel.

Een van die basiese beginsels in die teorie van internasionale handel is dat vryhandel tot die hoogste moontlike lewenstandaard lei. Aan hierdie stelling is daar egter sekere voorwaardes verbonden wat net so belangrik as die stelling self is. Hierdie voorwaardes is naamlik dat i) daar volle indiensname moet wees en geen vermorsing mag plaasvind nie, ii) pryse gelyk moet wees aan grenskoste, iii) tydelike probleme met betrekking tot die aanpassing van die produksiestruktuur verontagsaam moet word en iv) lewenstandaard of welvaart beskou moet word as gelyk aan die waarde van produksie teen vryhandelspryse.

Indien aan hierdie voorwaardes voldoen word sal elke benutting van produsiefaktore wat nie in ooreenstemming met die wet van vergelykende koste is nie, minder voordelig wees as die toedeling van bronne onder vryhandel.

Dit is dus duidelik dat vryhandel deur toenemende doeltreffendheid tot 'n verhoging in die lewenstandaard lei. Die toenemende doeltreffendheid word verkry deur i) 'n optimum handel te verkry en ii) deur produksie te maksimaliseer.

Ad. i).

'n Optimum handel word verkry wanneer dit vir elke verbruiker geld dat verskille in grensnut ooreenstem met verskille in die pryse van hierdie goedere en wanneer hierdie goedere vrylik en teen dieselfde prysverhouding tussen hierdie lande geruil kan word. In hierdie geval word totale benutting verkry sonder dat 'n hergroepering van produsiefaktore nodig is. Handel is nie op 'n optimum terwyl dit moontlik is om die posisie van een verbruiker te verbeter sonder om die posisie van die ander verbruiker te versleg nie. Hierby sal ingesluit word die moontlikheid dat daar goedere is wat verskil wat die verhouding tussen hulle grensnut van arbeid en die ander noodsaaklike faktorbydraes betref/...

(3) Sannwald, R & Stohler, J, op.cit., p. 19 - 24.

betref. Die totale nut van n gegewe produksiepatroon kan deur n variasie in die volume handel toeneem. Slegs wanneer dit onmoontlik is om deur toenemende ruil voordeel te trek bestaan daar n optimum hoeveelheid handel. Hierdie resultaat sal outomaties deur volledige mededinging verkry word omdat dit ooreenstem met die vereiste dat die pryse waarteen hierdie goedere aangekoop kan word, dieselfde verhouding ten opsigte van mekaar vir al die verbruikers het.

Ad. ii)

Die beginpunt van n proses wat produksie maksimaliseer, is om toestande waar die verhouding tussen die grenskoste van twee of meer produkte in twee of meer lande verskillend is, te verwyder. Die produksiefaktore moet op so n wyse gebruik word dat dit onmoontlik is om meer van een produk en minder van n ander te produseer. Produksie is gemaksimaliseer sodra aan hierdie voorwaarde voldoen word. Die vraag van watter verhouding daar tussen die maksimalisasie van produksie en internasionale beweeglikheid van faktore bestaan duik in hierdie verband op. Beweeglikheid van produksiefaktore is in die algemeen gesproke noodsaaklik vir die maksimalisering van wêreldproduksie.

B. Streeksvryhandel.

Na die Tweede Wêreldoorlog het dit baie duidelik geword dat universele vryhandel om politieke redes buite die kwessie is. Dit impliseer egter glad nie dat die verskillende lande om hierdie rede afsonderlik sal optree nie. Enkele lande kan afsonderlik integreer en die lande wat nie geskik is of belangstel nie, uitlaat.

Met streeksvryhandel word dus bedoel dat n paar lande wat politieke verbintenisse het, of wat geografies naby mekaar geleë is op ekonomiese vlak integreer om sodoende dieselfde voordele te verkry wat onder universele vryhandel genoem is. In die praktyk is dit dan ook die vorm van integrasie wat die meeste aandag geniet.

C./...

C. Verskillende metodes van integrasie.

Hier kan onderskeid gemaak word tussen die institusionele en funksionele metodes van integrasie. Volgens eersgenoemde word integrasie deur administratiewe maatstawwe daargestel en kan dit alleenlik aan die gang gehou word deur aanhoudende administratiewe optrede. Die tweede behels die liberalisasie en uiteidelik die algehele uitkakeling van hierdie administratiewe maatstawwe. Dit gebeur deur gesamentlike ooreenkomste wat ruil van goedere oor die betrokke land se grense bevry en sodoende 'n groter mark waarin die wette van vraag en aanbod effektief sal wees daarstel.

Die funksionele metode bepaal homself slegs by die verwydering van kunsmatige handelsbeperkings, terwyl die institusionele metode internasionale samewerking byvoeg. Dit is dus duidelik dat as die probleem van integrasie teen die agtergrond van die meer algemene probleem van die mees doeltreffende handelsbeleid gesien word, die funksionele metode nie bevredigend is nie.

Institusionele integrasie kan in die wyer sin gerealiseer word. Hier het ons te doen met wat bekend staan as gedeeltelike integrasie. Hiermee word bedoel dat lande integreer, maar slegs met betrekking tot een of meer sektore. 'n Voorbeeld hiervan is die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap waar slegs ten opsigte van die steenkool- en staalsektore geïntegreer is.

Indien gedeeltelike of partiële integrasie met algehele integrasie vergelyk word, word dit duidelik dat partiële ewewig tot ekonomiese onewewigtheid lei. Die algemene stand van lone sal hoër wees in lande met beskermende tariewe as in lande daarsonder. Ook is produksie in die geïntegreerde sektore van so 'n land minder aantreklik. In die geïntegreerde sektore van 'n land met 'n beskermende tarief sal die tendens in volume produksie dan na 'n meer heftige inkrimping lei as wat deur die internasionale verdeling van arbeid in die geval van 'n alles omvattende integrasie vereis word. Ewewig sal alleenlik verkry word na die opheffing van tariewe in die oorblywende sektore. Indien die integrasie van die oorblywende sektore te lank uitgestel/...

uitgestel word, kan daar onnodige spanning ontstaan. Dit sal uiteindelik lei tot 'n poging om lone in die geïntegreerde streek te verlaag. Gesien vanuit 'n sosiale oogpunt sal dit gebeur slegs nadat pryse en lewensduurte na 'n vlak wat ooreenstem met algehele verminderde tariewe, gedaal het.

Parsiële integrasie moet dus so gou as moontlik deur algehele integrasie gevolg word of ten minste deur 'n vermindering van die tariewe in die sektore wat nie geïntegreer het nie.

III. Voordele van ekonomiese integrasie.⁽⁴⁾

A. Die doelstellings van 'n ekonomiese beleid.

Die doelstellings van 'n goeie ekonomiese beleid is soos volg: i) Alle produktiewe magte moet ten volle benut word. Onstabiliteit van produksie moet so veel as moontlik vermy word.

ii) Produksiefaktore moet gebruik word waar hulle die grootste opbrengs in die hand kan werk.

iii) Waar groot ongelykhede voorkom moet inkomste so verdeel word dat daar 'n groter gelykheid tussen lande en mense bestaan.

iv) Staatsinmenging moet as 'n laaste uitweg gebruik word.

Dit moet in gedagte gehou word dat wanneer hierdie vier doelstellings op internasionale vlak nagestreef word die betrokke lande bereid sal moet wees om sekere van hulle soewereine magte aan 'n sentrale owerheid oor te dra.

Indien al hierdie doelstellings deur die verskillende geïntegreerde lande nagekom word, is dit duidelik dat daar op 'n meer voordelige basis gewerk sal word as wanneer dit net op een land van toepassing is.

B. Groter markgebiede.

Die begrip markgebiede is 'n relatiewe nuwe begrip. Aanvanklik was daar meer aandag aan markgebiede gegee, veral gedurende die Middeleeue - daarna het produksie die/...

(4) Sannwald, R. & Stohler, J., op.cit. p. 84, 104-105.

die belangrikste geword. Veral gedurende die negentiende eeu is besondere aandag aan die probleem van produksie gegee. Gedurende die twintigste eeu egter het die aandag van ekonome weer van die produksie na die bemarking van goedere verskuif. Minder aandag is aan produksie op sigself gegee en meer aandag aan produksie vir 'n gegewe gebied.

Die begrip „mark“ het ook van betekenis verander. Oorspronklik is daar met 'n mark 'n plek bedoel waar daar handel gedryf is. Vandag egter word daarmee bedoel die potensiële hoeveelheid kopers vir 'n besondere produk wat onder sekere omstandighede verkoop word. Hierdie toestande sluit elke moontlike faktor in - die verkoopprys, die verspreiding van kopers, die beskikbare metodes om die produk te versprei en die hindernisse van geografie, sielkunde, fondse, tariewe en administrasie wat die distribusie in die wiede ry.

Wanneer daar ekonomiese integrasie plaasvind word die mark outomaties vergroot. Goedere wat voorheen nie bemark kon word nie, kan nou in die lande waarmee daar geïntegreer is bemark word. Die voordele wat aan 'n groter mark verbonde is kan onder die volgende hoofde ingedeel word:

i) Tegniese voordele.

Wanneer markte as gevolg van politieke toestande of proteksie in klein eenhede verdeel is, word die voordele wat as gevolg van die tegnologiese vooruitgang verwag kan word in die kiem gesmoor, of in elk geval in 'n baie groot mate beperk. Dit kan dus gestel word dat daar nadele aan 'n klein mark en voordele aan 'n groot mark verbonde is. Die vernaamste nadele verbonde aan 'n klein mark is dat die moderne potensialiteite van produksie en distribusie nie ten volle benut kan word nie, terwyl die groter mark volle geleentheid vir navorsing, produktiwiteit, lae produksiekoste en toenemende verbruik bied.

Die tegniese voordele van 'n groter mark is in die eerste en belangrikste plek in die organisasie van die produksiestruktuur geleë. 'n Groter mark open die weg na massa-produksie - die vervaardiging van 'n besondere soort produk teen 'n konstante tempo en in groot hoeveelhede.

Dit/...

Dit is dus moontlik om te verseker dat uitrusting en masjinerie ten volle benut word.

n Groter mark laat ook n baie groter mate van spesialisasie toe. n Ondernemer wat van n groot aantal verbruikers verseker is kan die voordele van spesialisasie geniet sonder om noodwendig uit te brei. Voor die totstandkoming van die E.E.G. was dit in die klein Belgiese mark byvoorbeeld onmoontlik om n motornywerheid daar te stel. Nou egter is dit vir België moontlik om een van die prosesse van motorproduksie te onderneem. Die spesialisasie van werkers, gereedskap en bemarkingskanale dra by tot sowel volle benutting van arbeid en masjinerie as die meer rasionele toedeling hiervan, gesien vanuit die standpunt van groter doeltreffendheid en laer produksiekoste. Om te spesialiseer het n onderneming die versekering van n groot en stabiele mark nodig, anders het hulle nie die versekering dat die koste verbonde aan navorsing, opleiding en die proefnemings wat daarmee gepaard gaan, gedeek gaan word nie.

ii) Ekonomiese voordele.

Massa-produksie en spesialisasie neig om die produksiekoste wesenlik te verminder. Hierdie verminderde produsiekoste sal egter nie in laer verkooppriese weerspieël word so lank as wat die produsente beskerm word nie. Dit is dus mededinging wat verseker dat die voordele wat die produsente as gevolg van n groter mark verkry uiteindelik by die verbruiker uitkom. In werklikheid vergroot hierdie soort mark die moontlikheid dat mededinging so veel as moontlik plaasvind; daar is minder waarskynlikheid van skaarswaarde; daar is meer geleentheid vir mededinging en dit is nie so maklik vir n produsent om sy mededingers uit te skakel of met hulle ooreen te kom om die mark te beheer nie.

Afgesien daarvan dat die groter mark die nywerhede in staat stel om meer moderne produksiestelsels daar te stel, verseker n groter mark ook n beter distribusie van funksies tussen die verskillende streke. Deur die vrye beweging van grondstowwe, mannekrag en kapitaal te waarborg, neig dit om die distribusie van ekonomiese aktiwiteite/...

aktiwiteite in ooreenstemming met die vereistes van produktiwiteit te bring; dit word makliker om geld te leen; daar is minder fluktuasies in bemarking en dus minder onsekerheid oor uitbreiding, veral wat die landbou betref. Faktore soos kernkrag wat groot kapitaal vereis en vir afsonderlike lande buite die kwessie is, kan onder sulke omstandighede wel gerealiseer word. Hierdie samestelling van markte, gerugsteun deur die samestelling van produktiewe bronne, is 'n beslissende faktor in die versnelling van ekonomiese groei.

Die ekonomiese groei wat so ontstaan begin dan kumulatief werk. Toenemende verbruik gee aanleiding tot stygende investering. Dit veroorsaak prysverlaging en loonsverhoging wat op sy beurt weer tot algehele verhoging van koopkrag lei.

C. Verhoging van lewenstandaard.

Al bogenoemde faktore werk 'n hoër lewenstandaard in die hand. Die ander voordele wat genoem is, is nie voordele in die ware sin van die woord voordat hulle nie die land met 'n hoër reële koopkrag laat nie. Dit kan dus beskou word as die heel grootste voordeel wat aan ekonomiese integrasie verbonde is.

D. Politieke voordele.

Ekonomiese integrasie veroorsaak dat die politieke bande tussen die betrokke lande in 'n baie groot mate versterk word. Die lande wat integreer kan in 'n ekonomiese en politieke blok ontwikkel en die magsewig in die wêreld verander. Dit kan aanleiding gee tot 'n baie nouer samewerking tussen die militêre magte van die verskillende lidlande en sodoende die verhoogde lewenstandaard versterk met 'n groter gevoel van sekuriteit in hierdie lande. Alhoewel politieke stabiliteit in 'n groot mate in die hand gewerk sal word is politieke onstabiliteit nie heeltemal uitgesluit nie.

Die meriete van ekonomiese integrasie kan egter nie net aan die hand van die voordele gevalueer word nie - ook die nadele moet in aanmerking geneem word.

IV./...

IV. Nadele van ekonomiese integrasie.⁽⁵⁾

Voordat die voordele wat aan ekonomiese integrasie verbonde is verkry kan word, is daar sekere probleme wat opgelos moet word. Indien daar in die praktyk nie n oplossing vir hierdie probleme gevind kan word nie, het hulle n baie nadelige uitwerking op die saak - as die hele saak nie daardeur verongeluk word nie.

A. Beleidsimplikasies.

i) Handelsbeleid.

Dit is duidelik dat n ekonomies geïntegreerde gebied alle tariewe tussen die lidlande in die ban moet doen. Dit was voorheen feitlik die enigste vereiste vir ekonomiese integrasie. Vandag egter behels die totstandkoming van ekonomiese integrasie die opheffing van alle maatstawwe wat geneem is om internasionale handel te beperk. Dit hou dus veel meer as net die opheffing van tariewe soos in die verlede in. Om dit te verkry is n eenvoudige handelsbeleid nodig. / Om die verskillende lidlandese handelsbeleid tot een besondere beleid saam te snoer is egter n moeilike taak. / Die verskillende lande sal bereid moet wees om hulle individualiteit prys te gee en sodoende baie van hulle soewereine magte aan n sentrale liggaam af te staan. Dit kan dus gebeur dat individuele lande nadelig getref gaan word, alhoewel dit vir die lidlande as n geheel voordelig gaan wees. Die vraag is egter of die lande wat nadelig getref gaan word die saak so sal insien en of hulle gaan weier om met die reëlings in te val. Hierdie toestand kan sommer van die begin af probleme laat ontstaan. Dit moet egter onthou word dat die persone in die lande wat nadelig getref gaan word nie n baie groot groep vorm nie, alhoewel hulle wel van besondere belang in hulle afsonderlike kiesafdelings is.

n Streek waar ekonomiese integrasie plaasvind word onder andere gekenmerk deur die verwydering van in- en uitvoerbelasting wat die streek as n geheel betref asook deur fiskale selfbestuur van die verskillende lede.

Dit/...

(5) Sannwalt, R. & Stohler, J., Ibid.

Dit kan egter nie sonder meer aangeneem word dat handelsversteurende motiewe nie meer binne die streek aan die werk is nie omdat die nasionale belastingstelsel steeds die vloeï van internasionale handel beïnvloed. Hoe meer handelsobstruksies verwyder word, des te groter sal die versteurende effekte (as gevolg van algemene en verbruiksbelasting) wees. Selfs inkomstebelasting kan hier n invloed uitoefen. ⁽⁶⁾

Dit is dus duidelik dat belastings n groot probleem in die verband is en indien belastings nie noukeurig beheer word nie, kan dit n baie nadelige uitwerking op sekere lande hê. Die grootste gedeelte van die probleem sal hom egter net by die oorgangstadium voordoen.

ii) Monetêre beleid. ⁽⁷⁾

Die verskillende lidlande het normaalweg voor die totstandkoming van integrasie min of meer afsonderlike geldstelsels, waarop dan sekere beperkings gelê word. Na die totstandkoming van integrasie behoort hierdie valutas egter verwisselbaar te wees. Diè posisie kan veroorsaak dat daar ongesonde kapitaalbewegings tot stand kom. Geld kan byvoorbeeld beweeg van minder winsgewende maar meer noodsaaklike bedrywe na meer winsgewende maar minder noodsaaklike bedrywe.

Dit kan gebeur dat op die oomblik wanneer integrasie in werking tree, die kredietstand van die verskillende lande se banke nie ooreenstem nie. Dit veroorsaak dat deposito's van een deel van n geïntegreerde streek na die ander sal dryf. Waar die land wat deposito's verloor dit deur verhoogde rentekoerse probeer teenwerk sal deflasie ontstaan, wat vooruitgang in die wêreld sal ry. In die geval is dit dus noodsaaklik om die kredietstruktuur van die besondere land te versterk deur gebruik te maak van óf n algemene struktuursverandering waar nodig óf deur n ooreenkoms waarvolgens die nasionale banke van die lande wat die deposito's in ontvangs neem, onderneem om die
deposito's/...

(6) Deniau, J.F. The common market. The Stellar press Ltd., Union Street, Barnet, 1960. p. 11-16.

(7) Department of economic affairs, United Nations, Customs Unions, Lake Success, New York. 1947. p. 66-68.

deposito's - of in elk geval n gedeelte daarvan - aan hierdie land terug te leen.

Probleme mag ontstaan, nie net as gevolg van die verskille in die verskillende lande se kredietstatus nie maar ook as gevolg van die verskille in rentekoerse wat gevra word. Hierdie verskynsel kan dan ook enige tyd gedurende die streek se stadiums van integrasie voorkom. Binne sekere perke is bewegings van hierdie aard n gesonde verskynsel wat sake stimuleer waar toestande die gesondste is. Wanneer rentekoerse egter nie soseer aan die natuurlike voordele om sake te doen toe te skryf is nie, maar mededingend tussen die verskillende monetêre owerhede, bevat dit n steurende element wat uiteindelik die wisselkoers- en valutastabiliteit van een of meer lede mag beïnvloed.

Verder is daar ook die moontlikheid dat van die lidlande hulle geldeenhede om betalingsbalansredes sal laat devalueer. Devaluasie het in werklikheid dieselfde effek as n ad valorem belasting. Dit kan ook gebeur dat wisselkoerskontrole gebruik word om die volume van sekere invoer of sekere klasse kommoditeite te beperk. Indien dit gebeur sal goedere die betrokke land via die ander lande wat lede van die geïntegreerde streek is, binnekom. Die doel van die kontrole, naamlik om die betalingsbalans te beskerm, sal dus nie bereik word nie. Met die eerste oogopslag lyk dit of n ooreenkoms tussen die lede, dat geen lid van die maatreëls gebruik sal maak sonder die ander se toestemming nie, die oplossing is. So n ooreenkoms sal egter aanleiding gee tot n deflasionistiese druk op die land met die swak valuta.

Dit is duidelik dat genoemde faktore nie sonder meer oor die hoof gesien kan word nie. Dit word ook duidelik dat baie van hierdie implikasies nie soseer daarin geleë is dat hulle nie opgelos kan word nie, maar dat hulle tydig en ontydig hulle opwagting kan maak en die hele saak verongeluk. Dit is egter ook so dat die probleme, namate die streek langer geïntegreer is, minder gevaarlik sal wees. Dit skakel die gevaar egter gladnie uit nie.

B. /...

B. Die beweeglikheid van arbeid.

Waar ekonomiese integrasie plaasgevind het moet dit vir arbeid in die betrokke streek moontlik wees om heeltemal vrylik te beweeg. Die vraag is nou of dit sal gebeur en indien dit wel sou gebeur of dit enige voordele sal inhou. Die verskillende nywerhede gaan uit die aard van die saak aan verskuiwings onderworpe wees. Indien arbeiders nie saam met die nywerhede gaan beweeg nie gaan werkloosheid in die hand gewerk word. Oorwegings soos taal, sentiment en godsdienſ kan veroorsaak dat baie van die werkers nie geneë sal wees om te verskuif nie. Die vermorsing van arbeid wat hierop sal volg kan die lidlande beslis nie tot voordeel strek nie. Maatreëls wat getref kan word om hierdie probleem uit te skakel is om

i) die werkers se aftreeouderdom te vervroeg en/of

ii) hulle op te lei vir ander werk en/of

iii) dit vir hulle maklik te maak om van werk te verander. Dit sal meebring dat verhuisingskoste, opleidingskoste en die oordrag van sosiale voordele soos pensioenfondse en siekefondse gedra sal moet word. Dit kan ook meebring dat kiesers wat per slot van sake werkers in hulle kiesafdeling bly en lojaliteit teenoor hulle land het, ongelukkig oor die toestand van sake sal wees.

Verder moet daarop gelet word dat oormatige spesialisasie as gevolg van massaproduksie werkers hulle eie inisiatief kan laat verloor.

Die verskillende lande se werkers verskil ook wat temperament betref en dit kan tot onenigheid tussen die werkers lei wat op sy beurt weer die tempo van produksie grootliks in die wiele kan ry.

C. Diskriminasie.⁽⁸⁾

Diskriminasie word volgens die teorie van ekonomiese integrasie, geheel en al uitgeskakel. In die praktyk gebeur dit egter maklik dat daar n vorm van bedekte diskriminasie voorkom. Diskriminasie op hierdie manier kan die maklikste aan die hand van die volgende voorbeelde aangedui word.

i) Land/...

(8) Sannwalt, R. & Stohler, J. op.cit. p. 73-76.

i) Land A kan die invoer van motorvoertuie beperk terwyl daar geen beperking op die invoer van graan is nie. Op die oog af lyk dit of hier geen diskriminasie plaasvind nie. In werklikheid is dit egter so dat land C hoofsaaklik motorvoertuie vervaardig terwyl land B hom op die produksie van graan toespits. Die beperking sal land B dus nie raak nie terwyl land C wel daardeur benadeel sal word. Wat hier gebeur is dat die produk waarteen gediskrimineer word so omskryf word dat dit slegs sekere lande te na sal kom.

ii) n Ander voorbeeld van diskriminasie kom voor wanneer belastings op n spesifieke basis in plaas van n waardebasis gehef word. Die probleem hier is om die graad van invoerbeperkings van die verskillende goedere te bepaal.

iii) Dit kan ook gebeur dat invoerlisensies nie volgens waarde nie, maar volgens kwantiteit bepaal word. Lande wat die naaste aan n besondere steek geleë is sal voordeel ten koste van ander lande trek.

Dit kan dus maklik gebeur dat daar n bedekte vorm van diskriminasie voorkom. Dit is egter nie baie waarskynlik nie omdat lande wat integreer nie normaalweg teen mekaar wil diskrimineer nie.

D. Politieke omstandighede.

Ekonomiese integrasie word in baie gevalle deur politieke oorwegings gemotiveer. Dit kom dus eintlik neer op politieke toenadering wat ekonomies geregverdig is. Politiek is egter aan heelwat onstabiliteit onderworpe - die regerings wat die ooreenkoms sluit is nie altyd seker dat hulle aan bewind gaan bly nie. Ander regerings wat aan bewind mag kom mag miskien nie dieselfde beleid met betrekking tot die ooreenkoms hê nie. Volgens die definisie van ekonomiese integrasie is een van die vereistes dat daar onderlinge samewerking tussen die lidlande moet wees. As een van die lande dus dwarstrek kan dit die hele saak verongeluk. Indien so n regering dit miskien sou regkry om die hele saak te verongeluk, of as die ooreenkoms om die een of ander rede tot niet gaan, kan die gevolge verreikend wees/...

wees. Die lande wat gewoond geword het aan die manier van sake doen, se ekonomiese strutuur gaan aan veel aanpassing onderworpe wees.

V. Slot.

Dit wil dus voorkom asof daar groot voordele aan ekonomiese integrasie verbonde is. Die voordele daaraan verbonde is baie aantreklik en regverdig al die moeite wat daarmee gepaard gaan. Die meeste nadele daaraan verbonde is net van tydelike aard en slegs opmerklik gedurende die eerste paar jaar of die oorgangsperiode. In die meeste, indien nie al die gevalle nie is dit moontlik om die nadele te oorbrug. Ook is dit so dat hoe ouer die ooreenkoms word, des te minder is die geleentheid vir 'n fatale probleem. Dit is veral landbou en betalingsbalansprobleme wat moeilikheid kan veroorsaak. Hier is dit veral die snelheid waarmee opgetree gaan word wat van belang is. Die snelheid van optrede word bemoeilik deur die groot aantal lede.

Tot dusver is nog nie aandag aan integrasie in die praktyk gegee nie. Om die saak nader toe te lig word daar nou oorgegaan tot 'n bespreking van die ekonomiese integrasie in Wes-Europa, met besondere verwysing na die in- en uitvoer van die Europese Ekonomiese Gemeenskap in afdeling B.

HOOFSTUK II.

EKONOMIESE INTEGRASIE IN WES-EUROPA.

I. Inleiding.

In hierdie hoofstuk word ekonomiese integrasie in Wes-Europa van naderby beskou. In die eerste plek word nagegaan waarom ekonomiese integrasie tussen hierdie lande ontstaan het. Dit was, soos in hierdie hoofstuk baie duidelik sal blyk, 'n evolusieproses waarmee baie jare gelede al begin is. Hierdie evolusieproses word aan die hand van die geskiedkundige verloop kortliks geskets. As 'n integrale gedeelte van hierdie geskiedenis word die E.E.G. se geassosieerde gebiede dan ook onder oë geneem - veral waarom die assosiasie ontstaan het.

Voorts word aandag gegee aan die Verdrag van Rome se doelstellings en in welke mate die lidlande aan die vereistes van integrasie in die algemeen voldoen.

Dit sal ook uit hierdie hoofstuk blyk dat daar in Europa twee ekonomiese magsblokke is. Tussen hierdie twee bestaan daar 'n paar groot verskille wat van die allergrrootste belang vir Wes-Europa se toekoms kan wees.

II. Ekonomiese integrasie in Wes-Europa tot en met die ontstaan van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Tydens die Romeinse Ryk was daar al neigings tot ekonomiese integrasie. Afgesien daarvan dat dit, wat die beginsel van die saak betref, ooreenstem met integrasie soos ons dit ken, is dit nie van veel betekenis nie. Dit sou van veel meer betekenis wees om by die vorms van integrasie wat in die agtiende eeu voorgekom het te begin.

A. Agtiende eeuse beradering.⁽¹⁾

Die Anglo-Franse handelsooreenkoms van 1786 was een van die vernaamste van die agtiende eeu. Dit het die begin van die verbreking met die ou stelsel van beskerming wat toe reeds lank in gebruik was aangedui. Dit was dan ook die begin van 'n verbreking met die stelsel wat tot op daardie tydstip as die enigste stelsel waarmee internasionale handel beheer kon word beskou was. Dit het ook

die/...

(1) Henderson, W.O. The genesis of the common market, Quadrangle books, Chicago. 1962. p. 44-55.

die begin van n ernstige poging om die vyandskap tussen die Verenigde Koninkryk en Frankryk te beëindig aangedui. Engelse geskiedskrywers het egter nie veel oor hierdie saak geskryf nie, waarskynlik omdat dit uiteindelik misluk het.

Gedurende hierdie tydperk was daar in sowel die Verenigde Koninkryk as Frankryk neigings tot meer gunstige handelsbetrekkings tussen die twee lande, veral wat die liberalisasie van handel tussen hierdie twee lande betref. Die Fisiokrate en Adam Smith het wel hulle verskille gehad, maar het saamgestem dat handelsbeperkings n stremmende invloed op die handelsverkeer tussen die twee lande het en dus verwyder behoort te word.

Die ekonome het uiteindelik nie veel met die opstel van die ooreenkoms te doene gehad nie maar het tog n invloed op die algemene opinie uitgeoefen. Die twee lande was eintlik meer deur oorwegings van n meer praktiese aard beïnvloed. In die eerste plek wou altwee lande n groter inkomste hê omdat beide skuld gehad het. Tweedens was politieke oorwegings ook van belang. Albei het van hulle vernaamste kolonies verloor en het ingesien dat dit hulle nie gaan baat om in hulle tradisionele geskille te volhard nie.

Eden het gedurende April 1786 na Frankryk gegaan en gou met Rayneval tot n ooreenkoms gekom. Aan die Engelse kant het goedkeuring nie so gou gevolg nie. Die ooreenkoms is op 26 September 1786 onderteken en het in Mei 1786 in werking getree. Hierdie ooreenkoms het vir minder as ses jaar in werking gebly (Mei 1787 tot Januarie 1793).

Hierdie handelsooreenkoms dui die einde van n belangrike fase in die handelsbetrekkings tussen die Europese state aan. Tot op hierdie stadium is aangeneem dat beperkings en hoë tariewe die weg tot voorspoed is. Omdat die twee lande bereid was om die proefneming te maak was hierdie ooreenkoms n stap in die regte rigting. Die proefneming was egter van korte duur en het gedurende die oorloë van 1793 tot 1815 ten einde geloop toe weer van beperkings en hoë tariewe gebruik gemaak is.

Hierna/...

Hierna was dit nie voor 1860 dat Cobden en Chevalier in die voetstaple van Eden en Rayneval gevolg het en n ander ooreenkoms opgestel het wat met handelsbeperkings weggedoen het nie.

B. Negentiende eeuse benadering.⁽²⁾

Tot die middel van die negentiende eeu was die ruil van goedere tussen die Europese state in die wiewe gery deur belastings wat daarop gehef was. State het gepoog om selfonderhoudend te wees deur soveel as moontlik van hulle plaaslike produksie gebruik te maak. Beperkings en tariewe het plaaslike produksie aangehelp deurdat invoer daardeur beperk is. Ook is geskoolde arbeid nie toegelaat om die land te verlaat nie. Hierdie toestand het voortgeduur tot die regerings proefnemings begin maak het om te analiseer wat die gevolge van samewerking sal wees. Met die uitbreek van die Napoleontiese oorloë het hierdie fase ten einde geloop.

Na die bovermelde oorlog het die Pruisie die voortou geneem en van die tradisionele benadering ten opsigte van internasionale handel weggebreek. Die Pruisiese tarief van 1818 het baie min verband met die van die omliggende streke aldaar gehou. Daar is met die verbod op sekere goedere weggedoen en selfs grondstowwe was op die vrye lys. Vervaardigde goedere is met slegs 10 persent belas, wat nie veel was nie. Slegs n geringe aantal koloniale produkte is redelik swaar belas, waaronder wyn waarskynlik die vernaamste was. Deur hoë belasting op goedere wat deur die land gaan te hef is uitmuntende gebruik van die land se strategiese posisie gemaak. Die tariewe is gekritiseer omdat dit die Engelse produkte sou bevoordeel. Wat egter in werklikheid gebeur het was dat die plaaslike produsente hulle produkte in n baie groot mate verbeter het juis omdat hulle Engelse mededinging gevrees het. Indien die idee werklik so swak was as wat die kritiek wou voorgee, is dit moeilik om te begryp waarom die ander Duitse state dit so geredelik aanvaar het toe die Zollverein-tolunie tot stand gekom het.

Die/...

(2) Henderson, op.cit., p. 56-63.

Die totstandkoming van die Zollverein- tolunie het aanleiding gegee tot die verwydering van 'n groot aantal handelsbeperkings tussen die verskillende Duitse state wat hierby betrokke was. Die handelsbeleid van die tolunie is egter deur die volgende faktore bemocilik:

i) Omdat die Duitse invoerbelasting spesifieke en nie ad valorem belasting was nie, het die daling in pryse gedurende die jare 1820 en 1830 gelei tot 'n toename in balastings wat op 'n reële basis bereken word.

ii) Die agitasie van die proteksioniste onder die leiding van Friedrich List het nie net die neigings na tariefvermindering gesmoor nie maar selfs gelei tot die vermeerdering van belastings op wolgoedere en potyster.

Teen 1848 het die botsing tussen hierdie twee groepe 'n dooiepunt bereik. Die Verenigde Koninkryk hierteenoor het 'n leidende rol op die gebied van vryhandel gespeel.

In Europa het die vryhandelsbeweging in die jare na 1850 'n opflikkering getoon wat veral in Duitsland opmerklik was. Alle besluite in die Zollverein geneem moes egter eënparrig wees en het die beweging in Duitsland baie gestrem. In 1860 was dit egter Frankryk wat 'n begin met die verwydering van die beperkings wat Europa so lank gekniehalter het gemaak het. Frankryk het twee tariewe gehad; die Engelse is met 'n baie lae invoerbelasting bevoordeel, terwyl die ander lande nog aan die hoë belasting onderworpe was. In die geval van die Zollverein is 'n nuwe ooreenkoms met Frankryk gesluit toe die ooreenkoms in 1866 hernu is. Italië en 'n groep kleiner lande wat Switserland, Holland, België en die Skandinawiese lande insluit het deur middel van ooreenkomste tot die blok toegetree. Nooit voorheen het handel so vrylik as juis gedurende hierdie tydperk tussen die Europese state beweeg nie. Dit is hoofsaaklik deur bilaterale handelsooreenkomste moontlik gemaak. Geen poging is egter aangewend om multilaterale handelsooreenkomste aan te gaan nie. 'n Honderd jaar later is die probleem op 'n ander manier aangepak, toe daar 'n gemeenskap van ses van die Vastelandse state gestig is.

Omdat/...

Omdat daar heelwat faktore is wat ook n invloed op die verskillende lande se volkshuishoudings uitgeoefen het is dit moelik om n waardering van hierdie ekonomiese ooreenkomste te gee. Dit is byvoorbeeld moeilik om te sê of die wolnywerheid in Frankryk agteruit gegaan het as gevolg van die verminderde tariewe en of dit as gevolg van die Amerikaanse bugeroorlog was.

Een belangrike verskil tussen die pogings tot integrasie en diè van n honderd jaar later was dat integrasie in hierdie tyd slegs uit die verwydering van tariewe bestaan het terwyl daar n honderd jaar later velerlei ander maniere was om die handel te belemmer.

Kritici van die Euromark het somtyds die beswaar geopper dat verskille in nywerheidsdoeltreffendheid en lewenstandaard n belangrike nadeel van so n gemeenskaps-mark is. Die ondervinding van sowel die Duitse tolunie van 1834 en die ooreenkoms ten opsigte van lae tariewe wat gedurende die middel van die negentiende eeu gesluit is, toon egter aan dat dit nie so gevaarlik is as wat voorgegee word nie.

Vryhandel het egter nie lank aangehou nie en dit was slegs Engeland en n paar kleiner lande wat tot en met die Eerste Wêreldoorlog daarmee volgehou het.

C. Ekonomiese integrasie in die twintigste eeu.⁽³⁾

i) 1919 tot 1939.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het die geallieerde magte gou agtergekom dat ekonomiese samewerking net so belangrik as samewerking op militêre gebied is. Binne n paar weke nadat die oorlog uitgebreek het is daar tot sentrale aankope oorgegaan.

Die/...

-
- (3) i. Henderson, op.cit., p. 114.
 ii. Ellsworth, P.T. The international economy. New York, The Macmillan Company, August 1961. p. 421-444.
 iii. Korteweg, S & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, N.V. Noord-Hollandsche Maatschappij, Amsterdam, 1961. p. 271.

Die 1914-1918 oorlog is gevolg deur baie moeilike toestande sowel op die ekonomiese as die sosiale front. Lewensverlies as gevolg van die oorlog is op ongeveer 25 miljoen geskat. Die verwoesting op land en see, alhoewel van minder belang as die lewensverlies, was betekenisvol. Engeland het soveel as 7.75 miljoen ton aan handelskepe verloor, terwyl Frankryk steenkoolmyne en staalwerke moes herstel, Ook is groot ontwrigting deur die verskuiwing van landsgrense in die hand gewerk. Feitlik al die Europese lande het finansiële probleme gehad terwyl nasionale skulde gegroei het. Begrotings wou nie balanseer nie en geldeenhede het gedevalueer. Uiteindelik het dit duidelik geword dat die ekonomiese ontwrigting wat op die oorlog gevolg het baie meer skadelik as die oorlog self was.

Ekonomiese samewerking in die jare na die Eerste Wêreldoorlog is hoofsaaklik deur die masjinerie van die Volkerebond gedoen. Hierdie organisasie wat normaalweg uit 14 lede bestaan het, waarvan 5 permanent was en 9 getoeteer het, het uit n vergadering, n raad en n sekretariaat bestaan. Die vergadering het normaalweg een keer per jaar vergader waarna elke lidland drie verteenwoordigers gestuur het. Die Volkerebond het verder ook n hof van Justisie gehad waar sake van internasionale omvang deur regters verhoor is. Die een-en-twintigste en finale vergadering van hierdie organisasie is gedurende April 1946 gehou. Die werk van die organisasie is sederdien deur die Verenigde Volkere oorgeneem. Uit die staanspoor het die Volkerebond baie tekortkominge gehad. Aanvanklik was die V.S.A., U.S.S.R. en Duitsland nie lede van hierdie organisasie nie. Die organisasie het dus nie die gesag van n wêreldliggaam gehad nie. Die vernaamste funksie wat die Volkerebond verrig het was die bevryding van krygsgevangenis. Verder het die organisasie ook veel gedoen om Hongarye en Oostenryk op die been te help.

ii) 1940 tot 1950.

Die ekonomiese verliese gedurende die Tweede Wêreldoorlog was nog meer as wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog/...

Wêreldoorlog ondervind is. Die fyn meganisme van die Europese ekonomie is tot in sy fundamente geskud. Groot nywerheidsentrums en hawens is heeltemal buite werking gestel. Groot stede soos Rotterdam, Hamburg en Keulen is onherkenbaar geskend terwyl die hele vervoerstelsel ontwrig is.

Aanvanklik was oorskakeling van oorlogsproduksie na vredestrydse produksie feitlik geheel en al uitgesluit as gevolg van die gebrek aan geskoolde arbeid en genoegsame grondstowwe. Internasionale handel was stagnerant omdat die Europese state nie die middele gehad het om vir die grondstowwe en voedsel wat hulle voor die oorlog vir mens en dier ingevoer het te betaal nie. Ook op die gebied van landbou was toestande gladnie wat hulle moes wees nie. Die oorlog het die grond uitgeput en bemestingstowwe was dringend nodig. Verder het die gehalte van lewende hawe veel te wense oorgelaat.

Dit het duidelik geword dat slegs samewerking op internasionale vlak die probleem sou kon oplos. Een van die eerste stappe in hierdie rigting was die totstandkoming van die Benelux ekonomiese unie. Die eerste konvensies is gedurende 1943 en 1944 deur Nederland, België en Luxembourgh opgestel en onderteken. Hulle het ooreengekom dat die doeane-unie nie in werking sou tree voordat die finansiële, ekonomiese en sosiale beleid van die drie lande dit nie regverdig nie. Vanaf 1948 is daar met doeanetariere tussen België-Luxembourgh en Nederland weggedoen en 'n buitetarief teen derde lande ingestel. Die opheffing van tariere het veroorsaak dat die betrokke lande in toenemende mate met mekaar handel begin dryf het. Oor die algemeen was daar geen noemswaardige ekonomiese probleme nie, behalwe miskien met die Koreaanse oorlog, toe pryse in Nederland baie vinniger as in België gestyg het. Die enigste werklike stremmings het in die landbou ontstaan.

'n Verdere poging tot ekonomiese samewerking was die daarstelling van die U.N.R.R.A. (The United Nations Relief and Rehabilitation Administration). Hierdie beweging is daargestel met die doel om die probleme
wat/...

wat direk na die oorlog sou opduik te bekamp. Die werk van die U.N.R.R.A. was nie net tot die vrye state beperk nie, maar ook tot die state wat kon bewys dat hulle nie genoeg middele gehad het om in hulle noodsaaklike behoeftes te voorsien nie. Hierdie organisasie het wel veel gedoen om hongersnood te bekamp, maar nie juis tot die ekonomiese herstel van die verskillende lande bygedra nie.

Duitsland was voor die oorlog een van die sterkste lande in Europa. Na die oorlog egter het die besetters van Duitsland n aantal beperkings op Duitse produksie geplaas. Sommige van die nywerhede is selfs heeltemal ontbind. Die feit dat Duitsland na die oorlog deur sy voormalige vyande beperk is in sy ontwikkeling het hom heelwat in sy na-oorlogse ontwikkeling gestrem. Dit het Wes-Europa in sy geheel natuurlik ook benadeel.

Gedurende 1947 het die algemene posisie in Europa aanmerklik verswak as gevolg van die brandstofkrisis in die winter, asook die voedselkrisis wat die gevolg van n swak oes was. Die V.S.A. het besluit dat hernude pogings aangewend moet word om Europa weer op die been te kry.

Die Marshallplan het tot stand gekom en daar is besluit dat Europese state self moes besluit hoe hierdie hulp toegedeel sou word. Hierdie hulp is nie net aan die Wes-Europese state verskaf nie maar ook Rusland en sy satelliete. Laasgenoemde het egter die hulp geweier en gevolglik het net Wes-Europa hiervan gebruik gemaak. Gedurende Julie 1947 het verteenwoordigers van sestien Europese state n komitee vir Europese ekonomiese samewerking tot stand gebring. Die organisasie sou dan n herstelprogram daarstel wat sou poog om maniere te vind om nywerheids- en landbouproduksie te stimuleer. Ook moes die organisasie die verskillende lande se stabiliteit op ekonomiese vlak bevorder en poog om internasionale handel so glad as moontlik te laat verloop. Die belangrikste doel van hierdie organisasie was waarskynlik om die tekort op die Europese betalingsbalans ten opsigte van Noord-Amerika te probeer verminder. Dit is voorgestel dat hierdie organisasie die Marshallhulp sal administreer, maar Engeland het beswaar aangeteken omdat hy gevrees het dat Rusland die hele projek/...

projek sou verongeluk. Gevolglik is daar n nuwe liggaam - in April 1948 in die lewe geroep. Dié het bekend gestaan as die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking (O.E.E.S.) . Die doel van hierdie organisasie was om die V.S.A. met die versameling van inligting in verband met die Marshallplan behulpsaam te wees en nouer samewerking met mekaar in die hand te werk.

Een van die belangrikste prestasies van die O.E.E.S. was om die Europese Betalingsunie deur twee inter-Europese betalingskemas tot stand te bring gedurende 1948 en 1950. Die Unie het gedien as n klaringsunie tussen die lande van die O.E.E.S. en hulle oorsese gebiede en lande wat van dieselfde geldstelsel gebruik gemaak het. Deur die lede van n multilaterale verrekeningstelsel te voorsien het die Europese Betalingsunie hulle in staat gestel om trekkings op goud en harde valuta te beperk. Gedurende die eerste sewe jaar van sy bestaan is meer as 70 persent van die tekorte op bilaterale rekenings vereffen deur gebruik te maak van surplusse en ander bilaterale rekenings. Slegs 2,1 persent van die tekorte op bilaterale rekenings moes met goudbetalings vereffen word. Deurdat die Europese Betalingsunie die vereffening van rekenings makliker gemaak het, het hulle dit vir lede moontlik gemaak om van diskriminasie af te sien, wat n baie aktuele probleem was.

Een van die doelstellings van die O.E.E.S. was die liberalisasie van Europese handel. n Stap in die regte rigting was reeds in Geneve geneem met die totstandkoming van die A.O.T.H.(Algemene Ooreenkoms vir Tariewe en Handel) gedurende 1947. Hier is meer as 120 ooreenkomste met betrekking tot tariefvermindering gesluit. As dit nie was vir Engeland en die V.S.A. se onvermoë om gedurende hierdie onderhandelings tot n ooreenkoms in verband met hulle voorkeure, veral die Statebondsvoorkeure te kom nie, kon daar reeds n meer gevorderde stadium van samewerking bereik gewees het. In Maart 1962 het die V.S.A. egter tot n ooreenkoms met sowel die E.E.G. as Engeland gekom om hulle tariewe op n groot verskeidenheid van goedere te verminder.

Gedurende/...

Gedurende 1952 is die Marshallhulp aan Europa gestaak. Op hierdie stadium het die Europese Betalingsunie bevredigend gewerk en die vernaamste doelstellings van die O.E.E.S. vervul. Die organisasie het egter nie tot niet gegaan nie.

In hierdie tyd het die ooreenkomste wat op Bretton Woods tot stand gekom het, ook veel invloed uitgeoefen. Die hoofsaaklike doel van hierdie ooreenkomste was om tot die ewewigtige groei van die internasionale handel by te dra, ten einde langs hierdie weg die handhawing van 'n hoë peil van werkgeleentheid en reële inkome daar te stel, asook om die ekonomiese hulpbronne van die samewerkende lande te bevorder. Die verskillende middele wat gebruik is om hierdie doel te bereik was die volgende:

(i) Die skepping van 'n sentrum vir internasionale samewerking en oorleg.

(ii) Die stabilisasie van wisselkoerse.

(iii) Die daarstelling van 'n multilaterale betalingstelsel en die opheffing deviesebeperkings met betrekking tot die lopende betalingsverkeer.

(iv) Bestryding van onewewigtighede op die betalingsbalans.

(v) Die vergemakliking en bevordering van belegging en die beskikbaarstelling van fondse vir produktiewe doeleindes.

Punte een tot vier dek meer die gebied van die Internasionale Monetêre Fonds, terwyl die vyfde punt die taak van die Internasionale Bank vir Herstel en Ontwikkeling omskryf. Hierdie twee organisasies het veral gedurende later jare belangrik geword, in die besonder die Internasionale Monetêre Fonds (I.M.F.).

- Die volgende stap na die liberalisasie van internasionale handel was die totstandkoming van die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap.

iii) 1950 tot 1960.

In Mei 1950 het Robert Schuman met 'n plan voor die dag gekom waaraan twee doelstellings verbonde was.

In/...

In die eerste plek het hy beoog om die steenkool- en staalbedrywe in Frankryk en Wes-Duitsland onder dieselfde gesag te plaas. Die organisasie sou dan ook vir alle lande in Wes-Europa toeganklik wees. In die tweede plek het die plan behels dat met maatreëls wat die beweging van steenkool en staal in hierdie gebied beperk, mee weggedoen moet word.

Dit het die Verenigde Koninkryk slegs n paar weke geneem om te besluit dat hulle nie bereid was om die beheer van hierdie produkte aan n sentrale liggaam oor te dra nie. Byna twee jaar nadat hierdie plan opgestel was, het Nederland, België, Luxembourgh, Frankryk, Italië en Wes-Duitsland besluit om die plan in werking te stel.

Die ooreenkoms is op 18 April 1951 in Parys onderteken. Die kontrak was oorspronklik geldig vir vyftig jaar. Op 10 Augustus 1952 was die Hoogste gesag in die stad van Luxembourgh daargestel en op 10 Februarie 1953 het n vyfjaarplan begin waarvolgens die doelstellings van die ooreenkoms geleidelik uitgevoer sou word. In soverre dit steenkool, ystererts en afvalyster aangaan het die ooreenkoms onmiddellik in werking getree. In Mei 1953 is dit tot algemene staal uitgebrei en in Augustus 1954 is ook spesiale stalle daarby betrek.

Teen die einde van die oorskakelingsperiode in Februarie 1958 was daar reeds n aansienlike mate van sukses met die verwydering van beperkings op die handel in steenkool en staal behaal. Al wat nog nie plaasgevind het nie, was dat n enkele buitetarief van toepassing op die genoemde produkte van derde lande nog nie gehef is nie.

Teen die einde van die Steenkool- en Staalgemeenskap se eerste vyf jaar het dit duidelik geword dat dit nie so n sprong in die duister was as was aanvanklik gemeen is nie. In die evolusieproses na volkome integrasie was die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap een van die vernaamste fases, veral in die sin dat dit aangetoon het dat ekonomiese integrasie wel kan werk. Die volgende logiese stap was dan ekonomiese integrasie ten opsigte van alle produkte. Dit het werklikheid geword met die totstandkoming van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Kort/...

Kort na die totstandkoming van die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap het die Nederlandse regering 'n geleidelike vermindering op ander produkte se tariewe voorgestel. Druk van die V.S.A. se kant het egter veroorsaak dat die aandag hiervan afgelei is en voorlopig aan verdediging gewy is.

Met die uitbreek van die Koreaanse oorlog het die V.S.A. vereis dat Wes-Duitsland twaalf divisies vir die verdediging van Wes-Europa moes beskikbaar stel. Die Wes-Duitsers was egter nie baie geneë om te herbewapen voordat hulle nie as 'n soewereine staat erken is nie. Die Franse het beswaar gemaak teen sowel die herstelling van die Duitse leër as die toelating van Wes-Duitsland in die Noord Atlantiese Verdragsorganisasie (N.A.T.O.). Die enigste oplossing vir hierdie probleem was die daarstelling van 'n Europese leër wat deur 'n Europese Verdedigingsgemeenskap beheer sou word. Alhoewel 'n ooreenkoms in die verband deur die betrokke lande gesluit is, het die Franse regering dit uiteindelik verwerp. Hernude besprekings het gelei tot die totstandkoming van 'n Wes-Europese Unie met die Verenigde Koninkryk, Wes-Duitsland, Frankryk, Italië, Nederland, België en Luxembourgh as lede. Wes-Duitsland het sy steun aan die Weste se verdediging toegesê waardeur hy as 'n soewereine onafhanklike staat tot N.A.T.O. toegelaat is. Hierdie reëling is in Desember 1954 deur die Franse aanvaar ten spyte van die feit dat daar bepaalings in die ooreenkoms was waarmee hulle voorheen nie saamgestem het nie.

Die oplossing van die probleem van die herbewapening van Europa, deur die herbewapening van Wes-Duitsland het die weg vir 'n nuwe benadering ten opsigte van Europese integrasie oopgestel. Omdat dit wou voorkom asof die moontlikheid van verdere vordering ten opsigte van die O.E.E.S. en die Europese Betalingsunie nie baie waarskynlik was nie het die Ses⁽⁴⁾ wat op daardie stadium
al/...

(4) België, Wes-Duitsland, Frankryk, Italië, Luxembourgh, en Nederland.

al ondervinding van die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap gehad het, besluit om die saak op n wyer basis aan te pak. Een van die eerste probleme was of die ses lande slegs n doeane-unie sou stig en of hulle meer positiewe stappe sou neem om sodoende volkome ekonomiese integrasie van die ses lande se ekonomiese te verkry. Frankryk het n baie beskermende tarief gehad en was nie bereid om Wes-Duitse mededinging te trotseer tensy dit nie binne die raamwerk van n baie meer omvattende plan vir samewerking op ekonomiese en sosiale gebied sou plaasvind nie. Die Franse het soos gewoonlik gekry wat hulle nagestreef het.

Die Ministers van buitelandse sake van die Ses het in Julie 1955 in Messina ontmoet en verklaar dat die ontwikkeling van Europa volgens n algemene plan wat al die aspekte op ekonomiese en sosiale gebied moet insluit gaan geskied. Dit is ooreengekom dat, voordat die onderhandelings kan begin, daar n aantal vraagstukke was wat opgelos moes word. Hierdie vraagstukke het die volgende ingesluit:

- (i) Die tempo waarteen van beperkings ontslae geraak moes word.
- (ii) Die koördinasie van monetêre beleide.
- (iii) Hoe daar te werk gegaan sou word om te verseker dat arbeid gladweg in die Gemeenskap sou kon beweeg.
- (iv) Die daarstekling van n kode vir vrye mededinging.
- (v) Die skepping van n fonds wat dit ten doel sou hê om die onderontwikkelde gebiede in die Gemeenskap te ontwikkel.
- (vi) Daar moes voorsiening gemaak word vir maastawwe wat sou verseker dat lone en sosiale sekuriteit eenvormig is.

Dit het duidelik geword dat die afgevaardigtes wat in Messina was nie net n doeane-unie voor oë gehad het nie, maar dat hulle onderhandelings gemik was op die algehele integrasie van die ses volkshuishoudings.

n Kommissie/...

n Kommissie van deskundiges het nege maande in Val-Duchesse (naby Brussel) vergader om genoemde probleme te ondersoek. Hierdie deskundiges se verslag was in April 1956 gereed. Daarin het hulle verklaar dat die doelstellings van so n ekonomiese gemeenskap behoort te wees om n groot streek daar te stel wat n algemene handelsbeleid het, wat n sterk produktiewe eenheid sal vorm en wat n ewewigtige groei in die produksie sal aanhelp. Dit moet ook ten doel hê om die algemene lewenstandaard te laat styg en n harmonieuse groei van al die lede se ekonomiese te bewerkstellig. Die deskundiges het ook voorgestel dat die organisasie van die beoogde gemeenskap soortgelyk as die van die Steenkool- en Staalgemeenskap moet wees. Die verslag van die deskundiges onder die leiding van Spaak het egter nagelaat om sekere van die belangrikste probleme te bespreek. Voorbeelde hiervan is die handelsbeleid wat gevolg behoort te word in soverre dit die landboubeleid en kolonies van lidlande aangaan.

Gedurende Mei 1956 het die Ministers van buitelandse sake wat in Venesië vergader het, die verslag aanvaar. Dit was dan ook gedurende hierdie byeenkoms dat die Franse daarop aangedring het dat die kwessie van die lidlande se geassosieerde gebiede op die agenda geplaas word. Die deskundiges is toe gevra om n stigtingsakte vir die beoogde organisasie op te stel. Die deskundiges het probleme wat in die verband opgeduik het na die verskillende Ministers van buitelandse sake en staatshoofde verwys. Die staatshoofde se laaste byeenkoms het in Februarie 1957 in Parys plaasgevind en die ooreenkomste wat sowel die Ekonomiese Gemeenskap as die Atoomkraggemeenskap daargestel het, is gedurende Maart 1958 in Rome onderteken.

III. Die Verdrag van Rome en daarna.⁽⁵⁾

Die verdrag van Rome het n permanente Ekonomiese Gemeenskap daargestel wat uit die Ses bestaan het. Volgens die ooreenkoms sou alle handelsbeperkings geleidelik verdwyn. Om dit te bewerkstellig is daar voorsiening gemaak vir n oorgangsperiode van twaalf jaar, wat
in/...

(5) Henderson, op.cit., p. 160.

in drie fases opgedeel is. Gedurende elke fase word daar dan meer van die beperkings opgehef. Die liberalisering was ook nie net tot goedere beperk nie, maar het ook arbeid en kapitaal ingesluit. Ten einde werklike regverdige mededinging binne die Gemeenskap te verseker, is daar in die verdrag sekere bepalinge met betrekking tot die aanname van 'n algemene vervoerbeleid, die beheer van kartelle, gelyke betaling aan vroue en die hervestiging en opleiding van werkers wat werkloos geraak het as gevolg van die totstandkoming van die Gemeenskap, gemaak.

Die verskillende E.E.G.-lande se groei na die totstandkoming van die organisasie het selfs lede van die Gemeenskap verbaas. Gedurende die tydperk 1957 tot 1960 het die bruto volksproduk van die E.E.G. met 15 persent toegeneem in vergelyking met die Verenigde Koninkryk se 10.8 persent. Terselfdertyd het die nywerheidsomset met 24 persent vergeleke met die Verenigde Koninkryk se 15 persent gegroei. Alhoewel die handel tussen die lede gedurende 1959 met 19 persent en in 1960 met 'n verdere 25 persent gestyg het, was daar geen afname in die handel met die res van die wêreld nie.

Die uitbreiding van die verskillende lidlande se volkshuidhoudings was so snel dat daar na 'n sekere tydperk besluit is dat daar gouer met die beperkings weggedoen sou kon word as wat aanvanklik gemeen is. Op hierdie stadium het sakelui en nyweraars ook entosiasies geword wat die handel nog verder aangehelp het.

Gedurende die eerste vier jaar van die E.E.G. se bestaan het die lede te doene gehad met 'n aantal belangrike en moeilike probleme. Hulle moes 'n landboubeleid uitwerk, 'n beleid ten opsigte van kartelle uitwerk en bepaal wat hulle toekomstige beleid ten opsigte van politiek sou wees. Gedurende Junie 1960 het die Ekonomiese Kommissie die fundamente vir 'n toekomstige landboubeleid gelê. Volgens dié beleid sou daar verskillende bemarkingsorganisasies in die lewe geroep word, wat die taak sou hê om te sorg dat daar uiteindelik eenvormige pryse vir landbouprodukte dwarsdeur die E.E.G. sou wees. Die uitgestrekte onderhandelings het in Januarie 1962 ten einde geloop toe/...

toe die besonderhede ten volle uitgewerk was.

Dit was egter nie net die Ses wat in ekonomiese samewerking belang gestel het nie, ander lande in Europa het die waarde van ekonomiese samewerking ook ingesien. Die gevolg was die totstandkoming van die Europese Vryhandelsgebied (E.V.H.V.). Die mislukking van die poging om n vryhandelsgebied wat uit al die lede van die O.E.E.S. sou bestaan te skep, het veroorsaak dat die Verenigde Koninkryk gedurende Julie 1959 voorgestel het dat n vryhandelsgebied wat die E.E.G. uitsluit gestig moet word. Die voorstel het by sekere lande byval gevind en in Januarie 1960 is n ooreenkoms tussen die Verenigde Koninkryk, Denemarke, Swede, Noorweë, Oostenryk, Switserland en Portugal in Stockholm gesluit. Die lede van hierdie organisasie het besluit dat hulle hul tariewe op min of meer dieselfde manier as die E.E.G. sou verminder. Daar was geen algemene eksterne tarief nie omdat die organisasie se uiteindelijke doel nie ekonomiese unifikasie was nie. Die basiese fout van hierdie organisasie was dat die lede se huishoudings nie komplementêr was nie.

IV. Die Europese Ekonomiese Gemeenskap se geassosieerde gebiede.

Die kwessie van assosiasie is deur die Franse aangeroer. Die Franse het dit gedoen omdat sy oorsese gebiede sonder assosiasie nie hulle produkte onder dieselfde voorwaardes as voorheen aan hom sou kon lewer nie. Afgesien van assosiasie was daar twee maniere waarop die probleem onseil kon word.

(i) Die lede met oorsese gebiede kon die gebiede, wat handelsbeleid betref as derde lande beskou. Dit was vir Frankryk nie net om politieke redes onmoontlik nie maar sou ook die volkshuishoudings van sy Afrika-state in gevaar stel.

(ii) Die tweede moontlikheid was dat die huidige stelsel behou word en dat daar dan n oorsprongsverklaring by goedere wat ingevoer word gevoeg word. Hierdie stelsel was onaanvaarbaar omdat dit teen die hele wese van die E.E.G. sou indruis.

In/...

In artikels 131-136 van die vierde deel van die Verdrag van Rome is daar toe voorsiening gemaak vir geassosieerde gebiede. Die duur van die assosiasie is as onbeperk gestel omdat die Verdrag se duur as onbeperk gestel is. Volgens artikel 131 is die algemene beginsel van die assosiasie die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die gebiede asook die bevordering van die betrekkinge tussen hierdie gebiede en die E.E.G.-lande.

Bylaes IV en V van die Verdrag se vierde gedeelte gee n lys van die gebiede waarop die bepaling van toepassing sal wees. Die gebiede is soos volg: Frans Wes-Afrika (wat Dahomey, Mauritanië, Niger, Opper-Volta, Senegal, Soedan, Guinea en die Ivoorkus insluit), Frans Ekwatoriaal-Afrika (wat die Middel-Kongo, Oebangi-Tsjarie, die Tsaadgebied en Gabon insluit), Saint-Pierre, Miquelon, die Komore argipel, Madagaskar, Frans-somaliland, Nieu-Kaledonië, die Franse nedersetting in Oseanië, die Suidpoolgebiede, die Republiek Togo, die Frans bestuurde trustgebied Kameroen, die Belgiese-Kongo, Ruanda-Urundi, die Italiaans bestuurde gebied van Somaliland en Nederlands Nieu-Guinea.

V. Slot.

Dit wil dus voorkom asof die idee van die E.E.G. nie uit die lug gegryp is nie maar die resultaat is van n idee wat al baie jare bestaan het. Hierdie soort van organisasie kan egter nie net in n dag of jaar ontstaan nie omdat dit aan n evolusieproses gebonde is. Dit was dan ook die geval met die E.E.G. Die idee was altyd daar maar die mense wat die organisasie in die lewe wou roep moes eers leer om saam te werk. Die vermoë om saam te werk het met die verloop van tyd meer en meer ontwikkel en uiteinde-lik kon lande mekaar vind. Hierdie samewerking is natuurlik in n groot mate uit noodsaak gebore. Dit word veral duidelik wanneer die lande se posisie na die afgelope oorlog nagegaan word. Uit hierdie hoofstuk blyk dit ook dat die E.E.G. sy ontstaan in n groot mate aan Benelux en die Europese Steenkool- en Staalgemeenskap te danke het.

Die/...

Die aandag is tot dusver by die begrip ekonomiese integrasie en hoe dit in Wes-Europa ontwikkel het tot en met die totstandkoming van die Europese Ekonomiese Gemeenskap bepaal. Om die E.E.G. van naderby te beskou en die invloed van dié organisasie op die verskillende lande se in- en uitvoer na te gaan word daar nou oorgegaan tot 'n ontleding van die posisie van die afsonderlike E.E.G.-lande en die Republiek van Suid-Afrika.

AFDELING B.

HOOFSTUK III.INLEIDING.

In afdeling A is ekonomiese integrasie bespreek asook n kort geskiedkundige oorsig van ekonomiese integrasie tot en met die totstandkoming van die Europese Ekonomiese Gemeenskap, verstrekkend. In afdeling B word die lidlande van die E.E.G. vervolgens afsonderlik bespreek in die lig van die doelstelling van die skripsie soos in die algemene inleiding uiteengesit.

In hierdie hoofstukke word n evaluering gemaak van die invloed wat die E.E.G. op die lidlande van die E.E.G. se buitelandse handelspatroon uitoefen. Vooraf word daar eers gelet op enkele van die vernaamste struktuursverskynsels wat voor die totstandkoming van die E.E.G. in hierdie lande aanwesig was. Dit is van belang in die opsig dat hieruit afgelei kan word in hoe n mate hierdie lande van hulle buitelandse handel afhanklik was voor die totstandkoming van die E.E.G.

Vervolgens word die verandering van die lande se handelspatroon aangedui deur, soos in die algemene inleiding vermeld, hoofsaaklik van persentasies gebruik te maak.

Om die moontlike veranderings in die handelspatroon te beklemtoon word daar vergelykings nie net met die ander E.E.G.-lande nie, maar ook met ander lande van die wêreld gemaak. Sodoende kan vasgestel word of hierdie ander lande n kleiner proporsie van die individuele E.E.G.-lande se buitelandse handel hanteer het sedert die totstandkoming van die E.E.G. Die lande buite die E.E.G. wat in die tabelle aangedui word is nie noodwendig die vernaamste handelsvennote van die E.E.G. nie. Oor die algemeen word die belangrikste handelsvennote van die E.E.G. egter ingesluit.

Soos in die algemene inleiding aangedui, word ook in die geval van die Republiek van Suid-Afrika van persentasies gebruik gemaak. Hier word Suid-Afrika se handel met die E.E.G. meestal as persentasies van Suid-Afrika/...

Afrika se in- en uitvoerhandel uitgedruk. Ook word van Suid-Afrika se ander belangrike handelsvennote hier vermeld. Dit word gedoen om n aanduiding te gee van die belangrikheid van sekere lande buite die E.E.G. vir Suid-Afrika. Ook word in hierdie hoofstuk na aanleiding van die Verenigde Koninkryk se moontlike toetrede tot die E.E.G. n baie kort evaluasie van Suid-Afrika se afhanklikheid van die Britse mark vir sekere seksies produkte gemaak. Die waarskynlikheid van Britse toetrede word ook kortliks behandel.

By die interpretasie van die syfers in hierdie afdeling moet steeds in gedagte gehou word dat enige groot uitbreidings in die lande vermeld se buitelandse handel nie noodwendig aan die totstandkoming van die E.E.G. toegeskryf moet word nie. Wat wel van belang is, is om n aanduiding te verkry van hoedanig die E.E.G.-lande en Suid-Afrika se handelspatroon na die totstandkoming van die E.E.G. onderling en andersins verander het.

HOOFSTUK IV.

BELGIË-LUXEMBOURGH⁽¹⁾I. Enkele aspekte van die handelstruktuur.A. België.⁽²⁾

België, wat ten tye van die totstandkoming van die E.E.G. n bevolking van ongeveer nege miljoen gehad het, was die eerste land op die vasteland van Europa om te industrialiseer. So ver terug as die Middeleeue was die eerste nywerheidsdorpe hier te vinde. Hierdie nywerheidsdorpe het ontstaan as gevolg van die tekstielgoedere wat daar vervaardig is asook die seevervoer wat België onderneem het. Met die tekstiel- en metaalbedrywe as basis het die industriële rewolusie met rasse skrede vooruit gegaan, in elk geval net so vinnig as wat politieke toestande dit toegelaat het. Heel van die begin af was België van sy nywerheidspotensiaal bewus. Dit blyk baie duidelik as in aanmerking geneem word dat hulle die eerste spoorwegnetwerk in Europa gehad het. Teen die einde van die negentiende eeu het die ontwikkeling van die verskillende verbeterde tegnieke om staal te produseer en veral die Thomasproses veroorsaak dat die Belgiese ekonomie nog sneller uitgebrei het. Hierdie uitbreiding was so heftig dat daar n steenkooltekort ontstaan het.

Die Eerste Wêreldoorlog het hierdie basiese vooruitgang onderbreek en gedurende die tydperk 1920 tot 1940 was die Belgiese ekonomie redelik onstabiel. As gevolg van die oorlog was die meeste mense asook die owerhede nie baie gretig om die probleme wat ontstaan het op te los nie; hierby was natuurlik veral die probleem van inflasie betrokke. Die land se valuta is eers in 1927 gestabiliseer terwyl inflasie eers in 1929 onder beheer gebring is. Gedurende die depressie het België vir n besondere lang tyd die goudstandaard gehandhaaf. Hierdie streng monetêre beleid na n besondere lang tyd van slapte het veroorsaak dat/...

-
- (1) België en Luxembourg word as n geheel behandel omdat hulle ekonomies baie ineengestrem is.
- (2) European Economic Community Commission, Report on the economic situation in the countries of the community, September 1958, Brussels. p. 233-238.

dat n groot nywerheidsdepressie ontstaan het wat die hele bankstelsel tot in sy fundamente geskud het. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Belgiese ekonomie die produksiepeil van 1929 net oorskry.

Direk na die oorlog het België n beleid van n middeleg tussen deflasie en inflasie gevolg. Die stabilisasie van pryse en lone wat na 1918 elf jaar geduur het, het na 1945 net drie jaar geneem. Hierdie toestand was te danke aan die streng maatreëls wat teen inflasie geneem is. Terselfdertyd het die maatreëls veroorsaak dat die betalingsbalans in ewewig gebring kon word. Die afname in die internasionale handel as gevolg van die depressie van 1931 het die Belgiese ekonomie so sleg geaffekteer dat die Belgiese regering na die oorlog vasbeslote was om die liberalisering van die internasionale handel met alle middele tot sy beskikking in die hand te werk en te bevorder. Hierdie voorneme het hulle dan ook gerealiseer deur die ooreenkomste van Benelux (1944), O.E.E.S. (1948), die Steenkool- en Staalgemeenskap (1952) en die E.E.G. (1958) te onderteken.

Die owerhede het ook grootskaalse pogings aangewend om volle indiensname te verkry deur openbare werke, deur die bevordering van die boubedryf en aanmoediging van belegging in die nywerhede.

B. Luxembourg.⁽³⁾

Ten spyte van min steenkool het die land n sterk staalnywerheid opgebou. Die plaaslike mark is klein en staaluitvoer feitlik die enigste uitvoerprodukt van enige betekenis. Omdat die land in n baie groot mate op buitelandse handel aangewese is, is dit van besondere belang. Dit word veral duidelik wanneer Luxembourg se produksie in verhouding met sy uitvoer gestel word. Gedurende 1952 en 1956 het die land onderskeidelik 84 en 78 persent van sy nywerheidsproduksie uitgevoer. Die uitvoer van yster en staal is verreweg die vernaamste en word dan
ook/...

(3) European Economic Community Commission, op.cit., p.423-428.

TABEL 1

LUXEMBOURGHE IN- EN UITVOER AS PERSENTASIE VAN DIE BRUTO VOLKSPRODUK VIR 1952 en 1956.

	1952	1956
Bruto volksproduk teen markpryse (in milj. B. Fr.)	17,945	20,296
Invoer van goedere (in milj. B. Fr.)	13,581	15,905
Invoer as persentasie van die bruto volksproduk	75.7	78.4
Bruto volksproduk teen faktorkoste (in milj. B. Fr.)	16,752	18,743
Uitvoer van goedere (in milj. B. Fr.)	16,880	17,795
Uitvoer as persentasie van bruto volksproduk teen faktorkoste (in milj. B. Fr.)	101.9	94.9

Bron: European Economic Community Commission, Report on the economic situation in the countries of the community, September 1958. Brussels. p. 443.

dwarsoor die wêreld bemark. Produkte van minder belang word net na die omliggende streke uitgevoer. Die enigste uitsondering in hierdie verband is leer, wat ook na lande wat geografies verder lê uitgevoer word.

In tabel I word Luxembourgh se in- en uitvoer uitgedruk as n persentasie van die bruto volksproduk. Uit hierdie tabel blyk Luxembourgh se afhanklikheid van buitelandse handel baie duidelik.

II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Die in- en uitvoer van België-Luxembourgh word deur deur tabelle 2 en 3 in hierdie paragraaf gedek. In tabel 2 word die invoer van hierdie gebied met die res van die wêreld se invoer vergelyk. Volgens hierdie tabel is n feitlik konstante jaarlikse toename sedert die totstandkoking van die E.E.G. in België-Luxembourgh se invoer waarneembaar - slegs gedurende 1958 was daar n afname. Dit is soos die tabel aantoon nie net n kwessie van n toename in die totale invoer nie maar ook n geval van n toename in die verhouding met die invoer van die res van die wêreld, veral na 1958, voor 1958 is geringe skommelings waarneembaar. In 1964 het n geringe daling ontstaan. Die vraag ontstaan nou of hierdie toenemende invoer, van die land se E.E.G.-vennote of van ander lande afkomstig is. Volgens hierdie tabel blyk dit dat die invoer van België-Luxembourgh as n persentasie van die E.E.G.-lande se invoer n dalende neiging toon terwyl die aandeel van E.E.G.-invoer in wêreldinvoer steeds styg.

Uit tabel 3 blyk dit dat België-Luxembourgh se uitvoer in die jare na die oorlog steeds gestyg het en slegs in 1958 effens verminder het. As persentasie van wêrelduitvoer was daar egter skommelings voor die totstandkoming van die E.E.G. Hierdie skommelings is sedertdien feitlik heeltemal uitgeskakel. Verder blyk dit uit hierdie tabel dat die uitvoer van België-Luxembourgh in vergelyking met die E.E.G.-uitvoer vanaf 1956 tot 1961 n dalende tendens getoon het waarna n redelike styging weer voorgekom het.

III. /...

TABEL 2

INVOER VAN BELGIË - LUXEMBOURGH, DIE WÊRELD EN DIE E.E.G. : 1938-1965. ¹⁾

Jaar	Wêreld Miljoen V.S.A. Dollars	België - Luxembourg			E.E.G.	
		Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Invoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Invoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Invoer
1938	25,400	767	3.0	15.0	5,130	20.2
1948	63,600	2,046	3.2	19.2	10,650	16.7
1953	84,300	2,413	2.9	15.6	15,500	18.4
1954	88,500	2,535	2.9	14.8	17,190	19.4
1955	98,400	2,830	2.9	14.3	19,840	20.2
1956	108,700	3,273	3.0	14.2	23,000	21.2
1957	119,700	3,432	2.9	13.4	25,530	21.3
1958	101,100	3,129	3.1	13.3	23,610	23.4
1959	106,200	3,442	3.2	14.0	24,540	23.1
1960	118,900	3,957	3.3	13.4	29,590	24.9
1961	123,900	4,219	3.4	13.1	32,170	26.0
1962	131,300	4,555	3.5	12.7	35,760	27.2
1963	142,600	5,112	3.6	12.7	40,410	28.3
1964	159,800	5,922	3.7	13.2	44,890	28.1
1965	173,700	6,321	3.6	12.9	48,950	28.2

- Bronne:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 12 en 14.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 12.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 12.
 4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 98.

1) Sien ook grafiek I in bylae.

TABEL 3

UITVOER VAN BELGIE - LUXEMBOURG, DIE WERELD EN DIE E.E.G. 1938 - 1965¹⁾

Jaar	Wêreld		België - Luxembourg		E.E.G.	
	Miljoen V.S.A. dollars	Miljoen V.S.A. dollars	As persen- tasie van Wêreld - Uitvoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Uitvoer	Miljoen V.S.A. dollars	As persen- tasie van Wêreld - Uitvoer
1938	23,500	731	3.1	16.8	4.360	18.6
1948	57,500	1,690	2.9	25.3	6,680	11.6
1953	82,600	2,260	2.7	15.4	14,670	17.8
1954	86,100	2,300	2.7	14.1	16,340	19.0
1955	93,700	2,776	3.0	14.7	18,920	20.2
1956	103,700	3,162	3.0	15.3	20,710	20.0
1957	111,800	3,186	2.9	13.7	23,180	20.7
1958	107,900	3,046	2.8	13.0	23,440	21.7
1959	101,100	3,295	3.3	12.9	25,460	25.2
1960	112,700	3,775	3.4	12.7	29,730	26.4
1961	117,900	3,824	3.2	11.8	32,320	27.4
1962	123,700	4,324	3.5	12.6	34,200	27.7
1963	135,100	4,839	3.6	12.9	37,550	27.8
1964	151,900	5,590	3.7	13.1	42,560	28.0
1965	164,800	6,513	4.0	13.6	48,040	29.2

- Bronne:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 13 en 15.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 13.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 13.
 4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 99.

1) Sien ook grafiek II in bylae.

III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.

In hierdie paragraaf word die aandag bepaal by die invoer van België-Luxembourg volgens land van herkoms asook die persentasie invoer vanaf die verskillende lande. Hierdie gegewens word in tabelle 4, 5, en 6 verstrekk.

Volgens tabel 4, wat België-Luxembourg se invoer vanaf die E.E.G.-lande as n persentasie van die res van die E.E.G. se totale uitvoer aandui, is dit duidelik dat hierdie gebied n skommelende persentasie van die res van die E.E.G. se uitvoer opgeneem het. Na 1960 is daar egter, afgesien van 1963, n stygende tendens.

In tabel 5 word België-Luxembourg se invoer eers in miljoene Belgiese Franke en dan as persentasies van die totale invoer vanaf die E.E.G.-lande weergegee. Volgens hierdie tabel is Wes-Duitsland met die uitsondering van 1948 die vernaamste leweransier. Die persentasie goedere vanaf Wes-Duitsland het vanaf 1956 egter nie veel verander nie - slegs n geringe styging is vanaf 1961 waarneembaar. Nederland wat vanaf 1948 tot 1962 die tweede belangrikste was toon sedert 1959 n geleidelike afname. Frankryk, wat vanaf 1954 tot 1962 België-Luxembourg se derde belangrikste leweransier uit die E.E.G. was toon geringe skommelings en het vir 1963 derde plek ingeneem. Vanaf 1954 het Italië die meeste vordering van al die E.E.G. leweransiers op die België-Luxembourgse mark gemaak, maar het nog steeds n groot agterstand om in te haal by die ander E.E.G.-lande.

In tabel 6 word die aandag gevestig op die invoer volgens lande van herkoms uitgedruk as persentasies van België-Luxembourg se totale invoer. Volgens hierdie tabel is die E.E.G.-lande met die uitsondering van Italië die vernaamste leweransiers. Wes-Duitsland en Frankryk is besig om steeds n groter persentasie te lewer terwyl invoer vanaf Nederland n min of meer konstante persentasie van die invoerpakket vorm. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die handelsbetrekkings wat deur die Benelux-unie daargestel is. Die proporsionele aandeel van invoer vanaf die V.S.A. oor/...

TABEL 4

BELGIË-LUXEMBOURGH SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE
UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE
UITVOER VIR DIE TYDPERK 1948 TOT 1964. 1)

Jaar	Persentasie
1948	8.53
1954	7.38
1955	7.26
1956	7.73
1957	7.50
1958	7.18
1959	7.34
1960	7.33
1961	7.55
1962	7.81
1963	7.01
1964	8.57

- Bron: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 77.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 83.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 89.

1) Sien ook grafiek III in bylae.

TABEL 5
 BELGIË - LUXEMBOURG SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948 - 1964. 1)

Jaar	Wes-Duitsland		Frankryk		Italië		Nederland		Totaal
	Miljoen Belgiese Franke	As per- sentasie van Totaal	Miljoen Belgiese Franke						
1948	4,881	23.0	7,665	36.2	1,459	6.9	7,189	33.9	21,194
1954	17,358	33.7	15,259	29.6	1,897	3.7	17,068	33.0	51,582
1955	19,703	33.7	17,693	30.3	2,188	3.8	18,811	32.2	58,395
1956	24,340	36.0	19,482	28.9	2,360	3.5	21,363	31.6	67,545
1957	26,730	35.8	20,428	27.3	3,236	4.3	24,302	32.6	74,696
1958	26,840	36.8	18,137	24.9	3,359	4.6	24,581	33.7	72,917
1959	28,133	34.7	21,645	26.7	4,035	5.0	27,171	33.5	80,984
1960	33,701	34.5	26,898	28.4	4,701	5.0	29,390	31.1	94,690
1961	37,637	35.2	31,051	29.1	5,784	5.4	32,290	30.3	106,771
1962	42,565	36.6	33,246	28.6	6,719	5.8	33,665	29.0	116,195
1963	49,226	36.7	38,461	28.6	8,836	6.6	37,696	28.1	114,219
1964	58,682	37.2	43,814	27.7	11,257	7.2	43,986	27.9	157,739

- Bronne: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 77.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1958. p. 83.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 89.

1) Sien ook grafiek V in bylae.

TABEL 6

BELGIË-LUXEMBOURGH SE INVOER VOLGENS LANDE VAN HERKOMS UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE INVOER: 1948-1964. 1)

Land van Herkoms	Volgorde van Belangrikheid		JARE VOOR E.E.G.					JARE NA E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Nederland	4	2	8.2	13.3	13.2	13.1	14.2	15.7	15.8	14.9	15.3	14.8	14.8	14.8
Wes-Duitsland	6	1	5.6	13.6	13.9	14.9	15.6	17.2	16.4	17.0	17.8	18.7	19.2	19.8
Frankryk	3	2	8.8	12.0	12.4	11.9	11.9	11.6	12.6	13.6	14.7	14.6	15.0	14.8
V.S.A.	1	4	17.9	10.3	11.0	12.5	12.4	9.9	9.5	9.9	8.9	9.9	9.2	8.8
V.K.	2	5	9.7	8.4	8.5	8.1	8.2	7.4	8.3	7.4	7.5	8.1	8.2	7.7
Italië	12	6	1.7	1.5	1.5	1.4	1.9	2.2	2.3	2.4	2.7	2.9	3.5	3.8
Switserland	7	10	4.3	2.3	2.0	2.0	2.0	2.1	1.8	1.8	1.6	1.7	1.6	1.5
Swede	7	8	4.3	3.0	3.2	3.0	3.0	3.1	2.7	3.0	3.1	2.6	2.6	2.5
Kongo	5	7	7.4	7.7	8.2	7.4	5.5	5.3	5.7	6.7	5.4	3.9	3.2	3.4
Kanada	13	11	1.4	2.0	1.8	1.4	1.2	1.4	1.3	1.2	1.3	1.1	1.1	1.3
Suid-Afrika	15	14	0.9	1.5	1.5	1.2	1.1	1.3	1.3	1.2	1.2	1.2	1.1	0.9
Finland	15	15	0.9	0.8	1.1	1.0	1.0	1.0	1.0	1.0	1.0	0.9	0.8	0.8
Australië	11	11	2.4	2.4	2.3	2.1	2.2	1.7	1.7	1.4	1.3	1.3	1.1	1.3
U.S.S.R.	10	15	2.5	1.1	1.0	1.1	1.0	0.8	1.0	0.7	0.8	1.0	0.9	0.8
Argentinië	9	13	4.2	2.3	0.9	1.0	1.2	1.4	1.4	1.2	1.1	1.5	1.3	1.0
Iran	14	9	1.2	0.1	0.3	0.8	1.5	2.2	1.6	1.1	1.2	0.7	1.4	1.6
Kuweit	17	17	0.0	1.5	1.0	0.8	1.4	1.1	0.6	0.4	0.1	0.5	1.2	0.6
Ander Lande			18.6	16.2	16.2	16.3	14.7	14.6	15.0	15.1	15.0	14.6	13.7	14.6
TOTAAL			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 77.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 83.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 89.

1) Sien ook grafiek VII in bylae.

oor die betrokke tydperk neem steeds af terwyl dié vanaf die Verenigde Koninkryk min of meer konstant bly. Die kleiner lande lewer steeds n kleiner proporsie van die totaal. Volgens hierdie tabel is dit ook duidelik dat die Republiek van Suid-Afrika steeds n kleiner gedeelte van die België-Luxembourgse mark dek. Die invoer vanaf die res van die wêreld het n min of meer konstante persentasie uitgemaak.

IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming.

In hierdie paragraaf word die aandag gevestig op België-Luxembourg se uitvoer volgens lande van bestemming asook die persentasie uitvoer na die verskillende lande hier vermeld.

In tabel 7 verskyn die uitvoer van België-Luxembourg na die ander E.E.G.-lande, uitgedruk as n persentasie van die res van die E.E.G. se totale invoer. Volgens hierdie tabel het België-Luxembourg sedert 1957 steeds n groter persentasie van die res van die E.E.G. se totale invoer gelewer.

In tabel 8 word België-Luxembourg se uitvoer na die res van die E.E.G.-lande eers in miljoene Belgiese Franke en dan as n persentasie van die totale uitvoer na die E.E.G. aangedui. Volgens hierdie tabel is Nederland verreweg die belangrikste koper van België-Luxembourgse goedere. Die Nederlandse aandeel in die uitvoerpakket is egter vinnig besig om te verminder. Frankryk, wat tot 1957 die tweede belangrikste land van bestemming was, is gedurende 1958 deur Wes-Duitsland uit hierdie posisie verplaas. Laasgenoemde vertoon oor die algemeen n skommelende tendens. Italië se aandeel in die België-Luxembourgse uitvoer het van 1957 tot 1963 feitlik verdubbel, maar toe weer verminder. In absolute syfers gemeet het al hierdie lande se aankope van België-Luxembourg deurlopend toegeneem.

In tabel 9 word België-Luxembourg se uitvoer volgens land van bestemming as persentasie van sy totale uitvoer aangedui. Volgens hierdie tabel is die E.E.G.-lande behalwe Italië, die vernaamste lande van bestemming/...

TABEL 7

BELGIË - LUXEMBOURGH SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE
UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE
INVOER VIR DIE TYDPERK 1948 TOT 1964. 1)

Jaar	Persentasie
1948	5.35
1954	6.80
1955	7.33
1956	7.21
1957	6.67
1958	6.74
1959	7.25
1960	7.47
1961	7.51
1962	7.90
1963	8.37
1964	10.04

- Bron: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 77.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 83.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 89.

1) Sien ook grafiek VI in bylae.

TABEL 8

BELGIË - LUXEMBOURG SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948-1964¹⁾

Jaar	Wes-Duitsland		Frankryk		Italië		Nederland		Totaal
	Miljoen Belgiese Franke	As persen- tasie van Totaal	Miljoen Belgiese Franke						
1948	3,268	14.3	6,971	30.4	1,229	5.4	11,444	49.9	22,912
1954	11,116	22.4	11,109	22.4	3,198	6.5	24,174	48.7	49,597
1955	16,335	26.3	13,897	22.4	3,064	4.9	28,766	46.4	62,062
1956	16,059	22.7	16,904	23.9	3,191	4.5	34,659	48.9	70,913
1957	16,286	22.2	17,564	23.9	3,341	4.5	36,215	49.4	73,406
1958	17,606	25.6	16,141	23.5	3,449	5.0	31,515	45.9	68,711
1959	21,864	28.7	14,959	19.7	4,316	5.6	35,005	46.0	76,147
1960	29,803	31.2	19,620	20.6	5,821	6.1	40,149	42.1	95,393
1961	30,153	28.9	22,072	21.0	6,208	6.1	45,939	44.0	104,472
1962	38,184	31.1	26,824	21.8	8,604	7.0	49,309	40.1	122,921
1963	44,801	30.5	35,248	24.0	12,416	8.4	54,648	37.1	147,113
1964	57,927	33.1	42,303	24.2	10,576	6.0	64,123	36.7	174,929

- Bronne: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 77.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 83.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 89.

1) Sien ook grafiek VI in bylae.

TABLE 3

1)

BELGIË-LUXEMBOURGH SE UITVOER VOLGENS LANDE VAN BESTEMMING UITGEDRUK AS PERSENTASIE VAN TOTALE UITVOER: 1948-1964.

Land van Bestemming	Volgorde van Belangrikheid		JARE VOOR E.E.G.					JARE NA E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Nederland	1	1	15.4	20.9	20.7	21.9	22.7	20.7	21.2	21.3	23.4	22.8	22.6	22.9
Wes-Duitsland	8	2	4.4	9.7	11.8	10.2	10.2	11.6	13.3	15.8	15.4	17.7	18.5	20.7
Frankryk	2	3	9.4	9.6	10.0	10.7	11.0	10.6	9.1	10.4	11.2	12.4	14.6	15.1
V.S.A.	4	4	6.0	8.2	8.9	9.6	8.4	9.4	13.5	9.7	9.4	9.6	8.5	8.1
V.K.	3	5	9.0	6.3	6.4	6.4	5.6	5.7	5.9	5.6	5.3	5.0	5.7	4.9
Italië	11	6	1.7	2.8	2.2	2.0	2.1	2.3	2.6	3.1	3.2	4.0	5.1	3.8
Switserland	4	7	6.0	2.8	2.7	3.0	2.9	2.9	2.8	2.8	2.9	3.0	2.8	2.4
Swede	6	8	5.3	3.6	3.5	3.0	3.3	2.7	2.8	2.9	3.0	2.3	2.0	1.8
Kongo	9	9	3.9	5.5	4.8	4.4	4.4	3.8	2.7	1.6	1.0	1.0	0.9	1.1
Kanada	14	10	0.9	1.0	1.0	1.6	1.3	1.1	1.3	1.1	1.1	1.0	0.9	1.0
Suid-Afrika	10	11	2.3	1.1	1.0	0.9	1.0	0.9	0.6	0.6	0.8	0.5	0.5	0.6
Finland	12	12	1.2	0.8	0.9	0.8	0.8	0.7	0.7	0.8	0.7	0.6	0.5	0.5
Australië	14	13	0.9	1.0	1.0	0.7	0.5	0.5	0.5	0.7	0.4	0.4	0.4	0.4
U.S.S.R.	12	14	1.2	1.1	0.6	1.0	0.9	0.6	0.2	0.5	0.7	0.6	0.3	0.3
Argentinië	7	15	5.2	0.9	0.8	0.5	1.7	2.1	1.3	0.7	0.7	0.4	0.2	0.2
Iran	16	15	0.4	0.2	0.2	0.1	0.2	0.6	0.4	0.5	0.4	0.3	0.2	0.2
Kuweit	17	17	0.0	0.0	0.1	0.1	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.1
Ander Lande			26.8	24.5	23.4	23.1	22.8	23.6	20.9	21.7	20.2	18.2	16.1	15.9
TOTAAL			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957. Volume I, New York, 1958. p. 77.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 83.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 89.

1) Sien ook grafiek VIII in bylae.

stemming, met die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk in die belangrikste daaropvolgende posisies. Die blyk egter dat Wes-Duitsland besig is om n groter proporsie van België-Luxembourg se uitvoer op te neem. Nederland het volgens hierdie tabel min of meer konstand gebly terwyl Frankryk as afnemer in n aansienlike mate in belangrikheid toegeneem het. Italië vertoon n steeds uitbreidende mark terwyl die kleiner lande se invoer meestal verminder het. Suid-Afrika het gedurende hierdie tydperk in belangrikheid as land van bestemming verminder. Die persentasie uitvoer na die res van die wêreld het gedurende hierdie tydperk n aansienlike afname getoon.

V. Slot.

Volgens die tabelle in hierdie hoofstuk wil dit voorkom asof België-Luxembourg heelwat by die totstandkoming van die E.E.G. gebaat het - veral sy handel met die lande wat nie deel van die Benelux-unie gevorm het nie. Met die lede van die Benelux-unie het handel proporsioneel nie veel uitgebrei nie. Ook die handel met die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk het geen noemenswaardige veranderings opgelewer nie. Die uitbreiding van die handel met die E.E.G.-lande kan egter aan ander oorsake as die bepalinge van die Verdrag van Rome toegeskryf word - veral aan natuurlike na-oorlogse ontwikkeling. Dit is egter opmerklik dat handel met die ander E.E.G.-lande baie vinniger as met lande buite hierdie organisasie uitgebrei het. Hierdie verskynsel blyk veral duidelik uit tabelle 6 en 9. Wanneer tabelle 2 en 3 beskou word is dit duidelik dat hierdie land se in- en uitvoer as n persentasie van die wêreld in- en uitvoer gestyg het. Uit tabel 3 blyk dit dat die uitvoerhandel in vergelyking met dié van die E.E.G.-lande geskommel het. Dit wil dus voorkom asof België-Luxembourg in vergelyking met die res van die E.E.G.-lande nie sulke geweldige uitbreidings getoon het nie alhoewel daar tog ook uitbreidings voorgekom het. Aangesien hierdie uitbreiding veral op die E.E.G. gemik is (tabelle 4 en 7) wil dit tog voorkom asof die E.E.G. n mate van invloed op die land se buitelandse handelspatroon gehad het.

HOFFSTUK V.DIE BONDSREPUBLICK WES-DUISTLAND.I. Enkele aspekte van die handelstruktuur. (1)

In 1965 was Wes-Duitsland die wêreld se derde grootste nywerheidsland en die tweede grootste handelaar op internasionale vlak. In 1965 het Wes-Duitsland 11 persent van die wêreld se uitvoer en 20 persent van die wêreld se invoer van vervaardigde goedere opgelewer. Hierdie land se goud- en vreemde valutareserwes was op hierdie stadium meer as dié van die Sterlinggebied.

Wes-Duitsland is n dig bevolkte land sonder veel grondstowwe van sy eie. Sy buitelandse betrekkinge word gekenmerk deur sy afhanklikheid van die buiteland vir grondstowwe en n belangrike deel van sy voedsel. Uitvoer bestaan hoofsaaklik uit vervaardigde goedere, waarvan kapitaalgoedere die grootste gedeelte uitmaak. Hierdie verskynsel word veral duidelik wanneer tabel 10 beskou word.

Die groot persentasie kapitaalgoedere in die uitvoerpakket veroorsaak dat hierdie land in n groot mate aan sikliese gevare blootgestel word. Omdat Wes-Duitsland van uitvoer afhanklik is, is hy ook aan sekere fluktuasies onderworpe wat in lande waar hy geen beheer het nie, ontstaan. Die owerhede moet dus baie noukeurig let op gebeure in lande waar hulle handelsbeleid geen invloed het nie. Hierdie gevaar word natuurlik proporsioneel groter namate die verskillende nywerhede meer uitvoer. Dit is een van die redes waarom die Wes-Duitse owerhede besondere belang by internasionale samewerking het. Hier is veral internasionale beleid ten opsigte van internasionale ekonomiese tendense en internasionale monetêre beleid van belang.

II./...

-
- (1) i. European Economic Community Commission, op.cit., p. 171-206.
 ii. Anon. The economic miracle. Special survey, Financial Mail, 10 Jan. 1965. p. 29.

TABEL 10

WES-DUITSLAND: SAMESTELLING VAN IN- EN UITVOER - 1957

Produkt	Invoer		Uitvoer	
	Miljoen Duitse Mark	%	Miljoen Duitse Mark	%
Voedsel	8018.6	25.4	5627.2	1.7
Dranksoorte en tabak	622.4	2.0	112.0	0.3
Ru-stowwe	9024.2	28.6	1050.5	2.9
Minerale brandstof ens.	3637.7	11.5	2605.7	7.2
Dier- en plantvete en olies ..	717.1	2.3	127.3	0.4
Chemikalieën	953.9	3.0	3781.9	10.5
Vervaardigde goedere	5747.1	18.2	9656.5	26.8
Masjinerie en voertuie	1802.1	5.7	14931.9	41.5
Swak vervaardigde finale goedere	697.9	2.2	2944.8	8.2
Swak vervaardigde goedere	369.1	1.2	127.9	0.4
Totaal	31590.1	100	35965.3	100

Bron: European Economic Community, Report on the Economic situation in the countries of the Community, September 1958. Brussels. p. 197.

II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Die in- en uitvoer van Wes-Duitsland word deur tabelle 11 en 12 in hierdie paragraaf gedek. In tabel 11 kan die invoer van hierdie gebied met die invoer van die res van die wêreld vergelyk word. Volgens hierdie tabel het Wes-Duitsland se invoer vir die betrokke tydperk, 1958 uitgesluit, steeds toegeneem. Verder is daar wat die aandeel in invoer van die wêreld betref, met die uitsondering van 1963, steeds 'n toename gewees. Dit wil dus voorkom asof Wes-Duitsland, veral na die totstandkoming van die E.E.G., steeds meer handel dryf. Dit kan egter nie sonder meer aangeneem word dat hierdie die resultaat van die totstandkoming van die E.E.G. is nie. Baie van hierdie invoer is ook van lande buite die E.E.G. verkry. Hieraan word later in die hoofstuk aandag gegee. Dit blyk ook uit hierdie tabel dat Wes-Duitsland se invoer, as persentasie van die totale E.E.G.-invoer aan skommelings onderhewig is, terwyl die aandeel van die E.E.G.-lande as 'n geheel in wêreldinvoer geleidelik besig is om te styg.

Uit tabel 12 blyk dit dat Wes-Duitsland se uitvoer vir die hele tydperk onder bespreking 'n stygende tendens getoon het. Die ontwikkeling sedert die jongste wêreldoorlog was fenomenaal soos blyk wanneer die uitvoer van 1955 vergelyk word met die van 1948. Verder blyk uit die tabel dat die uitvoer van Wes-Duitsland as persentasie van die wêrelduitvoer van 1948 tot 1961 gestyg het en daarna geskommel het, maar steeds 'n stygende tendens vertoon het. Dit blyk ook dat Wes-Duitsland se uitvoer as persentasie van die totale E.E.G.-uitvoer 'n redelike skommelende patroon aanneem. Interessant is die feit dat Wes-Duitsland se uitvoer wat gedurende 1957-58 'n baie geringe styging getoon het gedurende ongeveer dieselfde tydperk as persentasie van die E.E.G.-uitvoer 'n hoogtepunt bereik het en as persentasie van die wêrelduitvoer met 0.5 persent vermeerder het. Hierdie geringe styging in uitvoer kan net aan toestande in Wes-Duitsland toegeskryf word nie, maar wel ook aan 'n algemene verslapping in die wêreldhandel, waarskynlik as gevolg van die resessie wat toe heersende was./...

TABEL 11

1)

INVOER VAN WES-DUISSLAND, DIE WÊRELD EN DIE E.E.G. : 1938-1965.

Jaar	Wêreld Miljoen V.S.A. Dollars	Wes-Duitsland			E.E.G.	
		Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld Invoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Invoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Invoer
1938	25,400	••••	••••	••••	5,130	20.2
1948	63,600	1,690	2.7	15.9	10,650	16.7
1953	84,300	4,110	4.9	26.5	15,500	18.4
1954	88,500	4,890	5.5	28.5	17,190	19.4
1955	98,400	6,100	6.1	30.8	19,840	20.2
1956	108,700	6,970	6.4	30.3	23,000	21.2
1957	119,700	7,890	6.6	30.9	25,530	21.3
1958	101,100	7,730	7.7	32.7	23,610	23.4
1959	106,200	8,850	8.1	35.0	24,540	23.1
1960	118,900	10,104	8.5	34.2	29,590	24.9
1961	123,900	10,941	8.8	34.0	32,170	26.0
1962	131,300	12,280	9.4	34.3	35,760	27.2
1963	142,600	13,019	9.1	32.4	40,410	28.3
1964	159,800	14,613	9.2	32.6	44,890	28.1
1965	173,700	17,473	10.1	35.7	48,950	28.2

- Bronne:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of International trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 12 en 14.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 12
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 12.
 4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 98.

TABEL 12

 UITVOER VAN WES-DUITSLAND, DIE WĒRELD EN DIE E.E.G. : 1938-1965. ¹⁾

Jaar	WĒreld Miljoen V.S.A. Dollars	Wes-Duitsland			E.E.G.	
		Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van WĒreld- Uitvoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Uitvoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van WĒreld- Uitvoer
1938	23,500	4.360	18.6
1948	57,500	780	1.4	11.7	6,680	11.6
1953	82,600	4,740	5.7	32.3	14,670	17.8
1954	86,100	5,600	6.5	34.3	16,340	19.0
1955	93,700	6,520	7.0	34.5	18,920	20.2
1956	103,700	7,780	7.5	37.6	20,710	20.0
1957	111,800	9,010	8.1	38.9	23,180	20.7
1958	107,900	9,220	8.6	39.3	23,440	21.7
1959	101,100	9,980	9.9	39.2	25,460	25.2
1960	112,700	11,415	10.1	38.4	29,730	26.4
1961	117,900	12,687	10.8	39.3	32,320	27.4
1962	123,700	13,264	10.7	38.8	34,200	27.7
1963	135,100	14,616	10.8	38.9	37,550	27.8
1964	151,900	16,215	10.7	38.1	42,560	28.0
1965	164,800	17,895	10.9	37.3	48,040	29.2

- Bronne:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 13 en 15.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 13.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 13.
 4. Id. Monthly Bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 99.

1) Sien ook grafiek II in bylae.

was. Ook toon die E.E.G.-lande, as persentasie van die wêreld in hulle geheel n styging vir die periode in tabel 12 aangedui.

III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.

In tabel 13 word Wes-Duitsland se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande as persentasie van die totale uitvoer van hierdie lande verstrek. Dit word so gedoen om n aanduiding te verkry van wat Wes-Duitsland se aandeel in die res van die E.E.G. se wêrelduitvoer was. Volgens hierdie tabel was daar tot en met 1957 n styging maar in 1958 n effense vermindering. Sedert die totstandkoming van die E.E.G. is daar, met die uitsondering van 1963, n baie duidelike stygende tendens te bespeure. Dit volg dus dat Wes-Duitsland sedert die totstandkoming van die E.E.G. in vergelyking met die res van die wêreld steeds n groter proporsie van die res van die E.E.G.-uitvoer opgeneem het.

In tabel 14 word die invoer vanaf Wes-Duitsland vanaf die individuele E.E.G.-lande eers in miljoene V.S.A. Dollars en dan as persentasies van die totale invoer vanaf hierdie lande aangedui. In die jare 1953 en 1954 het die lande n vaste patroon van volgorde van belangrikheid vertoon naamlik Nederland die vernaamste, met Frankryk tweede en België-Luxembourg en Italië onderskeidelik in die derde en vierde plekke. Gedurende 1955 en 1956 het hierdie posisies verander toe Frankryk die vernaamste leweransier geword het met Nederland in die tweede plek. Gedurende 1957 het België-Luxembourg en Italië plekke verwissel. Sederdien het hierdie lande, behalwe dat Italië en België-Luxembourg in 1964 weer plekke verwissel het, daardie posisies in die volgorde van belangrikheid behou. In absolute syfers gemeet het al hierdie lande toenemende tendense vertoon. Om hierdie gegewens in n wyer patroon te stel word ander vername leweransiers in die volgende tabel ook betrek.

Volgens tabel 15 wat die invoer volgens die verskillende lande van herkoms as persentasies van Wes-Duitsland se totale invoer aantoon, is die V.S.A. Wes-Duitsland se vernaamste leweransier. Die belangrikheid van/...

TABEL 13

WES-DUIZSLAND SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE
UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN, HIERDIE LANDE SE
TOTALE UITVOER VIR DIE TYDPERK 1953 TOT 1964.¹⁾

Jaar	Persentasie
1953	9.65
1954	10.47
1955	12.12
1956	12.14
1957	12.45
1958	12.07
1959	15.15
1960	16.53
1961	17.46
1962	19.09
1963	18.94
1964	19.35

- Bron: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 243.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 264.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 291.

1) Sien ook grafiek III in bylae.

TABEL 14

1)

WES-DUITSLAND SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1953-1964.

Jaar	Frankryk		Nederland		België-Luxembourg		Italië		Totaal
	Miljoen V.S.A. Dollars	As persentasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars	As persentasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars	As persentasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars	As persentasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars
1953	281.2	29.3	297.6	31.1	202.4	21.1	177.0	18.5	958.2
1954	354.1	31.5	363.1	32.2	206.3	18.4	200.7	17.9	1,124.2
1955	504.0	33.5	421.2	28.1	329.4	21.9	248.3	16.5	1,502.9
1956	481.5	30.6	476.8	30.4	320.0	20.4	291.4	18.5	1,569.7
1957	542.6	30.8	537.8	30.4	313.3	17.9	369.8	21.0	1,763.5
1958	380.0	22.1	595.6	34.7	335.8	19.6	404.4	22.6	1,715.8
1959	657.7	28.0	744.2	31.7	423.1	18.1	519.8	22.2	2,344.8
1960	952.5	31.5	866.5	28.6	581.4	19.2	626.7	20.7	3,027.1
1961	1,149.1	33.8	936.1	27.2	585.9	17.0	757.6	22.0	3,428.7
1962	1,319.8	33.0	1,050.7	26.3	692.3	17.3	934.9	23.4	3,997.7
1963	1,377.1	31.7	1,199.6	27.6	841.2	19.4	926.6	21.3	4,344.5
1964	1,567.6	30.6	1,337.9	26.2	1,076.2	21.1	1,117.1	22.0	5,098.8

- Bronne: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 243.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 264.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 291.

1) Sien ook grafiek IX in bylae.

TABEL 15

WES-DUIZSLAND SE INVOER VOLGENS LAND VAN HERKOMS UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE INVOER : 1953-1964¹⁾

Land van Herkoms	Volgorde van Belangrikheid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1953	1964	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Frankryk	3	2	7.4	7.7	8.7	7.2	7.2	5.1	7.7	9.4	10.4	10.6	10.5	10.7
Nederland	2	3	7.8	7.9	7.2	7.2	7.1	8.0	8.7	8.5	8.5	8.5	9.2	9.1
België-Luxembourg	4	5	5.3	4.5	5.7	4.8	4.2	4.5	5.0	5.7	5.3	5.6	6.4	7.3
V.S.A.	1	1	10.4	11.6	13.1	14.3	17.8	13.5	12.8	14.0	13.7	14.2	15.1	13.7
Italië	6	4	4.7	4.4	4.3	4.4	4.9	5.4	6.1	6.2	6.9	7.6	7.1	7.6
Swede	5	7	5.1	4.7	4.5	4.6	4.7	4.5	4.3	4.2	4.4	4.0	3.9	3.9
Switserland	8	8	3.7	3.6	3.5	3.4	3.3	3.8	4.0	3.3	3.6	3.4	3.3	3.1
Verenigde Koninkryk	7	6	4.0	4.4	3.5	4.1	3.6	4.4	4.6	4.6	4.4	4.8	4.7	4.7
Finland	13	12	1.2	1.2	1.5	1.2	1.1	1.2	1.2	1.2	1.4	1.2	1.2	1.1
Suid-Afrika	10	14	2.0	1.4	1.3	1.2	1.3	1.1	0.8	0.7	0.8	0.8	0.9	0.9
U.S.S.R.	16	9	0.4	0.5	0.6	0.8	1.3	1.2	1.2	1.6	1.8	1.7	1.6	1.6
Australië	11	15	1.7	1.8	1.7	1.8	1.8	1.2	1.3	0.9	0.8	1.0	0.8	0.8
Kanada	9	10	2.9	2.0	2.0	2.4	2.4	3.1	1.9	2.1	2.1	1.8	1.4	1.3
Argentinië	12	13	1.3	3.0	1.8	2.2	1.8	1.7	1.5	1.3	1.0	1.5	1.1	1.0
Kuweit	17	16	0.3	0.5	0.5	0.5	0.8	0.6	0.4	0.3	0.3	0.3	0.3	0.3
Iran	15	11	0.6	0.4	0.5	0.4	0.5	0.8	1.2	1.4	2.1	2.1	1.7	1.2
Kongo	13	16	1.2	0.8	0.6	0.6	0.5	0.5	0.6	0.4	0.3	0.3	0.2	0.3
Ander Lande			40.0	39.6	39.0	38.9	35.7	39.4	36.7	33.7	32.2	30.6	30.6	31.4
TOTAAL			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 243.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 264.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 291.

1) Sien ook grafiek XI in bylae.

van die V.S.A. het in 1957 'n hoogtepunt bereik terwyl Frankryk, wat tweede op die lys verskyn, oor die langtermyn steeds in belangrikheid toeneem. Die enigste ander land wat op die oomblik nie lid van die E.E.G. is nie wat enigsins van belang is, is die Verenigde Koninkryk. Die invoer vanaf Swede, Switserland, die U.S.S.R. en Iran het óf konstant gebly óf 'n geringe mate van uitbreiding vertoon. Die ander lande op hierdie tabel vermeld toon 'n steeds kleiner proporsie handel met Wes-Duitsland. Wes-Duitse invoer vanaf Suid-Afrika het gedurende 1960 'n laagtepunt bereik maar daarna weer effens gestyg. Invoerhandel met lande was nie afsonderlik aangedui word nie skyn steeds minder te word,

IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming.

In hierdie paragraaf word die aandag gevestig op die uitvoerhandel van Wes-Duitsland volgens lande van bestemming. Dit word in tabelle 16, 17 en 18 uiteengesit.

In tabel 16 word die aandag bepaal by Wes-Duitsland se uitvoer na die ander E.E.G.-lande uitgedruk as 'n persentasie van die res van die E.E.G. se totale invoer. Die aandeel van Wes-Duitsland se uitvoer na die E.E.G. het, in terme van die res van die E.E.G. se totale invoer, vir die betrokke tydperk feitlik verdubbel. Hierdie fenomenale styging was egter aan skommelings onderworpe. Vanaf 1958 het daar 'n skerp styging ontstaan wat eers in 1964 weer effens gedaal het.

In tabel 17 word die Wes-Duitse uitvoer na die ander E.E.G.-lande eers in miljoene V.S.A. Dollars en dan as persentasies van die totale uitvoer na die E.E.G.-lande weergegee. Volgens hierdie tabel het die patroon van die lande van bestemming nie in 'n baie groot mate verander nie. Waar dit wel gebeur het, het die lande steeds 'n min of meer gelyke hoeveelheid van Wes-Duitsland se uitvoer pakket opgeneem - die verspreiding het dus nie groot afwykings getoon nie. Nederland wat die belangrikste uitvoermark tot 1960 was moes gedurende 1961 terugstaan vir Frankryk wat vir die grootste gedeelte van die voorafgaande tydperk tweede plek beklee het. België-Luxembourg het gedurende/...

TABEL 16

WES-DUITSLAND SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE
UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE
TOTALE INVOER VIR DIE TYDPERK 1953 TOT 1964. 1)

Jaar	Persentasie
1953	11.58
1954	12.48
1955	12.87
1956	13.53
1957	14.19
1958	14.20
1959	16.61
1960	17.30
1961	18.97
1962	19.23
1963	19.91
1964	19.53

- Bron: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 243.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 264.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 291.

1) Sien ook grafiek IV in bylae.

TABEL 17

WES-DUISSLAND SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE : 1953-1964. ¹⁾

Jaar	Frankryk		Nederland		België-Luxembourg		Italië		Totaal
	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars	As per- sentasie van Totaal	Miljoen V.S.A. Dollars
1953	315.6	23.9	395.7	30.0	312.1	23.7	296.1	22.4	1,319.5
1954	347.2	22.6	491.6	32.0	376.7	24.5	320.1	20.9	1,535.6
1955	434.5	24.5	578.2	32.7	413.3	23.4	342.4	19.4	1,768.4
1956	586.1	27.1	685.9	31.6	502.0	23.1	395.1	18.2	2,169.1
1957	677.8	22.7	773.3	32.7	575.7	24.4	476.6	20.2	2,503.4
1958	515.6	22.9	713.6	31.6	584.5	25.9	441.7	19.6	2,255.4
1959	707.7	26.7	825.4	31.1	593.1	22.4	524.5	19.8	2,650.7
1960	1,000.9	29.6	1,002.8	30.0	688.6	20.4	678.2	20.0	3,370.5
1961	1,188.4	29.5	1,183.6	29.4	812.5	20.2	843.2	20.9	4,027.7
1962	1,362.8	30.2	1,224.3	27.1	898.4	19.9	1,029.1	22.8	4,514.6
1963	1,612.1	29.6	1,434.1	26.3	1,039.2	19.0	1,369.2	25.1	5,454.6
1964	1,857.6	31.4	1,686.0	28.5	1,221.1	20.7	1,149.4	19.4	5,914.1

- Bronne:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I New York, 1958. p. 243.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 264.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 291.

1) Sien ook grafiek X in bylae.

gedurende hierdie tydperk meestal die derde plek ingeneem met Italië vierde. Gedurende 1961 het laasgenoemde twee lande egter plekke verwissel en tot 1963 daardie posisies behou. In absolute syfers gemeet het die uitvoer na hierdie lande sedert die E.E.G. in werking getree het deurgaans toegeneem.

In tabel 18 word die totale uitvoer van Wes-Duitsland volgens lande van bestemming en as persentasie van sy totale uitvoer weergegee. Hierdie tabel toon aan dat Nederland, wat in 1953 Wes-Duitsland se vernaamste mark was, tot 1962 min of meer 'n konstante persentasie van Wes-Duitsland se uitvoer opgeneem het en toe effens gestyg het terwyl Frankryk, wat in 1958 'n laagtepunt bereik het daarna steeds 'n groter persentasie van die Wes-Duitse uitvoer aangekoop het en sodoende die vernaamste koper van Wes-Duitsland geword het. Ook die ander E.E.G.-lande het sedert 1958 as afsetgebied steeds in belangrikheid toegeneem. Hier word die aandag veral op Italië gevestig, wat gedurende die tydperk onder bespreking geweldig uitgebrei het. Ook Switserland se aandeel het uitgebrei terwyl die Verenigde Koninkryk en Swede se aandeel in Wes-Duitse uitvoer betreklik stabiel gebly het. Uitvoer na Suid-Afrika het gedurende die tydperk baie gewissel en gedurende 1961 en 1962 'n laagtepunt bereik. Ook uitvoer na die res van die wêreld het 'n afname vertoon.

V. Slot.

Uit hierdie hoofstuk volgens tabel 10 word dit duidelik dat Wes-Duitsland se groot afhanklikheid van buitelandse handel hom aan die gevaar van sikliese skommelings blootstel. Ook is die land baie sensitief vir toestande in sy uitvoermarkte vanwee sy groot uitvoerpakket.

Uit tabel 11 word dit duidelik dat Wes-Duitsland se invoer as persentasie van die totale E.E.G.-invoer 'n skommeling ondergaan het, terwyl die E.E.G.-invoer as persentasie van die wêreldinvoer voor die totstandkoming van die E.E.G., eers 'n skommeling ondergaan het maar daarna steeds gestyg het. Die totstandkoming van die E.E.G. het dus nie die posisie van die E.E.G.-lande ten opsigte van/...

TABEL 18

WES-DUITSLAND SE UITVOER VOLGENS LAND VAN BESTEMMING UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE UITVOER : 1953-1964.

Land van Bestemming	Volgorde van Belangrikheid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1953	1964	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Frankryk	2	1	7.1	6.6	7.1	8.0	7.9	5.8	7.2	8.8	9.4	10.2	11.0	11.5
Nederland	1	2	9.0	9.4	9.4	9.3	9.0	8.1	8.4	8.8	9.3	9.2	9.8	10.4
België-Luxembourg	2	3	7.1	7.2	6.7	6.8	6.7	6.6	6.0	6.0	6.4	6.8	7.1	7.5
V.S.A.	4	4	6.7	5.6	6.3	6.8	7.0	7.3	9.3	7.9	6.9	7.3	7.2	7.4
Italië	4	5	6.7	6.1	5.6	5.4	5.6	5.0	5.4	5.9	6.6	7.8	9.4	7.1
Swede	6	7	6.3	6.7	7.0	6.3	6.0	6.1	5.6	5.4	5.1	5.0	5.1	5.0
Switserland	7	6	5.8	5.7	5.9	6.1	6.1	5.6	5.8	6.2	7.1	7.6	7.3	7.0
Verenigde Koninkryk	8	8	4.3	3.9	4.0	4.1	3.9	4.0	4.0	4.5	4.2	3.7	3.8	4.2
Finland	11	9	0.8	0.9	1.2	1.4	1.2	1.3	1.5	1.7	1.8	1.8	1.4	1.5
Suid-Afrika	10	10	1.7	1.2	1.3	1.2	1.5	1.8	1.5	1.3	1.1	1.1	1.3	1.4
U.S.S.R.	16	11	0.0	0.2	0.4	0.9	0.7	0.8	0.9	1.6	1.6	1.6	1.1	1.2
Australië	11	12	0.8	1.1	1.1	1.0	0.9	1.0	1.1	1.2	0.9	0.9	0.9	1.0
Kanada	13	13	0.7	0.8	0.9	1.2	1.1	1.2	1.4	1.1	1.0	1.0	0.9	0.9
Argentinië	9	14	2.2	1.5	1.5	1.3	1.2	1.5	1.5	1.3	1.8	1.3	0.6	0.7
Kuweit	16	16	0.0	0.1	0.1	0.1	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2
Iran	14	14	0.6	0.8	0.7	0.7	0.7	0.9	1.4	1.2	1.0	0.8	0.7	0.7
Kongo	15	17	0.3	0.4	0.3	0.3	0.3	0.3	0.3	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1
Ander Lande			39.9	41.8	40.5	39.1	39.8	42.0	38.7	37.0	35.7	33.7	32.1	32.2
TOTAAL			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 243.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 264.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 291.

1) Sien ook grafiek XII in bylae.

van die ander lidstate veel verbeter nie. Die vraag ontstaan nou hoeveel van Wes-Duitsland se toenemende invoer uit die E.E.G. afkomstig is. Uit tabel 13 waar Wes-Duitsland se invoer vanuit die E.E.G.-lande uitgedruk word as n persentasie van die res van die E.E.G. se uitvoer na die wêreld, blyk dit dat die hoeveelhede wat vanaf die E.E.G. ingevoer is in n groot mate vermeerder het. Wes-Duitsland het dus n persentasie van die res van die wêreld se invoer vanaf die E.E.G. vervang. Dit is veral opmerklik dat hierdie neiging by uitstek na die totstandkoming van die E.E.G. ontstaan het.

Hierdie verskynsel word in tabel 15 vanuit n ander oogpunt beskou, waar Wes-Duitsland se invoer vanaf die individuele lande as persentasie van Wes-Duitsland se totale invoer uitgedruk word. Uit hierdie tabel word dit duidelik dat Wes-Duitsland se invoerhandel vanuit die E.E.G.-lande sedert 1958 oor die algemeen redelik uitgebrei het. Die enigste twee groot handelslande buite die E.E.G. waarvandaan Wes-Duitsland in verhouding ietwat meer ingevoer het, was die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. Die Republiek van Suid-Afrika se aandeel in die invoerhandel het persentueel ook afgeneem. Wes-Duitsland se invoer het dus volgens tabel 11 na die totstandkoming van die E.E.G. heelwat uitbreiding getoon.

Volgens tabel 12 het Wes-Duitsland se uitvoer, uitgedruk as persentasies van die wêreld- en E.E.G.-uitvoer, steeds toegeneem. Na die totstandkoming van die E.E.G. het die uitbreiding van uitvoer as persentasie van die E.E.G.-uitvoer nie soveel gestyg nie en selfs in 1963 en 1964 gedaal. Dit wil dus voorkom asof die ander E.E.G.-lande hulle gedeelte van die uitvoerpakket behou.

Tabel 16 toon aan dat Wes-Duitsland sedert die totstandkoming van die E.E.G. steeds n groter aandeel in die E.E.G.-lande se invoer gehad het. Volgens tabel 18 is dit duidelik dat die uitvoerhandel na die totstandkoming van die E.E.G. met die onderskeie E.E.G.-lande toegeneem het.

Na/...

Na aanleiding van die waarnemings uit die genoemde tabelle in hierdie hoofstuk wil dit dus voorkom asof Wes-Duitsland steeds meer handel met die E.E.G.-lande gedryf het na die totstandkoming van hierdie organisasie. Dit het egter nie in n baie groot mate ten koste van die res van die wêreld gebeur nie. Die E.E.G. het dus op grond van hierdie feite n noemswaardige rol in die ontwikkeling van Wes-Duitsland gespeel.

HOOFSTUK VI.FRANKRYK.I. Enkele aspekte van die handelstruktuur.⁽¹⁾

Frankryk, met n totale bevolking van ongeveer 45 miljoen is deur die jare voor die totstandkoming van die E.E.G. feitlik permanent deur die dreigende gevaar van inflasie geteister.

Frankryk is n nywerheidsland wat ongenoegsaam met grondstowwe bedeed is. Afgesien hiervan het Frankryk ook onder die letsels wat gedurende die dertiger jare opgedoen is gely. Die daling in die Franse uitvoer gedurende hierdie tydperk (1928-1932) was nie soveel as wat in ander lande gedurende dieselfde tydperk voorgekom het nie. Die toestand in Frankryk was egter van n baie ernstiger aard en het ook veel langer geduur as wat in ander lande die geval was. Nieteenstaande die merkwaardige herstel in die jare voor die totstandkoming van die E.E.G. was Frankryk op daardie stadium, wat buitelandse handel betref nog ver van die posisie wat in 1928 bereik is.

Soos in die geval van Wes-Duitsland is ook Frankryk vir sy grondstowwe grootliks van invoer afhanklik. Vir die ingevoerde artikels word dan betaal met verdienstes uit uitvoer van klaar vervaardigde goedere en masjinerie.

II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Die in- en uitvoer van hierdie gebied word deur tabelle 19 en 20 in hierdie paragraaf gedek. In tabel 19 word die invoer van Frankryk met die invoer van die wêreld vergelyk. Volgens hierdie tabel het Frankryk tot en met 1957 steeds meer ingevoer, waarna n daling voorgekom het wat eers in 1960 weer vermeerder het. Die daling kan waarskynlik aan die resessie wat gedurende hierdie tydperk heersende was toegeskryf word. Omdat Frankryk se invoer as persentasie van wêreldinvoer gedurende hierdie tydperk gedaal het, wil dit voorkom asof Frankryk hierdie
finansiële/...

(1) European Economic Community Commission, op.cit., p. 265-294.

TABEL 19

INVOER VAN FRANKRYK, DIE WÊRELD EN DIE E.E.G.: 1938-1965¹⁾

Jaar	Wêreld	FRANKRYK			E.E.G.	
	Miljoen V.S.A. Dollars	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Invoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Invoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Invoer
1938	25,400	1,331	5.2	25.9	5,130	20.2
1948	63,600	3,500	5.5	32.9	10,650	16.7
1953	84,300	4,190	5.0	27.0	15,500	18.4
1954	88,500	4,470	5.1	26.0	17,190	19.4
1955	98,400	5,000	5.1	25.2	19,840	20.2
1956	108,700	5,850	5.4	25.4	23,000	21.2
1957	119,700	6,430	5.4	25.2	25,530	21.3
1958	101,100	5,920	5.9	25.1	23,610	23.4
1959	106,200	5,210	4.9	21.2	24,540	23.1
1960	118,900	6,276	5.3	21.2	29,590	24.9
1961	123,900	6,678	5.4	20.8	32,170	26.0
1962	131,300	7,517	5.7	21.0	35,760	27.2
1963	142,600	8,727	6.1	21.6	40,410	28.3
1964	159,800	10,069	6.3	22.4	44,890	28.1
1965	173,700	10,339	6.0	21.1	48,950	28.2

- BRONNE: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 12 en 14.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 12
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1964. p. 12.
4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 98.

1) Sien ook grafiek I in bylae.

finansiële verslapping waarskynlik meer as die ander lande van die wêreld gevoel het. Gedurende 1965 egter was Frankryk se invoer meer as ooit tevore. Hierdie uitbreiding kan waarskynlik inter alia aan die totstandkoming van die E.E.G. toegeskryf word. Dit blyk verder dat Frankryk se invoer as n persentasie van die E.E.G.-lande se invoer tot en met 1961 n dalende neiging vertoon, waarna tot 1964 weer n toename voorkom met n effense daling in 1965. Dit wil dus voorkom asof Frankryk se invoerposisie in die E.E.G. verswak het maar na 1960 weer begin verbeter het. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat Frankryk met baie betalingsbalansprobleme te kampe gehad het asook met n onstabiele regering. Dit wil voorkom asof Frankryk se posisie gedurende 1965 sowel in die E.E.G. as in die wêreld verswak het. Hierdie verswakking is waarskynlik toe te skryf aan die moeilikheid wat Frankryk met sy E.E.G.-vennote gehad het en die verkiesing wat plaasgevind het. Dit was egter probleme wat net tot Frankryk beperk was aangesien die aandeel van die E.E.G.-lande in wêreldinvoer steeds gestyg het. Verder moet in gedagte gehou word dat vermindering in invoer n voordelige uitwerking op die betalingsbalans het.

In tabel 20 word die uitvoer vir die tydperk 1938 tot 1965 aangedui. Hieruit blyk dat Frankryk se uitvoer n wisselende maar sedert 1959 n steeds toenemende tendens vertoon. Wat Frankryk se uitvoer as persentasie van die wêrelduitvoer betref het daar rëëlmatige skommelings voorgekom. Ook is dit duidelik dat die uitvoer van Frankryk in vergelyking met die E.E.G.-uitvoer sedert 1956 n dalende neiging toon, terwyl die aandeel van die E.E.G.-lande in die wêrelduitvoer veral sedert 1959 toegeneem het.

III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.

Hierdie paragraaf word gewy aan die invoer van Frankryk volgens lande van herkoms asook aan die persentasie invoer vanaf die verskillende lande.

Tabel/...

TABEL 20

1)

UITVOER VAN FRANKRYK, DIE WÊRELD EN DIE E.E.G.: 1938-1965.

Jaar	Wêreld Miljoen V.S.A. Dollars	FRANKRYK			E.E.G.	
		Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Uitvoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Uitvoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Uitvoer
1938	23,500	880	3.8	20.2	4,360	18.6
1948	57,500	2,110	3.7	31.6	6,680	11.6
1953	82,600	4,020	4.9	27.4	14,670	17.8
1954	86,100	4,400	5.1	26.9	16,340	19.0
1955	93,700	5,080	5.4	26.9	18,920	20.2
1956	103,700	4,760	4.6	23.0	20,710	20.0
1957	111,800	5,340	4.8	23.0	23,180	20.7
1958	107,900	5,380	5.0	23.0	23,440	21.7
1959	101,100	5,660	5.6	22.2	25,460	25.2
1960	112,700	6,862	6.1	23.1	29,730	26.4
1961	117,900	7,210	6.1	22.3	32,320	27.4
1962	123,700	7,361	6.0	21.5	34,200	27.7
1963	135,100	8,082	6.0	21.5	37,550	27.8
1964	151,900	8,993	5.9	21.1	42,560	28.0
1965	164,800	10,051	6.1	20.9	48,040	29.2

- BRONNE: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of International trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 13 en 15.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 13.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 13.
4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 99.

1) Sien ook grafiek II in bylae.

Tabel 21 is n weergawe van Frankryk se invoer vanaf die E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van die res van die E.E.G. se totale uitvoer. Hier word dus n aanduiding van Frankryk se belangrikheid as land van bestemming vir die E.E.G.-lande gegee. Volgens hierdie tabel het Frankryk vir die betrokke tydperk steeds n groter persentasie van die res van die E.E.G. se uitvoer opgeneem. Alhoewel daar nêrens n verslapping is nie, het die jaarlikse toename sedert die totstandkoming van die E.E.G. n groter mate van vermeerdering vertoon as wat voor 1958 die geval was.

In tabel 22 word n uiteensetting gegee van die omvang van Frankryk se invoer vanaf die E.E.G.-lande. Dit word in Franse Franke en as persentasie van die totale invoer vir die tydperk 1948 tot 1964 verstrek. Volgens hierdie tabel was Wes-Duitsland en België-Luxembourg onderskeidelik die eerste en tweede vernaamste leweransiers uit die E.E.G. Dit is egter ook so dat Wes-Duitsland se aandeel in die Franse mark sedert 1958 n afname vertoon terwyl die aandeel van België-Luxembourg min of meer konstant bly. Nederland se aandeel het geskommel en hy is in 1960 deur Italië uit die derde posisie verplaas.

Volgens tabel 23 wat die invoer van Frankryk volgens land van herkoms aandui, blyk dit dat Wes-Duitsland, die V.S.A., België-Luxembourg, Italië, die Verenigde Koninkryk en Nederland in volgorde van belangrikheid gedurende 1964 die vernaamste leweransiers was. Met uitsondering van die V.S.A. lewer al hierdie lande sedert die totstandkoming van die E.E.G. n groter gebeelte van Frankryk se invoer. Die skerper toename in die aandeel van die E.E.G.-lande in Frankryk se invoerpakket is opvallend terwyl die van die Republiek van Suid-Afrika feitlik konstant gebly het. Afgesien van Switserland wat n effense vermeerdering getoon het, het die meeste ander lande op hierdie tabel genoem óf konstant gebly óf n daling getoon.

TABEL 21

FRANKRYK SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE UITGE-
DRUK AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE UITVOER
VIR DIE TYDPERK 1948 TOT 1964.

Jaar	Persentasie
1948	3.97
1954	4.53
1955	4.98
1956	5.25
1957	5.51
1958	5.82
1959	6.93
1960	8.14
1961	8.44
1962	9.47
1963	10.69
1964	11.30

- BRON: Verwerk uit:
- (1) Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 221.
 - (2) Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 243.
 - (3) Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 270.

1) Sien ook grafiek III in bylae.

TABEL 22

1)

FRANKRYK SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948-1964.

Jaar	Wes-Duitsland		Nederland		België-Luxembourg		Italië		Totaal
	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke
1948	359.6	40.5	162.0	18.3	252.5	28.4	113.8	12.8	887.9
1954	1,203.3	45.4	464.1	17.5	706.6	26.7	275.9	10.4	2,649.9
1955	1,540.3	45.6	491.8	14.6	977.7	28.9	368.1	10.9	3,377.9
1956	1,990.3	48.5	544.5	13.3	1,072.9	26.1	498.4	12.1	4,106.1
1957	2,497.6	51.9	573.3	11.9	1,178.1	24.5	564.1	11.7	4,813.1
1958	2,742.0	53.2	595.8	11.5	1,263.8	24.7	544.5	10.5	5,146.1
1959	3,647.8	54.2	872.2	13.0	1,329.8	19.8	876.9	13.0	6,726.7
1960	4,887.9	53.6	1,152.5	12.6	1,838.3	20.1	1,247.1	13.7	9,125.8
1961	5,626.3	54.2	1,246.7	12.0	1,999.9	19.3	1,509.1	14.5	10,382.0
1962	6,536.2	52.5	1,424.7	11.4	2,453.6	19.7	2,046.0	16.4	12,460.5
1963	7,760.0	50.2	1,873.1	12.1	3,253.1	21.2	2,552.3	16.5	15,438.5
1964	9,114.2	49.0	2,459.5	13.2	3,875.1	20.9	3,133.5	16.9	18,582.3

- BRONNE: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 221.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 243.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 270.

1) Sien ook grafiek XIII in bylae.

TABEL 23

FRANKRYK SE INVOER VOLGENS LANDE VAN HERKOMS UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE INVOER: 1948 - 1964.

Land van Herkoms	Volgorde van Belangrikheid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Wes-Duitsland	2	1	5.4	7.9	9.2	10.1	11.0	11.6	14.5	15.8	17.1	17.6	18.0	18.3
België-Luxembourg	4	3	3.8	4.6	5.5	5.4	5.2	5.4	5.3	5.9	6.1	6.6	7.5	7.8
Italië	9	4	1.7	1.8	2.2	2.5	2.5	2.3	3.5	4.0	4.6	5.5	5.9	6.3
Switserland	8	7	2.0	2.0	2.0	2.3	2.0	2.1	2.2	2.0	2.2	2.4	2.5	2.3
V.S.A.	1	2	17.6	8.8	9.6	12.1	13.3	10.0	8.4	11.9	11.0	10.3	10.4	11.3
Verenigde Koninkryk	5	5	2.8	4.6	4.5	5.5	4.3	3.6	3.9	3.7	4.5	5.2	6.0	5.4
Nederland	7	6	2.4	3.0	2.9	2.8	2.5	2.5	3.5	3.7	3.8	3.8	4.3	4.9
Swede	10	8	1.4	1.8	2.0	2.2	2.0	1.8	1.7	1.7	1.9	1.9	1.9	2.0
Finland	14	15	0.7	0.9	0.9	0.9	0.9	1.0	0.9	0.9	1.0	0.8	0.8	0.8
Kanada	10	12	1.4	1.0	1.3	1.2	1.1	1.0	1.0	1.5	1.4	1.0	0.9	1.1
Suid-Afrika	12	13	1.1	1.5	1.1	1.0	0.9	0.8	0.8	0.8	0.8	0.9	0.8	1.0
U.S.S.R.	15	11	0.3	1.7	1.0	1.2	1.1	1.7	2.0	1.5	1.5	1.5	1.6	1.4
Argentinië	6	13	2.5	1.3	0.8	1.4	0.8	0.6	0.9	0.9	0.9	1.1	1.0	1.0
Iran	13	15	1.0	0.2	0.8	1.0	1.0	0.8	1.0	0.6	0.4	0.5	0.6	0.8
Australië	3	10	4.4	4.1	3.6	3.2	1.5	2.4	2.6	2.2	2.0	1.8	1.8	1.6
Kongo	16	17		0.8	1.0	0.9	0.7	0.6	0.7	0.6	0.5	0.5	0.4	0.3
Kuweit	16	9		3.3	3.3	3.1	3.4	3.3	2.9	2.3	2.4	2.0	1.7	1.7
Andër Lande			51.5	50.7	48.3	43.2	45.8	48.5	44.2	40.0	37.9	36.6	33.9	32.0
Totaal			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 221.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 243.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 270.

1) Sien ook grafiek XV in bylae.

IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming.

In hierdie paragraaf word die aandaggebepaal by die uitvoerhandel van Frankryk volgens land van bestemming. Dit word gedoen in tabelle 24, 25 en 26.

In tabel 24 word gelet op Frankryk se uitvoer na die ander E.E.G.-lande as persentasie van die res van die E.E.G. se totale invoer. Dit blyk dat Frankryk se aandeel in die res van die E.E.G. se invoer tot en met 1961 skommelend verloop. Daarna is egter n steeds toenemende hoeveelheid van die res van die E.E.G. se mark deur Frankryk verower.

In tabel 25 word die Franse uitvoer na die individuele E.E.G.-lande eers in miljoene Franse Franke en dan as n persentasie van sy totale uitvoer na die E.E.G. weergegee. Volgens hierdie tabel was Wes-Duitsland vanaf 1954 Frankryk se vernaamste koper uit die E.E.G. Die persentasie Franse goedere wat Wes-Duitsland gekoop het, het gedurende hierdie tydperk min of meer konstant gebly, alhoewel n afnemende tendens sedert 1960 waarneembaar is. België-Luxembourg, wat Frankryk se tweede belangrikste afsetgebied in die E.E.G. is het tot en met 1963 steeds n kleiner persentasie Franse goedere gekoop maar in 1964 n toename vertoon. Italië het met uitsondering van 1948 steeds derde in die volgorde van belangrikheid gelê. Volgens hierdie tabel is dit duidelik dat Nederland, wat sedert 1954 Frankryk se swakste koper uit die E.E.G. was, besig is om in verhouding steeds minder van Frankryk te koop, in 1964 het daar egter n styging voorgekom. In absolute syfers het die Franse uitvoer na al die E.E.G.-lande toegeneem. Die mate van toename was egter nie vir almal ewe groot nie. Hier kan veral Italië uitgesonder word, wat gedurende die tydperk onder bespreking sy handel met Frankryk grootliks uitgebrei het.

In tabel 26 word die totale uitvoer van Frankryk volgens lande bestemming uitgedruk as n persentasie van die totale uitvoer weergegee. Hierdie tabel toon dat Wes-Duitsland vir die betrokke periode, met die uitsondering van 1948, Frankryk se belangrikste mark was. Die V.S.A.

het/...

TABEL 24

FRANKRYK SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE UITGEDRUK
AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE INVOER
VIR DIE TYDPERK 1948 TOT 1964.¹⁾

Jaar	Persentasie
1948	2.21
1954	5.10
1955	5.69
1956	4.79
1957	5.03
1958	5.51
1959	7.95
1960	8.83
1961	7.97
1962	9.68
1963	9.83
1964	10.09

- BRON: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 221.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 243.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 270.

1) Sien ook grafiek IV in bylae.

TABEL 25

FRANKRYK SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948-1964. ¹⁾

Jaar	Wes-Duitsland		Nederland		België-Luxembourg		Italië		Totaal
	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke	As persentasie van Totaal	Miljoen Franse Franke
1948	233.8	30.2	182.2	23.5	312.6	40.3	46.1	6.0	774.7
1954	1,233.3	38.8	369.0	11.6	1,003.2	31.5	575.3	18.1	3,180.8
1955	1,769.4	42.8	511.2	12.3	1,190.0	28.8	665.4	16.1	4,136.0
1956	1,661.8	41.4	460.1	11.4	1,248.7	31.0	653.6	16.2	4,024.2
1957	2,022.2	42.9	522.2	11.1	1,405.8	29.9	754.1	16.1	4,704.3
1958	2,245.2	47.0	435.4	9.1	1,364.6	28.6	727.6	15.3	4,772.8
1959	3,630.9	48.2	714.8	9.5	1,868.6	24.8	1,319.6	17.5	7,533.9
1960	4,655.6	46.2	916.3	9.1	2,533.6	25.1	1,979.3	19.6	10,084.8
1961	5,407.5	45.3	1,174.3	9.8	2,960.5	24.8	2,411.7	20.1	11,954.0
1962	6,278.1	46.9	1,251.9	9.3	3,128.5	23.4	2,733.8	20.4	13,392.3
1963	6,621.6	43.4	1,327.9	8.7	3,627.4	23.8	3,690.3	24.2	15,267.2
1964	7,726.7	44.9	1,737.6	10.1	4,329.3	25.1	3,428.8	19.9	17,222.4

- BRONNE:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 221.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1958. p. 243.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 270.

1) Sien ook grafiek XIV in bylae.

FRANKRYK SE UITVOER VOLGENS LAND VAN BESTEMMING UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE UITVOER: 1948-1964.

Land van Bestemming	Volgorde van Belangrikheid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Wes-Duitsland	4	1	5.4	8.2	10.2	10.2	10.7	10.4	13.1	13.7	15.2	17.3	16.6	17.4
België-Luxembourg	2	2	7.2	6.7	6.9	7.7	7.4	6.3	6.7	7.5	8.3	8.6	9.1	9.8
Italië	9	3	1.1	3.8	3.8	4.0	4.0	3.4	4.8	5.8	6.8*	7.5	9.3	7.7
Switserland	3	4	5.5	6.5	5.0	6.7	5.3	3.8	4.1	4.6	5.0	5.8	6.2	6.3
V.S.A.	6	5	3.6	3.6	4.2	4.8	4.7	5.9	8.3	5.8	5.8	5.8	5.2	5.2
Verenigde Koninkryk	1	6	7.3	5.6	7.2	6.0	5.5	4.9	4.5	5.1	5.1	4.7	4.9	5.1
Nederland	5	7	4.2	2.5	3.0	2.8	2.8	2.0	2.6	2.7	3.3	3.4	3.3	3.9
Swede	7	8	3.0	2.1	1.8	1.5	1.4	1.6	1.3	1.7	1.5	1.7	1.6	1.7
Finland	10	9	0.7	1.0	0.9	1.0	0.7	0.6	0.7	0.9	0.8	0.8	0.6	0.9
Kanada	11	10	0.5	0.5	0.5	0.7	0.7	0.8	1.0	0.8	0.7	0.7	0.7	0.7
Suid-Afrika	13	10	0.3	0.5	0.4	0.6	0.6	0.5	0.5	0.5	0.4	0.5	0.7	0.7
U.S.S.R.	15	10	0.0	0.7	0.7	0.9	0.9	1.5	1.6	1.7	1.5	1.9	0.8	0.7
Argentinië	8	13	1.5	1.0	1.3	0.7	0.7	0.7	0.9	0.9	1.3	1.0	0.6	0.6
Iran	14	14	0.2	0.2	0.3	0.5	0.4	0.6	0.6	0.5	0.4	0.3	0.3	0.4
Australië	12	14	0.4	0.5	0.7	0.5	0.3	0.5	0.4	0.5	0.3	0.4	0.4	0.4
Kongo	16	16		0.3	0.3	0.3	0.3	0.2	0.2	0.2	0.1	0.1	0.1	0.2
Kuweit	16	17		0.0	0.0	0.0	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1
Ander Lande			59.1	56.3	52.8	51.1	53.5	56.2	48.1	47.0	43.4	39.4	39.5	38.2
Totaal			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 221.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 243.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 270.

* Hierdie syfer is geskat, indien volgens die V.V.O. se statistieke geraam word werk die betrokke syfer op 1.2 persent uit.

1) Sien ook grafiek XVI in bylae.

het tot 1959 in belangrikheid toegeneem maar daarna n afname begin toon terwyl die Verenigde Koninkryk skommelend verloop het in n afwaartse rigting. Die E.E.G.-lande het volgens hierdie tabel steeds n groter proporsie van die Franse uitvoerpakket opgeneem. Switserland het effens uitgebrei terwyl die res van die lande hier vermeld óf konstant gebly het óf verminder het. Dit wil voorkom asof Suid-Afrika gedurende 1963 en 1964 meer vanaf Frankryk ingevoer het, n feit wat waarskynlik aan groter bestellings van verdedigingsmateriaal toegeskryf kan word.

V. Slot.

Uit die verskillende tabelle wat in hierdie hoofstuk weergegee is, word dit duidelik dat Frankryk se buitelandse handel sedert die totstandkoming van die E.E.G. heelwat uitgebrei het. Tabel 19 toon feitlik voortdurende toenames in die invoer terwyl dit uit tabel 20 duidelik word dat ook die uitvoer sedert 1958 heelwat vermeerder het. Tabel 21 wat van die allergrootste belang is omdat Frankryk se belangrikheid as land van bestemming vir die res van die E.E.G. hier aangedui word, vertoon n groter toename in die aandeel van Frankryk as voor 1958. Uit tabel 22 word dit duidelik dat die ander E.E.G.-lande steeds ewerediger hoeveelhede produksie aan Frankryk lewer namate hulle uitvoer na Frankryk uitbrei. Wat die posisie kerngesond maar is dat die betrokke lande se uitvoer na Frankryk in absolute getalle gemeet steeds uitbrei. Tabel 23 gee n aanduiding van die E.E.G.-lande en die res van die wêreld se belangrikheid vir Frankryk as leweransiers. Dit is duidelik dat die E.E.G.-lande steeds in belangrikheid toeneem. Tabel 24 wat Frankryk se uitvoer as n persentasie van die totale invoer van die res van die E.E.G. aandui toon n versnelde vermeerdering na die totstandkoming van die E.E.G. Volgens tabel 25 het ook die verspreiding van die uitvoer tussen die verskillende E.E.G.-lande steeds ewerediger verloop terwyl tabel 26 die toenemende belangrikheid van die verskillende E.E.G.-lande as lande van bestemming ten opsigte van die res van die wêreld beklemtoon.

Dit kan egter nie sonder meer gestel word dat bogenoemde uitbreiding die gevolg van die totstandkoming
van/...

van die E.E.G. is nie. Dit is veral van belang om te onthou dat Frankryk op politieke vlak tot ongeveer ten tye van die totstandkoming van die E.E.G. baie onstabiel was. Sedertdien kon stabiliteit beslis tot die vermeerderde buitelandse handel bygedra het. Dit kan na aanleiding van die tabelle in hierdie hoofstuk aangeneem word dat die E.E.G. 'n belangrike invloed op hierdie vermeerderde handel gehad het. Om vas te stel hoeveel invloed aan die E.E.G. toegeskryf kan word is 'n feitlik onmoontlike taak.

HOOFSTUK VII.ITALIË.I. Enkele aspekte van die handelstruutuur. (1)

Italië, met sy bevolking van ongeveer vyftig miljoen is ook soos die ander E.E.G.-lande in 'n groot mate van die invoer van grondstowwe afhanklik. Wat die handelsbeleid betref is dit noodsaaklik om aan te toon dat die invoer oorwegend uit voedselsoorte (in die besonder olie-saad, graansoorte, koffie en vleis), grondstowwe, petroleum en steenkool bestaan.

Heeltemal teenstellend hiermee bestaan die uitvoer hoofsaaklik uit masjinerie, vervoeruitrusting en vervaardigde goedere.

'n Groot bron van inkomste vir Italië is toerisme en geld wat daarheen gestuur word deur Italiaaners wat elders werksaam is.

Soos in die geval met die ander E.E.G.-lande is ook Italië in 'n groot mate vir 'n gesonde ekonomie van sy buitelandse handel afhanklik. Buitelandse handelsbetrekkinge speel dus 'n baie belangrike rol in die Italiaanse ekonomie.

II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Hier word die in- en uitvoer van die E.E.G. deur tabelle 27 en 28 gedek. In tabel 27 kan die invoer van Italië en die E.E.G. met dié van die res van die wêreld vergelyk word. Hiervolgens toon die E.E.G. se invoer as persentasie van die wêreldinvoer vanaf 1948 tot 1960 'n redelike toename. Vanaf 1960 is daar 'n skerp stygende tendens wat in 1963 'n hoogtepunt bereik en daarna weer afneem. Hierdie afname kan waarskynlik aan die stygende wêreldhandel en die effense afname in Italiaanse invoer toegeskryf word. Die styging in Italiaanse invoer het voorgekom net na die totstandkoming van die E.E.G. Soos in die vorige hoofstukke moet dit weereens gestel word dat die

E.E.G./...

(1) European Economic Community Commission, op.cit., p. 353-389.

TABEL 27.

INVOER VAN ITALIË, DIE WÊRELD EN DIE E.E.G.: 1938 - 1965. 1)

Jaar	Wêreld	ITALIË			E.E.G.	
	Miljoen V.S.A. Dollars	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- invoer	As persen- tasie van Totale E.E.G.- Invoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Invoer
1938	25,400	593	2.3	11.6	5,130	20.2
1948	63,600	1,539	2.4	14.5	10,650	16.7
1953	84,300	2,420	2.9	15.6	15,500	18.4
1954	88,500	2,439	2.8	14.2	17,190	19.4
1955	98,400	2,711	2.8	13.7	19,840	20.2
1956	108,700	3,175	2.9	13.8	23,000	21.2
1957	119,700	3,674	3.1	14.4	25,530	21.3
1958	101,100	3,216	3.2	13.6	23,610	23.4
1959	106,200	3,369	3.2	13.7	24,540	23.1
1960	118,900	4,725	4.0	16.0	29,590	24.9
1961	123,900	5,223	4.2	16.2	32,170	26.0
1962	131,300	6,056	4.6	16.9	35,760	27.2
1963	142,600	7,590	5.3	18.8	40,410	28.3
1964	159,800	7,231	4.5	16.1	44,890	28.1
1965	173,700	7,351	4.2	15.0	49,950	28.2

- BRONNE:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 12 and 14.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 12.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 12.
 4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 98.

1) Sien ook grafiek 1 in bylae.

TABEL 28

UITVOER VAN ITALIË, DIE WÊRELD EN DIE E.E.G.: 1938-1965.¹⁾

Jaar	Wêreld Miljoen V.S.A. Dollars	Italië			E.E.G.	
		Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- uitvoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. uitvoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- uitvoer
1938	23,500	553	2.4	12.7	4,360	18.6
1948	57,500	1,077	1.9	16.1	6,680	11.6
1953	82,600	1,507	1.8	10.3	14,670	17.8
1954	86,100	1,638	1.9	10.0	16,340	19.0
1955	93,700	1,857	2.0	9.8	18,920	20.2
1956	103,700	2,145	2.1	10.4	20,710	20.0
1957	111,800	2,552	2.3	11.0	23,180	20.7
1958	107,900	2,577	2.4	11.0	23,440	21.7
1959	101,100	2,913	2.9	11.4	25,460	25.2
1960	112,700	3,648	3.2	12.3	29,730	26.4
1961	117,900	4,183	3.6	12.9	32,320	27.4
1962	123,700	4,666	3.8	13.6	34,200	27.7
1963	135,100	5,055	3.7	13.5	37,550	27.8
1964	151,900	5,956	3.9	14.0	42,560	28.0
1965	164,800	7,188	4.4	14.9	48,040	29.2

- Bronne: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 13 & 15.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 13.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 13.
4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 99.

1) Sien ook grafiek II in bylae.

E.E.G. waarskynlik in 'n groot mate vir hierdie styging verantwoordelik was maar nie noodwendig die enigste oorsaaklike rede was nie. Uit hierdie tabel word dit ook duidelik dat Italië se invoer as persentasie van die E.E.G.-invoer sedert 1958 'n redelike skerp stygende tendens vertoon het, maar na 1963 afneem waarskynlik ook as gevolg van die stygende wêreldhandel en die effense afname in Italiaanse invoer.

In tabel 28 word die uitvoer van Italië en die E.E.G. in vergelyking met die van die wêreld aangedui. Hieruit blyk dat Italië se uitvoer uitgedruk as persentasie van die uitvoer van die wêreld sedert 1953 met uitsondering van 1963 gestyg het terwyl sy uitvoer as persentasie van die E.E.G. met uitsondering van 1963 sedert 1956 ook steeds gestyg het. In miljoene V.S.A. Dollars gemeet toon Italië se uitvoer ook deurlopende toenames. Die tempo van toename het sedert die totstandkoming van die E.E.G. egter nie veel versnelling ondergaan nie.

III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.

In tabelle 29, 30 en 31 word Italië se invoer volgens lande van herkoms asook die persentasies wat hierdie invoer verteenwoordig beklemtoon.

In tabel 29 word die aandag bepaal by Italië se invoer vanaf die E.E.G.-lande uitgedruk as persentasies van die res van die E.E.G. se totale uitvoer. Volgens hierdie tabel het Italië se proporsie handel met die E.E.G. tot 1958 grootliks geskommel. Vanaf 1958 egter het Italië steeds 'n groter aandeel van die res van die E.E.G. se uitvoer, ingevoer. In 1964 was daar egter 'n afname te bespeur.

In tabel 30 word die invoer van Italië vanaf die individuele E.E.G.-lande in miljoene Italiaanse Lire en dan as 'n persentasie van die totale invoer vanaf die ander E.E.G.-lande aangedui. Volgens hierdie tabel was Wes-Duitsland vir die betrokke tydperk die belangrikste leweransier. Dit is egter ook duidelik dat Wes-Duitsland geleidelik besig is om in belangrikheid af te neem. Frankryk, wat die tweede vernaamste leweransier is het tot en met 1961 in belangrikheid toegeneem en daarna weer

skommelende/...

TABEL 29

ITALIË SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE UITGEDRUK
AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE UITVOER
VIR DIE TYDPERK 1948 TOT 1964. ¹⁾

Jaar	Persentasie
1948	1.30
1954	4.08
1955	3.79
1956	3.76
1957	3.80
1958	3.28
1959	3.97
1960	5.02
1961	5.47
1962	6.39
1963	7.70
1964	6.46

- BRON: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 336.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 359.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 392.

* Oos-Duitsland se uitvoer is by die berekening van hierdie syfer ingevoeg.

1) Sien ook grafiek III in bylae.

TABEL 30

ITALIË SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948-1964.¹⁾

Jaar	Wes-Duitsland		Frankryk		België-Luxembourg		Nederland		Totaal
	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire
1948	17,590*	38.5	7,893	17.3	10,116	22.2	10,022	22.0	45,621
1954	203,679	54.3	100,855	26.9	39,179	10.5	31,206	8.3	374,919
1955	214,733	53.0	111,325	27.5	37,679	9.3	41,234	10.2	404,971
1956	247,558	56.7	103,331	23.7	41,999	9.6	43,897	10.0	436,785
1957	277,258	56.6	124,174	25.4	40,591	8.3	47,497	9.7	489,520
1958	241,080	56.4	94,690	22.2	40,138	9.4	51,491	12.0	427,399
1959	291,323	52.0	162,082	28.9	48,709	8.7	57,556	10.3	559,670
1960	418,835	51.2	248,679	30.4	72,443	8.9	77,958	9.5	817,915
1961	509,370	52.9	299,505	31.2	76,148	7.9	77,267	8.0	962,290
1962	639,888	54.3	334,242	28.3	103,783	8.8	101,741	8.6	1,179,654
1963	812,876	52.0	459,946	29.4	151,340	9.7	139,985	8.9	1,564,147
1964	736,834	49.9	446,086	30.2	131,601	8.8	163,374	11.1	1,477,895

- BRONNE: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 336.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 359.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 392.

* Oos- en Wes-Duitsland.

1) Sien ook grafiek XVII in bylae.

skommelende neigings vertoon. België-Luxembourg se uitvoer na Italië wat tot 1960 skommelende neigings vertoon het, het daarna n stabiele toename begin toon en Nederland gedurende 1962 as derde belangrikste leweransier vervang maar in 1964 weer vierde plek ingeneem. Invoer vanaf Nederland het n effense skommeling ondergaan, maar oor die algemeen redelik stabiel gebly. In nominale eenhede gemeet het Italië steeds meer vanaf hierdie lande ingevoer.

In tabel 31 word Italië se invoer volgens die vernaamste lande van herkoms beskou. Hiervolgens blyk dit dat die V.S.A., wat aanvanklik (1954 uitgesluit toe Wes-Duitsland hierdie posisie bekleë het) Italië se belangrikste leweransier was gedurende 1959 deur Wes-Duitsland as vernaamste leweransier vervang is. In 1961 het die V.S.A. sy posisie as belangrikste leweransier teruggewen, om dit weer gedurende 1962 aan Wes-Duitsland af te staan. Frankryk, was in 1957 Italië se derde belangrikste leweransier waarna die Verenigde Koninkryk gedurende 1958 hierdie plek ingeneem het. In die volgende jaar het Frankryk egter weer die voortou geneem en dit behou. België-Luxembourg se aandeel in Italië se invoer het gedurende die tydperk 1948 tot 1964 met 1.7 persent toegeneem en van negende na sesde plek beweeg. Nederland wat met 2.4 persent toegeneem het, het van negende na vyfde plek beweeg. Die ander lande op hierdie tabel aangedui, wat die Republiek van Suid-Afrika insluit het meestal in belangrikheid afgeneem.

IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming.

In hierdie paragraaf word die aandag gevestig op die uitvoer van Italië volgens lande van bestemming.

In tabel 32 word Italië se uitvoer na die ander E.E.G.-lande as persentasies van die res van die E.E.G. se totale invoer uitgedruk. Volgens hierdie tabel het Italië se uitvoer, afgesien van n baie geringe afname in 1963, steeds n groter persentasie van die res van die E.E.G. se invoer uitgemaak. Dit is opvallend dat die toename van 1956 tot 1958 slegs 0.57 persent was terwyl die toename van 1958 tot 1964 soveel as 3.04 persent wat. Daar is dus grootskaalse uitbreiding na die totstandkoming van die E.E.G.

In/...

TABEL 31

ITALIË SE INVOER VOLGENS LANDE VAN HERKOMS UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE INVOER : 1948-1964. ¹⁾

Land van Herkoms	Volgorde van Be-langrik-heid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Wes-Duitsland	6	1	2.1	13.4	12.7	12.5	12.2	12.0	13.8	14.2	15.6	16.9	17.1	16.3
Frankryk	12	3	0.9	6.6	6.6	5.2	5.5	4.7	7.7	8.4	9.2	8.8	9.7	9.9
V.S.A.	1	2	37.6	12.3	15.0	16.4	18.9	16.3	11.1	14.2	16.5	14.6	13.7	15.3
Switserland	4	7	3.1	3.8	3.4	3.2	2.9	3.2	3.4	2.9	2.9	2.8	2.6	2.5
Verenigde Koninkryk	3	4	3.2	6.7	5.3	5.4	4.9	5.5	5.5	5.1	5.5	6.3	6.3	5.5
Nederland	9	5	1.2	2.0	2.4	2.2	2.1	2.6	2.7	2.6	2.4	2.7	2.9	3.6
België-Luxembourg	9	6	1.2	2.6	2.2	2.1	1.8	2.0	2.3	2.5	2.3	2.7	3.2	2.9
Swede	8	9	1.3	2.0	1.9	2.1	1.9	2.0	2.1	1.9	1.9	2.0	1.9	1.9
U.S.S.R.	14	8	0.3	1.0	0.9	0.7	1.4	1.3	2.3	2.7	2.8	2.7	2.3	2.0
Suid-Afrika	11	11	1.0	1.8	1.6	1.8	1.4	1.6	1.1	1.0	0.9	1.2	1.0	1.0
Kanada	7	12	2.0	0.7	1.1	1.2	1.7	1.5	0.9	1.4	1.5	1.2	1.1	0.9
Australië	2	10	3.9	4.4	3.3	2.8	3.8	3.0	2.6	2.5	2.5	2.0	1.6	1.8
Finland	15	13	0.1	0.4	0.3	0.4	0.4	0.4	0.5	0.5	0.7	0.6	0.6	0.6
Iran	5	14	2.3	0.5	0.6	0.6	0.5	0.5	1.0	0.6	0.6	0.3	0.3	0.5
Kongo	13	14	0.5	0.7	0.6	0.7	0.7	0.8	1.1	0.8	0.7	0.7	0.4	0.5
Ander Lande			39.3	41.1	42.1	42.7	39.9	42.6	41.9	38.7	34.0	34.5	35.3	36.6
TOTAAL			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- BRON: Verwerk uit: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 336.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 359.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 392.

* Oos- en Wes-Duitsland.

1) Sien ook grafiek XIX in bylae.

TABEL 32

ITALIË: SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE UITGEDRUK
AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE INVOER
VIR DIE TYDPERK 1948 TOT 1964. ¹⁾

Jaar	Persentasie
1948	1.16
1954	2.41
1955	2.54
1956	2.74
1957	2.90
1958	2.98
1959	3.79
1960	4.33
1961	4.85
1962	5.47
1963	5.46
1964	6.02

- Bron: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 336.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics, 1962, New York, 1964. p. 359.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics, 1964, New York, 1966. p. 392.

* Oos-Duitsland se uitvoer is by die berekening van hierdie syfer ingevoeg.

1) Sien ook tabel III in bylae.

In tabel 33 word Italië se uitvoer na die ander E.E.G.-lande eers in miljoene Italiaanse Lire en dan as persentasies van Italië se totale uitvoer na hierdie lande weergegee. Volgens hierdie tabel word die meeste na Wes-Duitsland uitgevoer, die persentasie goedere wat na hierdie gebied toe uitgevoer is het egter sedert 1958 verminder. Die tweede vernaamste uitvoermark is Frankryk wat vanaf 1958, afgesien van 1961 en 1964, toenemende persentasies van die Italiaanse uitvoer koop. Gedurende 1957 was België-Luxembourg die derde belangrikste koper van Italiaanse goedere uit die E.E.G. Die proporsie uitvoer na hierdie land toon vanaf 1957 tot 1962 geen besondere styging nie waarna n styging wel voorgekom het. Vanaf 1959 het Nederland die posisie as derde belangrikste afsetgebied in die E.E.G. ingeneem.

Tabel 34, wat Italië se totale uitvoer na die res van die wêreld volgens lande van bestemming as persentasie van Italië se totale uitvoer aandui, toon dat Wes-Duitsland sedert 1954 steeds Italië se vernaamste afsetgebied gebly het. Die V.S.A., wat in 1957 Italië se tweede vernaamste afsetgebied was, is gedurende 1963 deur Frankryk wat in 1957 die vierde belangrikste was uit hierdie posisie verdring. Die Verenigde Koninkryk wat in 1957 die vyfde belangrikste koper van Italiaanse goedere was het toegeneem tot selfs Frankryk in 1958 en 1959 oortref is, hierna het die Verenigde Koninkryk steeds n kleiner gedeelte van die Italiaanse uitvoer aangekoop. Hierdie posisie is egter in 1964 verander toe die Verenigde Koninkryk weer n groter proporsie Italiaanse goedere ingevoer het. Switserland wat in 1957 die derde vernaamste koper was, het gedurende 1963 die vierde plek bekleed. Frankryk het Switserland gedurende 1960 verbygesteek. België-Luxembourg en Nederland, wat in 1957 onderskeidelik sewende en agste plekke bekleed het, het gedurende 1964 onderskeidelik sewende en sesde plekke ingeneem terwyl Swede, wat in 1957 sesde plek bekleed het in 1964 die agste plek ingeneem het. Suid-Afrika het na die totstandkoming van die E.E.G. steeds n kleiner persentasie van die Italiaanse uitvoer opgeneem, maar sedert 1963 is hierdie posisie verander. Die res van die lande op hierdie tabel aangedui het óf stabiel gebly óf afnames vertoon.

TABLE 33

ITALIË SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948-1964.¹⁾

Jaar	Wes-Duitsland		Frankryk		België-Luxembourg		Nederland		Totaal
	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire	As persentasie van Totaal	Miljoen Lire
1948	16,577*	25.1	23,058	35.0	15,825	24.0	10,475	15.9	65,935
1954	115,159	51.7	60,463	27.2	24,275	10.9	22,632	10.2	222,529
1955	145,664	53.5	67,601	24.8	31,192	11.5	27,946	10.2	272,403
1956	179,983	53.0	95,998	28.3	30,759	9.0	32,939	9.7	339,679
1957	222,491	56.2	100,834	25.4	38,698	9.8	34,165	8.6	396,188
1958	226,748	59.7	84,558	22.2	35,997	9.5	32,810	8.6	380,113
1959	294,904	58.9	112,089	22.4	46,127	9.2	47,880	9.5	501,000
1960	375,761	55.8	172,116	25.5	59,044	8.8	66,762	9.9	673,683
1961	465,487	57.0	199,671	24.4	72,041	8.8	80,036	9.8	817,235
1962	562,322	55.4	269,298	26.5	84,855	8.3	99,245	9.8	1,015,720
1963	564,340	50.3	328,038	29.3	113,244	10.1	115,129	10.3	1,120,851
1964	707,329	49.9	406,374	28.7	146,636	10.4	155,821	11.0	1,416,160

- BRONNE: 1. Statistical office of the United Nations; Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 336.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 359.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1964. p. 392.

* Oos- en Wes-Duitsland.

1) Sien ook grafiek XVIII in bylae.

TABEL 34

ITALIË SE UITVOER VOLGENS LANDE VAN BESTEMMING UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE UITVOER : 1948-1964. ¹⁾

Land van Bestemming	Volgorde van belangrikheid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Wes-Duitsland	6	1	2.9*	11.2	12.6	13.4	14.0	14.1	16.2	16.5	17.8	12.2	17.9	19.0
Frankryk	4	2	4.0	5.9	5.8	7.2	6.4	5.2	6.2	7.5	7.6	9.2	10.4	10.9
V.S.A.	1	3	8.9	7.9	8.6	0.9	9.1	9.9	11.9	10.6	9.1	9.5	9.4	8.5
Switserland	3	4	7.7	7.2	7.3	7.5	7.7	7.6	7.2	6.7	6.9	7.1	6.7	6.0
Verenigde Koninkryk	2	5	7.9	7.9	7.2	6.5	6.2	6.8	7.5	6.9	6.7	6.0	5.4	5.6
Nederland	8	6	1.8	2.2	2.4	2.5	2.2	2.0	2.6	2.9	3.1	3.4	3.6	4.2
België-Luxembourg	7	7	2.8	2.4	2.7	2.3	2.4	2.2	2.5	2.6	2.8	2.9	3.6	3.9
Swede	5	8	3.4	3.0	2.7	2.5	2.8	2.7	2.3	2.0	2.4	2.3	2.1	1.9
U.S.S.R.	13	9	0.3	1.6	0.9	1.3	1.7	1.2	1.5	2.2	2.1	2.2	2.3	1.5
Suid-Afrika	9	10	1.2	1.4	1.1	1.1	1.2	1.1	1.1	1.2	0.9	0.9	1.1	1.2
Kanada	12	11	0.5	0.7	0.9	1.0	1.2	1.2	1.2	1.1	1.1	1.0	1.0	1.0
Australië	11	12	0.7	1.3	1.2	0.9	0.7	0.8	0.7	0.9	0.7	0.8	0.7	0.8
Finland	14	13	0.2	0.4	0.4	0.5	0.5	0.4	0.4	0.5	0.5	0.5	0.5	0.6
Iran	10	14	0.9	0.5	0.6	0.6	0.5	0.7	0.7	0.6	0.6	0.5	0.4	0.5
Kongo	15	15	0.0	0.4	0.4	0.5	0.4	0.3	0.3	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1
Ander Lande			56.8	46.0	45.2	51.3	43.0	43.8	37.7	37.7	37.6	34.4	34.9	34.3
TOTAAL			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- BRON: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 336.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 359.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 392.

* Oos- en Wes-Duitsland

1) Sien ook Grafiek XX in bylae

V. Slot.

Volgens tabel 27 is dit duidelik dat Italië se invoer as persentasie van die E.E.G. en die res van die wêreld se invoer sedert 1958 vinnig gestyg het maar in 1964 afgeneem het. Die uitvoer wat in tabel 28 aangetoon word het sedert die totstandkoming van die E.E.G. in toenemende mate vermeerder. Tabel 29 toon dat Italië se invoer vanaf die E.E.G.-lande, uitgedruk as n persentasie van die res van die E.E.G. uitvoer tot 1958 n skommeling ondergaan het en toe aansienlik uitgebrei het tot en met 1963, in 1964 het daar weer n effense afname voorgekom. Dat die belangrikheid van die E.E.G.-lande onderling nie veel gewissel het nie word in tabel 30 baie duidelik geïllustreer, terwyl tabel 31 die toenemende belangrikheid van die E.E.G.-lande in Italië se invoer volgens lande van herkoms baie duidelik aantoon. Die toenemende belangrikheid van Italië as land van herkoms word uit tabel 32 baie duidelik. Hier is die buitengewone groei veral vanaf 1958 te bespeure. Die verspreiding van Italië se uitvoer na die E.E.G.-lande het nie veel verander nie, dit is slegs Wes-Duitsland en Frankryk wat nader aan mekaar beweeg, hulle het egter n aansienlike gaping om te ootbrug. Tabel 34 laat die klem in die besonder op die toenemende betekenis wat die E.E.G.-lande se markte vir Italië val.

Dit word dus duidelik dat Italië se buitelandse handel heelwat by die totstandkoming van die E.E.G. gebaat het. Veral uitvoerpersentasies soos in hierdie hoofstuk bereken toon deurlopende toenames. Invoerpersentasies het egter in 1964 afnames getoon. Hierdie neiging het in 1965 voortgeduur toe Italië se invoer van 1964 en 1965 met 1.6 persent gestyg het terwyl uitvoer met 20.7 persent toegeneem het.⁽²⁾ Die wyse waarop Italië se handel met die ander E.E.G.-lande uitgebrei het is baie duidelike bewys van die E.E.G. se invloed op hierdie land se handel. Daar bestaan egter nog veel ruimte vir uitbreiding, hier word veral na die landbougebied in die suide van Italië verwys.

(2) Verwerk uit: Banco di Roma, Review of the economic conditions in Italy, May 1966, Rome.

HOOFSTUK VIII.NEDERLAND.I. Enkele aspekte van die handelstruktuur. (1)

Nederland, met n bevolking van naastenby twaalf miljoen, is veral van sy internasionale goederehandel afhanklik. Dit blyk veral as tabel 35 beskou word. Die skerp toename in die invoer vanaf 1951 tot 1956 is grootliks aan sikliese neigings en aan groeiende nywerhede toe te skryf.

TABEL 35

RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN NEDERLAND SE IN- EN UITVOER
NET VOOR DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE EUROPESE EKONOMIESE
GEMEENSKAP.

Jaar	Invoer as persentasie van die bruto volksproduk.	Uitvoer as persentasie van die bruto volksproduk.
1950	39.6	30.5
1951	44.3	38.7
1952	36.6	39.3
1956	45.5	39.2
1957	46.0	38.1

Bron: European Economic Community Commission, Report on the economic situation in the countries of the community, Sept. 1962, Brussels. p. 495.

Gesien in die lig van die hoë koers van in- en uitvoer is die ruilvoet van besondere belang vir die land se ekonomie. Omdat die invoer hoofsaaklik uit grondstowwe en die uitvoer uit vervaardigde produkte bestaan is Nederland se ruilvoet veral gevoelig vir sikliese skommelings, in die besonder oor die korttermyn. In hierdie verband/...

(1) European Economic Community Commission, op.cit., p. 471-479.

verband moet dit ook in gedagte gehou word dat sekere landbouprodukte soos melk, room, vrugte en groente n baie groot rol in die Nederlandse ekonomie speel.

II. In- en uitvoer voor en na die stigting van die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Die in- en uitvoer van die gebied word deur tabelle 36 en 37 in hierdie paragraaf gedek. In tabel 36 word die invoer van Nederland en die van die E.E.G. in vergelyking met wêreldinvoer vertoon. Tot en met 1957 was daar n toename in die invoerhandel, in 1958 n daling maar daarna n voortdurende styging. In vergelyking met die wêreld het Nederland se invoer sedert 1959 baie gelykmatig verloop met n effense daling in 1964, terwyl sy invoer vergeleke met dié van die E.E.G. geen noemswaardige skommeling vertoon het nie. Die invoer van die E.E.G. daarenteen toon in vergelyking met die wêreldinvoer n sneller toename.

In tabel 37 word die uitvoer vir die tydperk 1938 tot 1965 ontleed. Hieruit blyk dat die uitvoer van Nederland n deurlopende stygende tendens getoon het, terwyl dit in vergelyking met die E.E.G.-uitvoer n skommelende maar tog effens dalende neiging toon en die aandeel van die E.E.G.-lande in wêrelduitvoer toegeneem het. Ook Nederland se uitvoer in vergelyking met wêrelduitvoer het sedert die totstandkoming van die E.E.G. stygend verloop.

III. Invoerhandel volgens lande van herkoms.

In tabel 38 word die aandag bepaal by Nederland se invoer vanaf die ander E.E.G.-lande, uitgedruk as persentasies van die res van die E.E.G. se totale uitvoer. Volgens hierdie tabel was daar n styging tot 1956 toe n hoogtepunt bereik is gevolg deur n daling tot en met 1958 waarna n konstante styging voorgekom het. Dit is dus duidelik dat daar na 1958 n skerper stygende tendens voorgekom het.

In tabel 39 word die Nederlandse invoer vanaf die ander E.E.G.-lande eers in miljoene Gulde en dan as n persentasie van Nederland se totale invoer vanaf die ander E.E.G.-lande aangetoon. Volgens hierdie tabel is België-

Luxembourg/...

TABEL 36

1)

INVOER VAN NEDERLAND, DIE WĒRELD EN DIE E.E.G. 1938-1965.

Jaar	WĒreld Miljoen V.S.A. Dollars	Nederland			E.E.G.	
		Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van WĒreld- Invoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Invoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tadie van WĒreld- Invoer
1938	25,400	803	3.2	15.7	5,130	20.2
1948	63,600	1,871	2.9	17.6	10,650	16.7
1953	84,300	2,375	2.8	15.3	15,500	18.4
1954	88,500	2,858	3.2	16.6	17,190	19.4
1955	98,400	3,208	3.3	16.2	19,840	20.2
1956	108,700	3,725	3.4	16.2	23,000	21.2
1957	119,700	4,105	3.4	16.1	25,530	21.3
1958	101,100	3,625	3.6	15.4	23,610	23.4
1959	106,200	3,939	3.7	16.1	24,540	23.1
1960	118,900	4,531	3.8	15.3	29,590	24.9
1961	123,900	5,112	4.1	15.9	32,170	26.0
1962	131,300	5,348	4.1	15.0	35,760	27.2
1963	142,600	5,967	4.2	14.8	40,410	28.3
1964	159,800	7,057	4.4	15.7	44,890	28.1
1965	173,700	7,464	4.3	15.3	48,950	28.2

- BRONNE: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of International trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 12 en 14.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 12.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 12.
4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966. p. 98.

1) Sien ook grafiek I in bylae.

TABEL 37

UITVOER VAN NEDERLAND, DIE WÊRELD EN DIE E.E.G. 1938-1965.¹⁾

Jaar	Wêreld Miljoen V.S.A. Dollars	NEDERLAND			E.E.G.	
		Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Uitvoer	As persen- tasie van Totale E.E.G. Uitvoer	Miljoen V.S.A. Dollars	As persen- tasie van Wêreld- Uitvoer
1938	23,500	593	2.5	13.6	4,360	18.6
1948	57,500	1,024	1.8	15.3	6,680	11.6
1953	82,600	2,153	2.6	14.7	14,670	17.8
1954	86,100	2,414	2.8	14.8	16,340	19.0
1955	93,700	2,687	2.9	14.2	18,920	20.2
1956	103,700	2,862	2.8	13.8	20,710	20.0
1957	111,800	3,097	2.8	13.4	23,180	20.7
1958	107,900	3,218	3.0	13.7	23,440	21.7
1959	101,100	3,607	3.6	14.2	25,460	25.2
1960	112,700	4,028	3.6	13.6	29,730	26.4
1961	117,900	4,307	3.7	13.3	32,320	27.4
1962	123,700	4,585	3.7	13.4	34,200	27.7
1963	135,100	4,962	3.7	13.2	37,550	27.8
1964	151,900	5,808	3.8	13.7	42,560	28.0
1965	164,800	6,393	3.9	13.3	48,040	29.2

- BRONNE: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of International trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 13 en 15.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 13.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 13.
4. Id. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York 1966. p. 99.

1) Sien ook grafiek II in bylae.

TABEL 38

NEDERLAND SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE UITVOER VIR DIE TYDPERK 1948 TOT 1964¹⁾

Jaar	Persentasie
1948	6.34
1954	8.18
1955	8.49
1956	9.08
1957	8.87
1958	7.92
1959	8.40
1960	8.53
1961	9.10
1962	9.11
1963	9.51
1964	11.56

BRON: Verwerk uit:

1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 414.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 489.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1964. p. 530.

1) Sien ook grafiek III in bylae.

Luxembourg en Wes-Duitsland die vernaamste leweransiers. Laasgenoemde behou egter n min of meer konstante gedeelte van die Nederlandse mark terwyl België-Luxembourg steeds n kleiner proporsie produkte lewer. Frankryk is die derde belangrikste leweransier terwyl Italië die kleinste is maar tog n groot mate van toename toon.

Volgens tabel 40 wat die invoer van Nederland volgens lande van herkoms aandui, blyk dit dat die E.E.G.-lande tesame met die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk in 1964 die vernaamste leweransiers van Nederland is, met Wes-Duitsland en België-Luxembourg as verreweg die belangrikste. Wanneer die posisie van Italië egter van naderby beskou word is dit duidelik dat hy verskeie ander lande uit hulle posisies in die volgorde van belangrikheid verdruk het. Uit hierdie tabel blyk dit verder dat die invoer vanaf die kleiner lande, veral die wat nie in Europa geleë is nie, n geringe proporsionele afname getoon het. Alhoewel die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk steeds n vername rol in die land se invoer speel, is dit duidelik dat hulle steeds n kleiner proporsie van Nederland se invoer verskaf. Die Republiek van Suid-Afrika se uitvoer na Nederland as proporsie van Nederland se totale invoer skommel effens en vertoon oor die langtermyn n geringe daling, ook by die res van wêreld is n geringe afnemende tendens op te merk.

IV. Uitvoerhandel volgens lande van bestemming.

In hierdie paragraaf word die aandag bepaal by die uitvoerhandel van Nederland volgens lande van bestemming. Hierdie gegewens word in tabelle 41, 42 en 43 verstrekk.

Tabel 41 toon Nederland se uitvoer na die ander E.E.G.-lande uitgedruk as n persentasie van die res van die E.E.G. se totale invoer aan. Volgens hierdie tabel was daar tot 1955 n styging, gedurende 1956 n daling en daarna weer n styging tot 1959. Gedurende 1960 volg n vermindering wat tot 1962 voortduur en toe weer styg. Die hoogtepunt wat net na die totstandkoming van die E.E.G. voorgekom het is eers in 1964 oortref.

Tabel/...

TABEL 39

NEDERLAND SE INVOER VANAF DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948-1964.¹⁾

Jaar	Wes-Duitsland		Frankryk		België-Luxembourg		Italië		Totaal
	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde
1948	267.2*	20.7	238.5	18.5	730.4	56.5	55.8	4.3	1291.9
1954	1781.0	43.4	384.0	9.4	1822.4	44.5	112.3	2.7	4099.7
1955	2145.0	43.3	483.0	9.6	2204.9	44.5	126.6	2.6	4959.5
1956	2515.6	43.1	484.8	8.3	2665.8	45.7	167.2	2.9	5833.6
1957	2887.7	45.0	511.7	8.0	2815.5	43.9	199.7	3.1	6414.6
1958	2682.4	46.5	384.3	6.7	2458.6	42.6	242.8	4.2	5768.1
1959	3093,2	46.5	536.8	8.1	2747.0	41.3	272.3	4.1	6649.3
1960	3711.7	47.0	659.6	8.4	3155.2	40.0	362.6	4.6	7889.1
1961	4312.9	47.0	856.5	9.4	3549.1	38.7	453.4	4.9	9171.9
1962	4469.1	46.0	908.1	9.3	3804.1	39.2	531.4	5.5	9712.7
1963	5244.3	47.0	1121.7	10.1	4161.6	37.3	629.1	5.6	11156.7
1964	6199.7	46.7	1366,3	10.3	4911.1	36.9	812.2	6.1	15289.3

- Bronne: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 414.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 489.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 530.

1) Sien ook grafiek XXI in bylae.

* Oos- en Wes-Duitsland.

TABEL 40

NEDERLAND SE INVOER VOLGENS LAND VAN HERKOMS UITGEDRUK AS PERSENTASIE VAN TOTALE INVOER: 1948-1964

Land van Herkoms	Volgorde van belangrikheid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Wes-Duitsland	4	1	5.4	16.7	17.6	17.8	18.5	19.5	20.7	21.6	23.1	23.2	24.3	24.3
België-Luxembourg	2	2	14.8	17.1	18.1	18.9	18.1	17.8	18.4	18.3	19.0	19.7	19.3	19.2
Verenigde Koninkryk	3	4	9.4	8.2	8.5	8.2	8.0	7.4	7.6	6.9	7.2	7.3	7.2	7.2
Frankryk	6	5	4.9	3.6	4.0	3.4	3.3	2.8	3.6	3.8	4.6	4.7	5.2	5.4
Italië	11	6	1.1	1.1	1.0	1.2	1.3	1.8	1.8	2.1	2.4	2.7	2.9	3.1
V.S.A.	1	3	17.5	12.0	13.6	14.0	13.1	11.3	11.0	13.2	11.1	11.4	10.9	11.0
Swede	7	7	4.0	3.5	3.4	3.3	3.4	2.9	2.9	3.0	3.1	3.1	2.7	2.8
Switserland	9	8	2.6	1.6	1.5	1.6	1.6	1.6	1.7	1.8	1.9	1.8	1.7	1.5
Suid-Afrika	14	15	0.4	0.4	0.6	0.4	0.5	0.4	0.3	0.3	0.4	0.5	0.4	0.3
Finland	10	10	1.7	1.1	1.1	0.8	0.9	1.0	1.2	1.4	1.3	1.3	1.3	1.3
Kanada	8	12	2.7	1.4	1.2	1.3	1.3	1.4	0.9	0.8	0.6	0.7	0.8	0.7
Australië	12	17	0.5	0.4	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.1	0.1	0.1	0.1
Argentinië	4	11	5.4	2.5	0.7	0.9	1.8	1.9	1.9	1.5	1.4	1.6	1.4	1.2
U.S.S.R.	17	14	0.2	0.8	0.9	1.1	1.0	1.1	1.6	1.0	0.8	0.7	0.8	0.5
Iran	14	13	0.4	0.1	0.6	0.6	0.7	1.3	0.4	0.6	0.6	0.3	0.3	0.6
Kongo	16	16	0.3	0.1	0.4	0.3	0.3	0.4	0.4	0.3	0.2	0.2	0.2	0.2
Kuweit	12	9	0.5	3.4	2.5	2.2	2.5	4.1	3.4	2.9	2.0	2.2	2.1	1.4
Ander Lande			28.2	26.0	24.1	23.8	23.5	23.1	22.0	20.3	20.2	18.5	18.4	19.2
Totaal			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 414.
2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 489.
3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 530.

1) Sien ook grafiek XX II in bylae.

TABEL 41

NEDERLAND SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE UITGEDRUK
AS 'N PERSENTASIE VAN HIERDIE LANDE SE TOTALE INVOER VIR
DIE TYDPERK 1948 TOT 1964.¹⁾

Jaar	Persentasie
1948	2.70
1954	6.35
1955	6.53
1956	6.33
1957	6.34
1958	7.06
1959	8.18
1960	7.79
1961	7.68
1962	7.46
1963	7.73
1964	8.59

- BRON: Verwerk uit:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 414.
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 489.
 3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966. p. 530.

1) Sien ook grafiek IV in bylae.

Tabel 42 toon Nederland se uitvoer na die ander E.E.G.-lande eers in miljoene Gulde en dan as n persentasie van die totale uitvoer na hierdie lande aan. Volgens hierdie tabel is Wes-Duitsland sedert 1955 die vernaamste koper van Nederlandse produkte en het sedert 1957 steeds n groter gedeelte van die Nederlandse mark oorgeneem. Hierdie aandeel het sedert 1961 nie meer so skerp gestyg nie maar min of meer konstant gebly. België-Luxembourg wat die tweede belangrikste koper van Nederlandse produkte uit die E.E.G. is neem elke jaar n kleiner gedeelte van die Nederlandse uitvoerpakket. Frankryk, die derde belangrikste, en Italië die vierde belangrikste kopers van Nederland uit die E.E.G. koop steeds n groter gedeelte van die Nederlandse uitvoerpakket.

Tabel 43 wat die totale uitvoer volgens lande van bestemming en as n persentasie van die totale uitvoer aandui, toon aan dat die uitvoer na die Verenigde Koninkryk en die V.S.A. belangrik is, maar tesame met België-Luxembourg besig is om kleiner persentasies van die Nederlandse uitvoerpakket te koop. Die ander E.E.G.-lande en veral Wes-Duitsland is besig om n groter gedeelte van die Nederlandse uitvoer oor te neem. Wes-Duitsland en België-Luxembourg is volgens hierdie tabel Nederland se vernaamste markte terwyl die ander E.E.G.-lande vinnig besig is om in belangrikheid toe te neem. Die kleiner lande wat op hierdie tabel aangedui word koop in die meeste gevalle steeds n kleiner gedeelte van die Nederlandse uitvoer. Die aandeel van die Republiek van Suid-Afrika toon n geringe afname terwyl ook die res van die wêreld afnemend verloop.

V. Slot.

Tabelle 36 en 37 toon aan dat Nederland se buitelandse handel as persentasie van die wêreldhandel steeds meer geword het maar as persentasie van die E.E.G.-handel min of meer konstant gebly het. Uit tabel 38 word dit duidelik dat Nederland as land van bestemming vir die res van die E.E.G. steeds belangriker geword het, veral na 1958. Die verskille tussen die belangrikheid van die verskillende E.E.G.-lande se afsetgebiede in Nederland het volgens/...

TABEL 42

NEDERLAND SE UITVOER NA DIE ANDER E.E.G.-LANDE: 1948-1964

1)

Jaar	Wes-Duitsland		Frankryk		België-Luxembourg		Italië		Totaal
	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde	As persentasie van Totaal	Miljoen Gulde
1948	159.7*	18.7	216.2	25.4	421.8	49.5	54.8	6.4	852.5
1954	1438.9	43.9	377.6	11.5	1278.6	39.1	181.5	5.5	3276.6
1955	1742.1	44.6	504.7	12.9	1411.4	36.1	249.8	6.4	3908.0
1956	1960.4	44.6	612.7	13.9	1542.8	35.1	278.9	6.4	4394.8
1957	2172.7	44.4	575.7	11.8	1826.0	37.3	318.6	6.5	4893.0
1958	2320.4	45.7	594.4	11.7	1836.1	36.0	334.9	6.6	5079.8
1959	2955.4	48.7	735.1	12.1	2008.9	33.1	370.0	6.1	6069.4
1960	3452.2	49.1	901.9	12.8	2183.7	31.1	489.7	7.0	7027.5
1961	3630.3	48.5	978.2	13.1	2372.9	31.7	500.0	6.7	7481.4
1962	4025.3	49.3	1100.9	13.5	2444.5	29.9	596.5	7.3	8167.2
1963	4647.3	48.5	1417.3	14.8	2694.2	28.1	823.2	8.6	9582.0
1964	5661.4	48.4	1864.9	15.9	3206.9	27.4	970.7	8.3	11703.9

- Bronne:
1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 414
 2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 489
 3. Id. Yearbook of International trade statistics 1964, New York, 1966. p. 530

1) Sien ook grafiek XXII in bylae.

* Oos- en Wes-Duitsland.

TABEL 43

NEDERLAND SE UITVOER VOLGENS LAND VAN BESTEMMING UITGEDRUK AS PERSENTASIES VAN TOTALE UITVOER: 1948 - 1964

Land van Bestemming	Volgorde van Belangrikheid		Jare voor E.E.G.					Jare na E.E.G.						
	1948	1964	1948	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964
Wes-Duitsland	5	1	6.0	15.9	17.1	18.0	18.1	19.0	21.6	22.5	23.1	24.3	25.9	26.9
België-Luxembourg	2	2	15.8	14.1	13.8	14.2	15.5	15.0	14.7	14.3	15.1	14.7	15.0	15.2
Verenigde Koninkryk	2	3	14.3	11.6	12.4	11.7	10.9	11.9	10.7	11.0	9.9	10.6	9.6	9.1
Frankryk	3	4	8.1	4.2	4.9	5.6	4.9	4.9	5.4	5.9	6.2	6.6	7.9	8.9
Italië	9	5	2.1	2.0	2.5	2.6	2.7	2.7	2.7	3.2	3.2	3.6	4.6	4.6
V.S.A.	7	6	2.8	6.6	5.9	6.2	5.1	5.6	5.7	4.9	4.5	4.4	4.1	3.9
Swede	4	7	6.2	4.5	4.8	4.7	4.8	4.5	4.2	4.7	4.5	4.3	3.8	3.2
Switserland	6	8	4.2	2.4	2.4	2.6	2.6	2.5	2.4	1.6	2.6	2.8	2.5	2.3
Suid-Afrika	12	9	0.9	1.0	1.1	0.9	1.0	0.9	1.0	0.9	0.8	0.8	0.8	0.9
Finland	8	10	2.6	1.6	1.1	1.2	1.1	0.8	0.9	1.0	0.9	0.9	0.8	0.8
Kanada	13	11	0.4	0.6	0.7	0.7	0.7	0.8	0.8	0.7	0.7	0.7	0.6	0.7
Australië	10	12	1.2	1.0	1.0	0.8	0.6	0.7	1.0	0.9	0.7	0.6	0.6	0.6
Argentinië	10	13	1.2	1.1	1.3	0.8	0.7	0.7	0.5	0.6	0.4	0.3	0.2	0.3
U.S.S.R.	13	13	0.4	1.4	0.6	0.3	0.6	0.3	0.3	0.3	0.5	0.7	0.5	0.3
Iran	16	13	0.1	0.2	0.2	0.2	0.3	0.5	0.5	0.6	0.4	0.3	0.3	0.3
Kongo	15	16	0.3	0.4	0.4	0.5	0.5	0.4	0.4	0.2	0.2	0.1	0.1	0.1
Kuweit	17	16	0.0	0.2	0.1	0.1	0.1	0.1	0.2	0.1	0.1	0.2	0.2	0.1
Ander Lande			33.4	31.2	29.7	28.9	29.8	28.7	27.0	26.6	26.2	24.1	22.5	21.8
TOTAAL			100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

BRON: Verwerk uit: 1. Statistical office of the United Nations, Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958. p. 414.

2. Id. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964. p. 489.

3. Id. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1964. p. 530.

1) Sien ook grafiek XXIV in bylae.

volgens tabel 39 steeds groot gebly, terwyl dit uit tabel 40 duidelik word dat die E.E.G.-lande vir Nederland as land van oorsprong steeds belangriker word. Volgens tabel 41 het die Nederlandse uitvoer as n persentasie van die res van die E.E.G. se invoer aanhoudende skommelings vertoon. Hierdie skommelings het egter na die totstandkoming van die E.E.G. op n hoër vlak begin beweeg. Die E.E.G.-lande, verskil soos uit tabel 42 blyk in n groot mate wat hulle belangrikheid as afsetgebiede betref terwyl tabel 43 aandui dat al die E.E.G.-lande, afgesien van België-Luxembourg, steeds belangriker afsetgebiede word. België-Luxembourg verminder waarskynlik vanweë die groot hoeveelheid handel wat hy voor die totstandkoming van die E.E.G. met Nederland gedryf het. Dit kan egter nie as n norm aanvaar word nie, omdat Wes-Duitsland ook aanvanklik baie a handel met Nederland gedryf het. Wat wel van belang is, is dat België-Luxembourg en Nederland reeds met die totstandkoming van Benelux begin integreer het en gevolglik dáár groot voordele geniet het wat Wes-Duitsland nie bevoordeel het nie. Handel met België-Luxembourg het egter nie in absolute syfers verminder nie, wat soos reeds genoem n klaarblyklike aanduiding van die uitbreiding van Nederlandse handel met die res van die E.E.G. is. Ook Nederlandse ontwikkeling kan in n groot mate aan na-oorlogse ontwikkeling toegeskryf word.

HOOFSTUK IX.DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.I. Inleiding.

Hierdie hoofstuk verteenwoordig 'n poging om te bepaal wat die Republiek van Suid-Afrika se handelsbetrekkinge met die E.E.G.-lande is. Daar word dan ook gepoog om te bepaal in hoe 'n mate die totstandkoming van die E.E.G. 'n invloed op die handelspatroon tussen die Republiek van Suid-Afrika en die E.E.G.-lande gehad het. Daarna word kortliks verwys na enkele aspekte wat die Republiek van Suid-Afrika se houding teenoor die E.E.G. kan beïnvloed. Hier word veral verwys na die moontlikheid dat die Verenigde Koninkryk, wat die Republiek van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennoot is by die E.E.G. kan aansluit.

Die buitelandse handelspatroon van Suid-Afrika met die E.E.G.-lande word in hierdie hoofstuk bepaal deur soos voorheen genoem hoofsaaklik van persentasies van in- en uitvoer tussen hierdie lande en Suid-Afrika gebruik te maak.

Ook word hier 'n geskiedkundige oorsig gegee om te sien waarom Suid-Afrika se handel met die Verenigde Koninkryk so oorheersend is.

II. Geskiedkundige oorsig.

Oorspronklik het Suid-Afrika slegs met Nederland handel gedryf. Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie het 'n verversingstasie aan die Kaap tot stand gebring en ontwikkel. Alle produkte wat daar gelewer is, is deur die Kompanjie se skepe opgeneem, terwyl al die behoeftes in die Kaap deur die Kompanjie bevredig is. Die Britte het egter die Kaap oorgeneem en die handel het grootliks na hulle kant toe geswaai. Na die Anglo Boere-oorlog het Suid-Afrika 'n Britse gebied geword en gevolglik het die land se afhanklikheid van Engeland vergroot. Hierdie toestand van sake het dan ook 'n groot invloed op die plaaslike ekonomie gehad. Na die jongste wêreldoorlog het die Britse Ryk se kolonies egter om hom begin verkrummel en Engeland het dien-ooreenkomstig verswak. Dit het dus vir Engeland nodig geword/...

word om sterker handelsvennote te soek. Gedurende 1961 het Engeland by die E.E.G. om lidmaatskap aansoek gedoen. Dit het in 1963 misluk en Suid-Afrika het, alhoewel nie meer in die Statebond nie, nog steeds Statebondsvoorkeure geniet. Suid-Afrika is dus as gevolg van sy geskiedkundige agtergrond in 'n groot mate van die Verenigde Koninkryk afhanklik en alhoewel sy handel in ander markte uitbrei is daar weinig aanduidings dat handel met die Verenigde Koninkryk vermindert het. Om die verhouding van Suid-Afrika teenoor die E.E.G.-lande in die regte lig te sien moet in gedagte gehou word dat Engeland Suid-Afrika se belangrikste handelsvennoot is en dit dus vir Suid-Afrika voordelig sal wees as dit met Engeland goed sal gaan.

III. Die Republiek van Suid-Afrika se invoer vanaf die lande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap voor en na die totstandkoming van die Euromark.

In tabel 44 word 'n weergawe gegee van die Republiek van Suid-Afrika se invoer vanaf die E.E.G., die E.V.H.V., die V.S.A., Japan en die res van die wêreld. Japan word hier ingesluit omdat hy vinnig besig is om een van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote te word. Uit hierdie tabel blyk dit baie duidelik dat die E.E.G. se uitvoer na Suid-Afrika sedert 1946 skerp gestyg het. Die invoer vanaf die E.E.G. het vanaf 1946 tot 1955 meer as versewevoudig en van 1954 tot 1965 het dit ongeveer verdrievoudig. Alhoewel hierdie tabel 'n groot vermeerdering van 1946 tot 1965 aantoon is dit egter ook duidelik dat daar sedert die totstandkoming van die E.E.G. nie so 'n mate van uitbreiding as daarvoor was nie. Dit wil dus voorkom asof die na-oorlogse ontwikkeling baie van die ontwikkeling in die hand gewerk het en dat Suid-Afrika se invoer vanaf hierdie lande na die totstandkoming van die E.E.G. matiger begin styg het. Die vraag ontstaan nou of hierdie neiging net uit party van die E.E.G.-lande afkomstig is en of dit die algemene tendens is.

België-Luxembourg se uitvoer na Suid-Afrika het oor die betrokke tydperk heelwat skommelings vertoon. Oor die langtermyn egter is daar 'n geleidelike toename te bespeur./...

TABEL 44

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: INVOER VANAF DIE E.E.G.-LANDE, DIE E.V.H.V., DIE V.S.A., JAPAN EN DIE RES VAN DIE WERELD IN MILJOENE RAND VIR DIE TYDPERK 1946 - 1965.

	1946	1948	1950	1952	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
E.G.	16.9	37.0	46.9	94.4	110.5	126.4	142.0	177.0	201.7	178.6	210.3	205.4	198.5	238.9	309.5	372.1
België-Luxembourg	3.3	19.1	6.0	15.2	16.6	19.5	20.1	24.4	19.2	13.2	16.2	20.3	14.4	13.8	19.6	26.9
Frankryk	2.4	4.0	9.4	18.4	14.3	12.6	17.4	20.4	19.4	19.7	23.9	22.8	27.7	31.3	41.2	46.6
Wes-Duitsland	0.1	2.2	13.8	34.3	44.2	57.8	63.8	88.7	117.6	99.0	111.6	109.2	102.7	129.7	165.4	191.3
Italië	9.8	6.8	12.4	13.8	17.6	15.1	20.3	21.4	23.3	21.8	31.6	27.7	28.8	34.1	46.6	70.2
Nederland	1.3	5.0	5.3	12.8	17.7	21.4	20.3	22.1	22.1	24.8	27.1	25.4	24.8	30.1	36.7	37.1
V.H.V.	168.4	262.8	271.7	323.5	340.1	375.7	356.8	407.9	428.1	349.9	371.8	340.4	359.5	421.5	513.3	606.9
Verenigde Koninkryk	148.3	236.3	252.7	288.2	305.2	333.2	313.0	358.4	374.9	303.2	315.3	295.3	309.8	361.4	432.7	494.4
Res van die E.V.H.V.	20.1	26.5	19.0	35.3	34.9	42.5	43.0	49.5	53.2	46.7	56.5	48.1	49.7	60.1	80.6	112.5
S.A.	113.6	245.4	98.1	175.2	175.1	200.9	198.4	215.1	194.7	167.1	214.6	177.4	169.1	204.5	292.0	331.1
Japan	0.0	0.5	16.9	11.9	22.0	20.4	23.7	35.2	29.1	30.9	40.6	35.8	41.4	56.4	81.5	100.6
Res van die wêreld	131.3	161.3	180.1	231.3	239.5	238.6	268.9	264.4	257.3	250.8	273.8	245.8	253.8	291.4	329.5	343.2
Totaal*	430.2	707.0	613.7	836.3	887.2	962.0	989.8	1099.6	1110.9	977.3	1111.1	1004.8	1022.3	1212.7	1525.8	1753.9

- Bronne: 1. Buro vir statistiek, Statistiese jaarboek 1964, Pretoria, Staatsdrukker, Aug, 1964. p. 0-14 & 16.
 2. Id., Statistiese jaarboek 1965, Pretoria, Staatsdrukker, Sept. 1965. p. 0-12.
 3. Republiek van Suid-Afrika Departement van Doeane en Aksyns, Maandelikse uittreksel van handelstatistieke, Januarie - Desember 1965, Pretoria. Staatsdrukker. p. 9, 10 7 ll.

* Totaal = E.E.G. + E.V.H.V. + JAPAN + RES VAN DIE WERELD.

bespeur. In die jaar na die totstandkoming van die E.E.G. was daar 'n toename tot en met 1961, waarop 'n skielike afname gevolg het. Hierdie afname het tot en met 1963 voortgeduur waarna weer meer vanaf België-Luxembourg ingevoer is.

Frankryk het al skommelende 'n geleidelike toename vertoon. Dit lyk egter nie of die totstandkoming van die E.E.G. deur enige groot veranderings in die tempo van toename gevolg is nie alhoewel die tempo in 1963, 1964 en 1965 heelwat verskerp het.

Wes-Duitsland se uitvoer na Suid-Afrika het met enkele uitsonderings jaarliks toegeneem en was dan ook die E.E.G.-land wat sedert 1946 die grootste vermeerdering in sy uitvoerhandel na Suid-Afrika daargestel het.

Italië se uitvoer na Suid-Afrika toon oor die algemeen ook 'n redelike skerp styging veral gedurende die laaste twee jaar op die tabel aangedui. Dit is egter nie baie duidelik of daar enige noemenswaardige veranderings na die totstandkoming van die E.E.G. voorgekom het nie.

Nederland het vanaf 1946 tot 1954, waarskynlik as gevolg van die na-oorlogse ontwikkeling heelwat uitbreiding getoon. Daarna is 'n geleidelike voortsetting van die uitbreiding tot 1958 merkbaar waarna 'n skommelende tendens tot 1963 voorgekom het. Hierop het 'n skerp styging gevolg.

Die invoer vanaf die Verenigde Koninkryk het oor die langtermyn 'n groot mate van uitbreiding getoon en was die vernaamste enkele leweransier aan Suid-Afrika. Die V.S.A. se uitvoer na Suid-Afrika het vermeerder, alhoewel nie soveel as dié van die meeste ander lande nie, terwyl Japan 'n merkwaardige uitbreiding in die verband getoon het.

Die hele situasie kan egter baie beter in perspektief gesien word deur gebruik te maak van tabel 45 waar die Republiek van Suid-Afrika se invoer vanaf die verskillende E.E.G.-lande gesien word as 'n persentasie van die Republiek van Suid-Afrika se totale invoer. Uit hierdie tabel blyk dit dat die E.E.G. se aandeel in die invoerhandel van Suid-Afrika tot 1958 'n redelike skerp styging vertoon het, waarna 'n matiger tempo van styging voorgekom het.

Wat/...

TABEL 45

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. INVOER VANAF DIE E.E.G.-LANDE, DIE E.V.H.V., DIE V.S.A., JAPAN EN DIE RES VAN DIE WÊRELD
 UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN SUID-AFRIKA SE TOTALE INVOER VIR DIE TYDPERK 1946 - 1965.¹⁾

	1946	1948	1950	1952	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
E.E.G.	3.9	5.3	7.6	11.3	12.5	13.1	14.4	16.1	18.2	18.2	19.0	20.3	19.3	19.8	20.3	21.2
België-Luxembourg	0.7	2.7	1.0	1.8	1.9	2.0	2.0	2.1	1.7	1.4	1.5	2.0	1.4	1.1	1.3	1.5
Frankryk	0.6	0.6	1.5	2.2	1.6	1.3	1.8	1.9	1.8	2.0	2.2	2.1	2.7	2.7	2.7	2.7
Wes-Duitsland	0.0	0.3	2.3	4.1	5.0	6.0	6.4	8.1	10.6	10.1	10.1	10.9	10.0	10.7	10.8	10.9
Italië	2.3	1.0	2.0	1.7	2.0	1.6	2.1	2.0	2.1	2.2	2.8	2.8	2.8	2.8	3.1	4.0
Nederland	0.3	0.7	0.8	1.5	2.0	2.2	2.1	2.0	2.0	2.5	2.4	2.5	2.4	2.5	2.4	2.1
E.V.H.V.	39.2	37.2	44.3	38.7	38.3	39.1	36.0	37.1	38.5	35.8	33.5	33.8	35.2	34.8	33.7	34.6
Verenigde Koninkryk	34.5	33.4	41.2	34.5	34.4	34.6	31.6	32.6	33.7	31.0	28.4	29.1	30.3	29.8	28.4	28.2
Res van die E.V.H.V.	4.7	3.8	3.1	4.2	3.9	4.5	4.4	4.5	4.8	4.8	5.1	4.7	4.9	5.0	5.3	6.4
V.S.A.	26.4	34.7	16.0	21.0	19.7	20.9	20.0	19.6	17.5	17.1	19.3	17.7	16.6	16.9	19.1	18.9
Japan	0.0	0.1	2.8	1.4	2.5	2.1	2.4	3.2	2.6	3.2	3.7	3.6	4.1	4.7	5.3	5.7
Res van die wêreld	30.5	22.7	29.3	27.6	27.0	24.8	27.2	24.0	23.2	25.7	24.5	24.6	24.8	23.8	21.6	19.6
Totaal *	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit: 1. Buro vir statistiek, Statistiese jaarboek 1964, Pretoria, Staatsdrukker, Aug. 1964. p. 0-14&16.
 2. Id. Statistiese jaarboek 1965, Pretoria, Staatsdrukker, Sept. 1965. p. 0-12.
 3. Departement van Doeane en Aksyns, Maandelikse uittreksel van handelstatistieke, Januarie - Desember 1965, Pretoria, Staatsdrukker. p. 9, 10 & 11.

* Totaal = E.E.G. + E.V.H.V. + V.S.A. + JAPAN + RES VAN DIE WÊRELD.

1) Sien ook grafiek XXV in bylae.

Wat België-Luxembourg betref is daar 'n toename tot en met 1957 te bespeure. Daarna het daar al skommelende 'n afnemende tendens verskyn. Frankryk maar veral Wes-Duitsland toon vir die betrokke tydperk 'n aansienlike mate van toename. Frankryk het egter vir die laaste drie jaar op die tabel geen verandering getoon nie terwyl Wes-Duitsland 'n baie geringe mate van styging getoon het. Italië en Nederland het 'n konstante maar nie so 'n groot mate van toename vertoon. Italië het egter gedurende die laaste twee jaar op die tabel vermeld 'n skerper styging begin vertoon.

Uit hierdie tabel blyk dit ook baie duidelik hoe 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse mark deur die Verenigde Koninkryk gedek word. Dit is egter ook duidelik dat die Verenigde Koninkryk baie geleidelik besig is om 'n kleiner gedeelte van die Suid-Afrikaanse mark in beslag te neem. Ook die V.S.A. wat 'n vername leweransier is, is besig om al skommelende geleidelik 'n kleiner gedeelte van die Suid-Afrikaanse invoer te verskaf. Dit is duidelik dat Suid-Afrika, afgesien van die invoer vanaf die Verenigde Koninkryk, nie veel van die E.V.H.V. af invoer nie. Japan is besig om sy handel met Suid-Afrika as proporsie van totale Suid-Afrikaanse invoer steeds uit te brei. Op hierdie stadium het Japan veral van die Engelse en Amerikaanse motorfietse en diensvoertuie uit die mark verplaas. Volgens hierdie tabel vertoon die res van die wêreld skommelings.

Hierdie tabel toon aan dat Wes-Duitsland Suid-Afrika se vernaamste leweransier uit die E.E.G. is met Italië in die tweede plek gevolg deur Frankryk, Nederland en België-Luxembourg.

IV. Die Republiek van Suid-Afrika se uitvoer na die lande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap voor en na die totstandkoming van die Euromark.

In tabel 46 word die Republiek van Suid-Afrika se uitvoer na die E.E.G., die E.V.H.V., die V.S.A., Japan en die res van die wêreld aangedui. Japan word hier om dieselfde redes as in die vorige paragraaf ingesluit. Hierdie tabel toon dat die uitvoer na die E.E.G.-lande sedert die einde van die jongste wêreldoorlog met rasse skrede/...

TABEL 46

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA UITVOER NA DIE E.E.G.-LANDE, DIE E.V.H.V., DIE V.S.A., JAPAN EN DIE RES VAN DIE WÊRELD IN MILJOENE RAND VIR DIE TYDPERK 1946 - 1965.

	1946	1948	1950	1952	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
E.E.G.	39.0	54.3	129.6	195.0	122.0	140.8	162.6	164.6	122.4	130.6	138.4	164.6	181.4	193.0	194.0	196.1
België-Luxembourg	12.1	8.4	17.8	17.8	19.3	33.9	42.1	36.6	27.2	33.1	32.2	33.	37.9	38.6	36.3	45.4
Frankryk	6.8	20.0	54.4	88.4	27.3	25.4	31.0	30.3	21.2	25.6	28.3	34.0	31.3	31.4	36.4	37.1
Wes-Duitsland	0.4	9.3	19.2	29.2	30.8	32.2	36.7	40.4	28.3	32.9	35.4	41.2	42.8	49.1	57.8	55.0
Italië	17.4	10.0	19.9	27.9	29.7	30.6	33.4	34.4	29.8	25.3	26.7	35.6	44.3	49.3	39.9	37.7
Nederland	2.2	6.5	18.4	31.7	14.9	18.7	19.4	22.9	15.9	13.8	15.9	20.3	25.2	24.5	23.6	20.9
E.V.H.V.	42.7	74.9	151.2	172.1	172.2	214.9	229.1	233.9	225.1	232.3	237.1	272.9	257.9	289.7	320.5	408.1
Verenigde Koninkryk	35.4	66.4	120.0	144.7	160.8	204.7	216.9	220.2	213.2	219.4	223.1	255.1	241.9	272.0	301.0	356.1
Res van die E.V.H.V.	7.3	8.5	31.2	27.4	11.4	10.2	12.2	13.7	11.9	12.9	14.0	17.8	16.0	17.7	19.5	52.0
V.S.A.	34.5	17.4	39.7	38.7	41.7	53.3	57.6	50.6	51.0	70.3	54.6	68.9	78.3	80.6	82.2	98.6
Japan	0.0	2.0	1.4	8.9	6.9	10.8	16.8	18.1	9.7	24.2	30.3	51.3	72.4	70.5	84.2	71.7
Res van die wêreld	63.7	93.4	135.5	164.7	218.1	243.4	274.0	336.2	287.0	331.2	339.1	295.1	279.4	271.4	272.7	197.5
Totaal *	179.9	242.0	457.6	579.4	560.9	663.2	70.1	803.4	715.2	789.0	799.5	852.8	869.4	905.2	953.6	972.0

Bronne: 1. Buro vir statistiek, Statistiese jaarboek 1964, Pretoria, Staatsdrukker, Aug. 1964. p.0-15 & 17.

2. Id. Statistiese jaarboek 1965, Pretoria, Staatsdrukker, Sept. 1965. p. 0-13.

3. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Doene en Aksyns, Maandelikse uittreksel van handelstatistieke Januarie - Desember 1965, Pretoria, Staatsdrukker. p. 13 & 14.

* Totaal = E.E.G. + E.V.H.V. + JAPAN + RES VAN DIE WÊRELD.

skrede toegeneem het. Hierdie tendens is veral tot en met 1952 waarneembaar waarna die styging teen 'n matiger tempo plaasgevind het tot 1958 toe 'n aansienlike afname voorgekom het. Na die totstandkoming van die E.E.G. het Suid-Afrika se uitvoer na die E.E.G. steeds toegeneem.

België-Luxembourg het 'n steeds wisselende maar stygende hoeveelheid vanaf Suid-Afrika ingevoer en dit lyk nie of daar enige noemenswaardige veranderinge na die totstandkoming van die E.E.G. voorgekom het nie. 'n Mate van verskerping is egter na 1961 waarneembaar.

Frankryk het volgens hierdie tabel gedurende 1951 en 1952 'n buitengewone groot hoeveelheid goedere vanaf Suid-Afrika ingevoer. Andersins was daar groot skommelings en het daar eers sedert 1961 'n deurlopende stygende tendens te voorskyn getree.

Wes-Duitsland wat skommelende neigings tot 1957 vertoon het toe 'n aanmerklike daling voorgekom het, het sedertdien stygend verloop en slegs gedurende 1965 'n effense afname vertoon.

Italië en Nederland het sedert die totstandkoming van die E.E.G. toenemend verloop maar in 1965 'n daling vertoon.

Dit is opmerklik dat die meeste E.E.G.-lande gedurende 1965 minder as in die voorafgaande jaar vanaf Suid-Afrika ingevoer het. Dit kan moontlik die gevolg van die droogte in Suid-Afrika wees.

Die uitvoer na die E.V.H.V. toon sedert 1946 groot stygings alhoewel daar skommeling in sommige jare voorkom. Suid-Afrika is steeds besig om sy uitvoer in absolute syfers gemeet na die Verenigde Koninkryk uit te brei. Laasgenoemde is ook baie duidelik die grootste enkele koper van Suid-Afrikaanse produkte. Die mees skouspelagtige toename is by Japan te bespeure terwyl die res van die wêreld verminder.

In tabel 47 word die Suid-Afrikaanse uitvoer na die verskillende lande as persentasie van Suid-Afrika se totale uitvoer weergegee. Uit hierdie tabel word dit
duidelik/..

TABEL 47

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. UITVOER NA DIE E.E.G.-LANDE, DIE E.V.H.V., DIE V.S.A., JAPAN EN DIE RES VAN DIE WERELD
UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN SUID-AFRIKA SE TOTALE UITVOER VIR DIE TYDPERK 1946 - 1965.1)

	1946	1948	1950	1952	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	1961	1962	1963	1964	1965
E.E.G.	21.6	22.4	28.4	33.7	21.6	21.2	22.0	20.6	17.2	16.7	17.2	19.3	20.9	21.4	20.4	20.2
België-Luxembourg	6.7	3.5	3.9	3.1	3.4	5.1	5.7	4.6	3.8	4.2	4.0	3.9	4.4	4.3	3.8	4.7
Frankryk	3.8	8.3	11.9	15.3	4.9	3.8	4.2	3.8	3.0	3.3	3.5	4.0	3.6	3.5	3.8	3.8
Wes-Duitsland	0.2	3.8	4.2	5.0	5.5	4.9	5.0	5.0	4.0	4.2	4.4	4.8	4.9	5.4	6.1	5.6
Italië	9.7	4.1	4.4	4.8	5.3	4.6	4.5	4.3	4.2	3.2	3.3	4.2	5.1	5.5	4.2	3.9
Nederland	1.2	2.7	4.0	5.5	2.5	2.8	2.6	2.9	2.2	1.8	2.0	2.4	2.9	2.7	2.5	2.2
E.V.H.V.	23.7	31.0	33.0	29.7	30.7	32.4	31.0	29.1	31.5	29.4	29.6	32.0	29.7	32.0	33.6	42.0
Verenigde Koninkryk	19.7	27.9	26.2	25.0	28.5	30.8	29.3	27.4	29.8	27.8	27.9	29.9	27.8	30.1	31.6	36.6
Res van die E.V.H.V.	4.0	3.1	6.8	4.7	2.2	1.6	1.7	1.7	1.7	1.6	1.7	2.1	1.9	1.9	2.0	5.4
V.S.A.	19.2	7.2	8.7	6.7	7.4	8.0	7.8	6.3	7.1	8.9	6.8	8.1	9.0	8.9	8.6	10.1
Japan	0.0	0.8	0.3	1.5	1.2	1.6	2.3	2.2	2.8	3.1	3.8	6.0	8.3	7.7	8.8	7.4
Res van die wêreld	35.5	38.6	29.6	28.4	39.1	36.8	36.9	41.8	41.4	41.9	42.6	34.6	32.1	30.0	28.6	20.3
Totaal *	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

- Bron: Verwerk uit: 1. Buro vir statistiek, Statistiese jaarboek 1964, Pretoria, Staatsdrukker, Aug. 1964, p. 0-15 & 17.
 2. Id. Statistiese jaarboek 1965, Pretoria, Staatsdrukker, Sept. 1965. p. 0-13.
 3. Republiek van Suid-Afrika, Departement van Doeane en Aksyns, Maandelikse uittreksel van handelstatistieke, Januarie - Desember 1965, Pretoria, Staatsdrukker: p. 9, 13 & 14.

* Totaal = E.E.G. + E.V.H.V. + JAPAN + RES VAN DIE WERELD.

1) Sien ook grafiek XXVI in bylae.

duidelik dat die persentasie Suid-Afrikaanse uitvoer wat na die E.E.G.-lande gegaan het oor die algemeen effens geskommel het maar na die totstandkoming van die E.E.G. nie groot verandering getoon het nie. Wanneer die verskillende lande afsonderlik beskou word blyk dit dat die meeste van die lande se aandeel in Suid-Afrikaanse uitvoer min of meer die tendens van die E.E.G. in sy geheel gevolg het. Wes-Duitsland het egter sy aankope van Suid-Afrikaanse goedere as persentasie van die totale Suid-Afrikaanse uitvoer oor die betrokke tydperk aansienlik uitgebrei, dit is egter as gevolg van die skerp styging van 1946 tot 1950 waarna skommelings voorgekom het met 'n hoogtepunt in 1964. Die aandeel van België-Luxembourg in Suid-Afrikaanse uitvoer het 'n groot mate van skommeling vertoon, gedurende 1954 'n laagtepunt bereik, daarna weer gestyg en sedert die totstandkoming van die E.E.G. redelik stabiel gebly. Frankryk se aandeel in die Suid-Afrikaanse uitvoerpakket het groot skommelings vertoon maar sedert die totstandkoming van die E.E.G. redelik stabiel gebly terwyl die van Italië en Nederland tot 1959 heelwat geskommel het maar sedertdien geleidelik toegeneem het en gedurende die laaste paar jaar op die tabel aangedui weer verminder het. Uitvoer na die E.V.H.V. het redelik stabiel gebly wat waarskynlik in 'n groot mate aan die handel met die Verenigde Koninkryk toegeskryf kan word. Laasgenoemde se handel het deurgaans ongeveer 30 persent van Suid-Afrika se totale uitvoer bedra. Ook met die V.S.A. het die uitvoerhandel 'n mate van styging getoon terwyl die uitvoerhandel na Japan baie toegeneem het. Die res van die wêreld toon 'n afnemende neiging.

Die E.E.G.-lande het nie veel in belangrikheid verskil nie en gedurende die laaste aantal jare op die tabel aangedui was Wes-Duitsland die vernaamste gevolg deur België-Luxembourg, Frankryk, Italië en Nederland.

V. Die Verenigde Koninkryk se moontlike toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Uit die tabelle in die voorafgaande paragrawe van hierdie hoofstuk blyk dit duidelik dat Suid-Afrika in 'n baie groot mate vir sy buitelandse handel van die Verenigde Koninkryk afhanklik is. Die omvang van hierdie handel is/...

is aan tradisionele verbintenisse toe te skryf en in die besonder aan die Ottawa-ooreenkoms waarvolgens Suid-Afrikaanse produkte voorkeur in die Verenigde Koninkryk geniet.

Die vraag ontstaan nou wat met die handel met die Verenigde Koninkryk gaan gebeur indien laasgenoemde tot die E.E.G. sou toetree. Voor aandag hieraan geskenk word is dit van belang om eers vas te stel hoe waarskynlik dit is dat die Verenigde Koninkryk wel sal toetree.

Nadat die E.E.G. tot stand gekom het en die lidlande die voordele in die eerste hoofstuk genoem in n meerdere of mindere mate kon geniet, was Engeland nie meer so mededingend op die Gemeenskapsmark as voorheen nie. Dit het duidelik geword dat die Verenigde Koninkryk veel voordeel kon trek uit die voordele wat die E.E.G. bied. Daar is egter vir die Verenigde Koninkryk enkele probleme by lidmaatskap van die E.E.G. betrokke, vandaar die mislukking van hulle eerste poging om by die E.E.G. aan te sluit. Gedurende hierdie mislukte onderhandelings was een van die kernprobleme die landbou. Engeland sal as lid van die E.E.G. heffings op ingevoerde goedere aan die Gemeenskaplike landboufond's moet oorbetal. Die boer in die Verenigde Koninkryk sal na alle waarskynlikheid slegs n klein gedeelte van hierdie oorbetalings in die vorm van subsidies terug ontvang. Gevolglik gaan die Verenigde Koninkryk jaarliks n aansienlike som geld op hierdie manier verloor. Sekere landbouprodukte soos vleis en botter gaan as gevolg van die E.E.G.-teikenpryse aansienlik duurder word. Ook graanpryse sal styg wat sal veroorsaak dat saai-boere voordeel uit die toestand van sake gaan trek terwyl die kleiner produsente van lewende hawe wat hulle voer aankoop en nie self produseer nie aan die kortste ent gaan trek. Ook gaan die Verenigde Koninkryk se tradisionele leweransiers van landbouprodukte skade ly indien die E.E.G. se algemene buitetarief op Engeland van toepassing word. Hier kan veral Nieu-Seeland se botter vermeld word aangesien die E.E.G. se teikenprys vir botter ongeveer tweekeer so hoog as botter se wêreldprys is. Hierdie probleme is egter nie onoplosbaar nie, veral as in aanmerking geneem word dat die Verdrag van Rome bepaal dat beskerming toegepas moet word maar nie aandui/...

aandui in hoe n mate nie. Daar kan dus toegewings in hierdie verband gemaak word sonder om van die Verdrag van Rome af te wyk. Ook in die geval van die oorbetalings aan die Gemeenskaplike landboufonds kan toegewings gemaak word.

Dit wil voorkom asof die moeilikheid wat Engeland het om tot die E.E.G. toe te tree nie soseer op ekonomiese gronde gefundeer is nie maar meer op politieke gronde. Een van die vernaamste ekonomiese gronde van beswaar teen Britse toetrede is die Britse betalingsbalans. Hierdie probleem word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

A. Die Britse betalingsbalans as struikelblok vir toetrede tot die Euronark. ⁽¹⁾

In sy besoek aan London in Julie 1966 het Pompidou opgemerk dat geen lid van die Gemeenskap die weelde van n tekort op sy betalingsbalans toegelaat word nie.. Hierdeur het hy te kenne gegee dat indien die Verenigde Koninkryk se betalingsbalansposisie nie verbeter nie dit n belangrike stuikelblok vir Engeland om tot die E.E.G. toe te tree kan word. Toetrede tot die E.E.G. kan volgens hierdie argumente selfs die Britse betalingsbalansposisie vererger.

n Britse ekonomie wat ten opsigte van koste nie mededingend is nie sal volgens sekere argumente nie met die nywerhede van die Gemeenskap kan meding wanneer handelsobstruksies verwyder word nie. Stygende invoer wat die betalingsbalans gaan verswak kan die gevolg wees.

Die E.E.G. en die Verenigde Koninkryk se bestaande tariefmure ten opsigte van mekaar is tans ongeveer dieselfde terwyl E.E.G.-lande se tariewe mekaar bevoordeel. In die lig hiervan het Engeland se nywerhede goed gevaar in die E.E.G.-markte. Britse uitvoer na die E.E.G. het van 1958 tot 1965 met 115 persent toegeneem en van 13 tot 19 persent van totale Britse uitvoer gestyg. Die Gemeenskap se uitvoer na die Verenigde Koninkryk het egter met 74 persent oor bovermelde tydperk gestyg terwyl hierdie uitvoer ongeveer staties tussen 8 en 9 persent van die totale E.E.G.-uitvoer gebly het. In die lig hiervan kan dit met redelike/...

(1) Manser, W.A.P. The U.K. balance of payments - a bar to the European Community, Westminister Bank Review, Quarterly, November 1966, London.

redelike veiligheid gestel word dat tariefverminderinge die Britse produsente gaan bevoordeel.

Aan die onsigbare sy van die betalingsbalans behoort die Verenigde Koninkryk se meer ontwikkelde verskeringsbedryf goed te doen in die E.E.G. Britse banke het reeds in die Gemeenskap begin sake doen en met die groei van handel behoort makelaars, handelaars en verskepers goed te vaar.

Kritici van Britse toetrede tot die E.E.G. beweer dat toetreding sal veroorsaak dat geld uit die Verenigde Koninkryk gaan vloeï in geval van Britse toetrede. Liberalisasie van kapitaalbewegings binne die Gemeenskap het egter maar baie onlangs in aanvang geneem en sal waarskynlik nog aan die gang wees wanneer die Verenigde Koninkryk toetree. Die kans is dus goed dat die Verenigde Koninkryk n sê in die finale reëlings gaan hê. Indien aangeneem word dat volle vryheid van kapitaal ontstaan sal langtermynbeleggings van die Verenigde Koninkryk in die E.E.G. ten bedrae van ongeveer R50 miljoen geaffekteer word. Korttermynbelegging wat tans gevries is sal in geval van toetrede bevry moet word. Die korttermynkapitaalprobleem van die Verenigde Koninkryk lê egter in die vloeï van vlugkapitaal wat aan persone en organisasies buite die Verenigde Koninkryk behoort en gevolglik reeds vrylik kan beweeg. Omdat die E.E.G.-lande eerder opnemers as verskaffers van langtermynkapitaal is, is dit onwaarskynlik dat sulke kapitaal buite die E.E.G. enigsins benadeel sal word, afgesien hiervan het die Gemeenskapslande n baie liberale beleid ten opsigte van kapitaal wat die land uitvloeï. Dit wil dus voorkom asof die gevaar dat druk op Sterling uitgeoefen gaan word wanneer Engeland by die E.E.G. aansluit nie baie werklik is nie.

Die drie besware wat Frankryk teen Britse lidmaatskap geopper het is die volgende:

i) Brittanje se onewewig sal veroorsaak dat hy nie aan die vereistes van die die Verdrag van Rome sal kan voldoen nie.

ii) Die ander lidlande sal volgens artikel 108 van die Verdrag van Rome geroepe wees om die Verenigde Koninkryk/...

Koninkryk se tekort te onderskryf.

iii) Die deflasionistiese beleid van die Verenigde Koninkryk sal noodwendig die Euromark as n geheel se ontwikkeling strem.

Die Verdrag van Rome vereis in die eerste plek n aftakeling van handelsbeperkings tussen die lidlande. Soos reeds aangedui sal dit geen besondere probleme in die hand werk nie. Hierna word gemeenskaplike ekonomiese beleid van die lidlande verwag waarvan slegs met die gemeenskaplike landboubeleid tot dusver enige noemswaardige voordeuring gemaak is. Hierdie beleid het die Verenigde Koninkryk in beginsel aanvaar. Die Verenigde Koninkryk sal dus n sê in verdere beleidsvorming hê voordat hy verplig sal wees om dit na te volg. Die Verenigde Koninkryk se betalingsbalanstekort kan kwalik n negatiewe invloed op die gemeenskaplike beleid ten opsigte van kartelle, vervoer en sosiale aangeleenthede hê. Dit mag egter wees dat gemeenskaplike fiskale- en buitelandse handelsbeleid nie in ooreenstemming met die maatstawwe wat die Verenigde Koninkryk geneem het om sy buitelandse handelsbalans in ewewig te kry, is nie. Hierdie beleide vereis egter n groot mate van effektiewe politieke integrasie en dit kan nie verwag word dat hulle werklikheid sal word voor lank nadat die Verenigde Koninkryk vir sy eie beswil sy betalingsbalansprobleme oorkom het nie.

Die Franse beswaar met betrekking tot die bepaling van artikel 108 ignoreer die feit dat die Verenigde Koninkryk hom reeds op die Groep van Tien kan beroep wanneer dit nodig is. Die E.E.G.-lande is lede van hierdie groep wat die pond ondersteun omdat hulle voel dat n ineerstorting van die pond hulle almal sal beïnvloed. Die Verenigde Koninkryk sal waarskynlik by toetrede tot die E.E.G. nie die Groep van Tien se hulp laat vaar en dit op die ander E.E.G.-lande oordra nie. Italië se toenadering tot die I.M.F. in hulle onlangse krisis is n duidelike voorbeeld van lidlandse keuse in so n geval.

Deflasionistiese maatreëls of hulle nou die betalingsbalans verbeter of nie sal in die Verenigde Koninkryk voortduur. Die vraag is nou of hierdie maatreëls n andersins harmonieuse Gemeenskap gaan ontwrig.

Na/...

Na aanleiding van die Kommissie se advies aan lidlande van die E.E.G. teen die einde van 1965 om die stabilisasie van pryse en koste in die korttermyn ekonomiese beleid op die voorgrond te stel is dit duidelik dat dit nie net die Verenigde Koninkryk is wat deflasionêre maatstawwe nodig vind nie. Volgens die Kommissie se bovermelde verslag is daar vraaginflasie in Wes-Duitsland en Nederland en koste-inflasie in Italië, België en Frankryk. In Wes-Duitsland het lone en salarisse gedurende 1965 met 9 persent gestyg terwyl produktiwiteit met 3.7 persent toegeneem het en pryse van nywerheidsproduksie en voedsel onderskeidelik met 2.4 en 7.1 persent gestyg het. Kredietbeperkings en belasting is in April 1966 verder verskerp en die toestand is nog geensins onder beheer nie. Ook Frankryk was genoodsaak om in 1963 streng anti-inflasionistiese maatreëls te neem. Hierdie maatreëls het eers teen die einde van 1964 merkbare effek begin vertoon. Loonkoerse het sedert 1960 tweemaal so vinnig as die van die Verenigde Koninkryk beweeg en is nog steeds besig om te styg. Die Belgiese ekonomie het 'n soortgelyke patroon gevolg terwyl inflasie in Italië groot afmetings aangeneem het en selfs die regering tot 'n val gebring het. Tussen 1960 en 1964 het Italië se lone met 50 persent vergeleke met die Verenigde Koninkryk se 17 persent gestyg. Verbruikspryse het net 20 persent teenoor die Verenigde Koninkryk se 11 persent gestyg. Italië se handelsgaping van R800 miljoen in 1963 is nie veel minder as die Verenigde Koninkryk se gaping van R1070 miljoen in 1964 nie, veral nie as in aanmerking geneem word dat Italië se totale invoer ongeveer R5 miljoen teenoor die Verenigde Koninkryk se R10 miljoen beloop nie. In 1964 het opeenvolgende regerings verskillende maatreëls toegepas en eksterne ewewig is herstel maar ten koste van inter alia 'n 10 persent daling in kapitaalbelegging en 5.7 persent volumedaling in die bruto volksproduk - iets wat die Verenigde Koninkryk slegs een keer na die oorlog oorgekom het. Dit is duidelik dat die Gemeenskap 'n aansienlike mate van inflasie ondervind het en nog ondervind. In die lig daarvan sal dit die Gemeenskap waarskynlik beter betaal om anti-inflasionistiese maatreëls in harmonie met mekaar te bring as om vermeende inflasie infiltrasie van buite te beveg. So 'n beleid sal heel/...

heel waarskynlik die Verenigde Koninkryk se goedkeuring wegdra.

Wanneer die E.E.G.-lande se handelsbalanse as n geheel en afsonderlik met dié van die Verenigde Koninkryk vergelyk word vir die tydperk 1955 tot 1965 dan blyk dit dat van die vyf-en-vyftig balanse van die E.E.G. oor hierdie tydperk veertig tekorte was. Vir die Gemeenskap as n geheel was daar tekorte vir al die jare behalwe twee. Wes-Duitsland het gedurende bovermelde tydperk deurgaans surplusse vertoon terwyl Frankryk surplusse en tekorte vertoon het. Afgesien van België-Luxembourg se surplus in 1965 het ander E.E.G.-lande deurgaans tekorte vertoon. Die Verenigde Koninkryk het gedurende hierdie tydperk sy invoer normaalweg met 85 persent uitvoer kon dek. Dit wil dus voorkom asof die Verenigde Koninkryk se betalingsbalans min of meer dieselfde neigings as die E.E.G. syne vertoon. Dit is ook geensins verrassend nie aangesien die E.E.G. soos Brittanje n tekort aan grondstowwe en n beperkte landbouproduksie het. Die toestand op die Europese Vasteland was waarskynlik ietwat verbloem vanwee die feit dat n groot gedeelte van die Verenigde Koninkryk se landelike bevolking in die nywerheid opgeneem is. Wanneer hierdie toestand op die Vasteland ontstaan sal die onderskeidelike uitbreiding en inkrimping van die nywerheids- en landboukomponente van die ekonomie tesame met die verhoging in lewenstandaard veroorsaak dat n soortgelyke drukking op eksterne bronne gaan ontstaan.

Verder is die Verenigde Koninkryk n vername belegger in die buiteland. Nie net is die Verenigde Koninkryk nie afhanklik van vreemde kapitaal as n sleutelement in sy buitelandse rekenings nie maar verkry vanaf hierdie bron lopende inkomme. Verder kan deelname aan buitelandse nywerheidsaktiwiteite nie anders as om die uitvoer van Britse goedere en dienste te stimuleer nie.

Die werklike probleem van die Britse betalingsbalans lê opgesluit in die feit dat die Verenigde Koninkryk se betalingsbalans oor die algemeen die jare se transaksies met n voordelige balans afsluit waarna n gedeelte van die oorskot na beleggings oorgedra word, maar hierna n tekort ontstaan omdat die staatsuitgawes die oorblywende/...

blywende grens oorskry het. Hierdie uitgawes is heelwat hoër as dié van die Ses, slegs Wes-Duitsland het voorheen so n hoë peil genader. Die aard van die Verenigde Koninkryk se uitgawes in die verband verskil egter met dié van die E.E.G.-lande wat hoofsaaklik uit vooruit terugbetalings van internasionale skulde gedurende betalingsbalanskrisisse in die verlede aangegaan en betalings ten opsigte van skadevergoeding in die geval van Wes-Duitsland, bestaan. Hierteenoor bestaan 75 persent van die Britse amptelike lopende rekening betalings uit geskenke of hulp aan ontwikkelende lande, vredestrydse militêre kostes en subskripsies vir I.D.A. en die Europese Fonds.

Dit is duidelik dat die Franse se beswaar teen die Verenigde Koninkryk se finansiële toestand nie so gegrond is as wat die algemene mening is nie. Dat daar wel groot probleme is wat opgelos moet word is waar, maar indien die wil om hierdie probleme op te los aan beide kante bestaan kan dit wel gedoen word. Dit sal die Verenigde Koninkryk waarskynlik betaal om eers op diplomatieke vlak vas te stel wat die verskillende lande van die Gemeenskap en in die besonder Frankryk se gevoel is voordat daar weer op amptelike vlak toenadering gesoek word. Die moontlikheid dat Engeland vroeër of later wel sal toetree is egter baie sterk.

B. Die Republiek van Suid-Afrika se posisie in geval van Britse toetrede tot die Euromark.

Indien Engeland by die E.E.G. sou aansluit, gaan dit die einde van die Statebondsvoorkeurstelsel beteken en dus van die Statebond as n ekonomiese eenheid. Dit sal ook die einde van die Statebond as politieke eenheid wees, aangesien handel die slagaar van die Statebond is.

Tabel 48 gee n aanduiding van Suid-Afrika se handel met die Verenigde Koninkryk in die onderskeie seksies van die handelsklassifikasie uitgedruk as persentasie van Suid-Afrika totale handel met die Verenigde Koninkryk en die wêreld. Uit hierdie tabel word dit duidelik dat Suid-Afrika in n groot mate vir sy markte van landbouprodukte van Engeland afhanklik is. Hoe hierdie produkte geaffekteer gaan/...

TABEL 48

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: HANDEL MET DIE VERENIGDE KONINKRYK IN
 DIE ONDERSKEIE SEKSIES VAN DIE HANDELSKLASSIFIKASIE UITGEDRUK AS
 PERSENTASIES VAN DIE TOTALE HANDEL MET DIE VERENIGDE KONINKRYK EN
 DIE WERELD VIR 1965.

SEKSIE VAN DIE HANDELS- KLASSIFIKASIE	Handel met die Verenigde Koninkryk in onderstaande seksies van die Handelsklassifikasie uitgedruk as n persentasie van:			
	1. Totale Handel met die Verenig- de Koninkryk		2. Totale Wêreld- handel	
	Invoer	Uitvoer	Invoer	Uitvoer
edsel en lewende hawe	0.8	27.2	6.3	43.0
anke en Tabak	0.8	1.5	31.5	49.1
-stowwe, oneetbaar, uitbe- sonderd brandstowwe	3.0	28.3	11.2	27.8
neraalbrandstowwe, smeer- middels en verwante stowwe	0.7	0.3	3.6	2.9
erlike en plantaardige Olie- en vetsoorte	0.1	1.6	3.7	60.2
emikalieë	7.5	1.2	29.9	11.6
ervaardigde goedere hoofsaak- lik volgens stof geklassifi- seer	22.8	31.7	26.4	40.4
sjinerie en vervoertoerusting	56.2	0.9	37.6	6.8
verse gefabriseerde artikels	7.4	0.4	30.3	10.6
ndelsartikels en transaksies nie volgens soort geklassifi- seer nie	0.7	6.9	9.8	69.0
taal	100.0	100.0	28.1	33.8

on: Verwerk uit: Republiek van Suid-Afrika, Departement Doeane
 en Aksyns, Maandeliks uittreksel van handel-
 statistieke, Januarie - Desember 1965, Pretoria,
 Staatsdrukker. p. 1, 10, 12, 13 & 15.

gaan word sal afhang van die ooreenkoms wat tussen die Verenigde Koninkryk en die Gemeenskap gesluit sal word. Op hierdie stadium is dit dus moeilik om te sê watter produkte benadeel gaan word. Dat sekere produkte egter wel geraak gaan word is duidelik.

Wanneer Engeland by die E.E.G. aansluit sal Suid-Afrika beslis iets moet doen om sekere van sy nywerhede en veral die wat met die landbou geassosieer is, van ernstige skade of selfs ondergang te red. Volgens die Verdrag van Rome kan Suid-Afrika poog om assosiasie by die E.E.G. te verkry. Dit is egter nie 'n baie wenslike oplossing nie aangesien Suid-Afrika nog nie ryp is vir die mededinging wat hy ingevolge so 'n stap gaan ondervind nie.

Ten einde sy produkte op hierdie markte te beskerm kan Suid-Afrika gebruik maak van artikel 234 van die Verdrag van Rome wat bepaal dat alle ooreenkomste wat lede voor die totstandkoming van die E.E.G. gesluit het met óf E.E.G.-lande óf derde lande, eerbiedig moet word. Alhoewel die Ottawa-ooreenkoms waarskynlik hersien sal word wanneer Engeland by die E.E.G. aansluit, kan dit moontlik so gewysig word dat produkte wat grootliks van die Engelse uitvoermark afhanklik is sekere voordele mag geniet.

Van belang is egter om in gedagte te hou dat deur by die E.E.G. aan te sluit Engeland sy eie ekonomie aanmerklik kan versterk. Dit kan vir Suid-Afrika die voordeel inhou dat dit baie meer kerngesond is om met 'n sterk Engelse ekonomie, ten spyte van tariewe, handel te dryf as met 'n swak Engeland sonder tariewe.

VI. Slot.

Uit hierdie hoofstuk blyk dit dat Suid-Afrika steeds meer na die E.E.G. uitvoer. In absolute syfers gemeet het die totstandkoming van die E.E.G. dus nie veel invloed op die handel tussen die E.E.G. en Suid-Afrika gehad nie. Volgens die persentasies in hierdie hoofstuk vermeld wil dit voorkom asof daar nie veel verandering na die totstandkoming van die E.E.G. te voorskyn getree het nie. 'n Groter mate van stabiliteit is egter opmerklik en dit lyk dus asof die lande nie baie moeite doen om juis vanaf

Suid-Afrika/...

Suid-Afrika in te voer nie. Die onus rus gevolglik grootliks op Suid-Afrika om sy handel met hierdie lande uit te brei.

Voorts blyk dit uit hierdie hoofstuk dat Engeland by die E.E.G. sal aansluit sodra sekere ekonomiese en politieke probleme uit die weg geruim kan word. Die werklike probleem is van politieke aard. Wanneer dit gebeur gaan Suid-Afrika moeilikheid ondervind om sekere van sy produkte op winsgewende basis in die Verenigde Koninkryk te bemark. Voordat die Verenigde Koninkryk en die Gemeenskap egter nie tot 'n ooreenkoms gekom het nie is dit moeilik om te sê watter produkte die meeste geraak gaan word. Volgens tabel 48 is dit egter duidelik dat dit die landbou en aanverwante produkte is wat die grootste kans staan om skade te lei. Dit sal in Suid-Afrika se voordeel wees om te poog om sy handel met die Verenigde Koninkryk in ander rigtings te kanaliseer.

HOOFSTUK X.SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.I. Ekonomiese integrasie en die geskiedenis daarvan.

In hoofstuk I is aandag gegee aan ekonomiese integrasie asook die voor- en nadele daaraan verbonde. Hier het dit duidelik geword dat, alhoewel daar heelwat voordele aan ekonomiese integrasie verbonde is, daar ook nadele is. Die voordele is egter oorheersend. Die geskiedenis van ekonomiese integrasie toon in hoofstuk II dat die idee om ekonomies te integreer n ou gedagte is. Die probleem het egter nog altyd in die praktiese uitvoerbaarheid van ekonomiese integrasie gelê. Dit is duidelik dat ekonomiese integrasie in die praktyk steeds met groter welslae aangepak is. n Uitstekende voorbeeld van tot dusver suksesvolle ekonomiese integrasie is die Europese Steenkool- en staal Gemeenskap wat later in die Europese Ekonomiese Gemeenskap ontwikkel het. In afdeling B word oorgegaan tot n bespreking van die organisasie as sodanig, waar elke lidland afsonderlik behandel word in die lig van die doelstellings van hierdie skripsie. Ook aan die Republiek van Suid-Afrika word n hoofstuk afgestaan om vas te stel wat Suid-Afrika se handelspatroon met die verskillende E.E.G.-lande is.

II. België-Luxembourg.

Dit blyk dat hierdie landstreek baie van invoer vir sy grondstowwe afhanklik is. Internasionale handel is dus van die allergrootste belang vir hierdie lande, veral Luxembourg se ekonomie is op buitelandse handel toegespits. Uit tabelle 2 tot 9 blyk dit dat België-Luxembourg se handel sedert die totstandkoming van die Gemeenskap meer na sy E.E.G.-vennote geneig het. Dit geld veral vir die lande wat nie deel van die Benelux-unie gevorm het nie. Handel met die V.S.A. en die Verenigde Koninkryk het gedurende hierdie tydperk geen noemenswaardige uitbreiding getoon nie. Alhoewel daar dus n groot mate van uitbreiding is het dit dus nie soscer betrekking op lande buite die E.E.G. nie. Uit tabelle 6 en 9 blyk dit dat België-Luxembourg se handel met Suid-Afrika baie wisselvallig is.

Dit/...

Dit wil voorkom asof België-Luxembourg, omdat hulle op die E.E.G.-lande se markte konsentreer, nie baie moeite doen om handel met Suid-Afrika uit te brei nie. Daar bestaan egter geen rede hoekom Suid-Afrika van sy kant af hierdie mark nie verder kan ontwikkel nie.

III. Die Bondsrepubliek Wes-Duitsland.

Uit hoofstuk V blyk dit dat Wes-Duitsland n dig bevolkte land sonder veel grondstowwe van sy eie is. n Kenmerk van sy buitelandse handel is dus sy afhanklikheid van ingevoerde grondstowwe en voedselsoorte. Uitvoer bestaan hoofsaaklik uit vervaardigde goedere, waarvan kapitaalgoedere die vernaamste is. As gevolg van bovermelde feite is Wes-Duitsland baie afhanklik van sy buitelandse handel. Tabel 11 toon aan dat Wes-Duitsland steeds n groter persentasie van die totale E.E.G.-invoer verteenwoordig. Volgens tabel 13 het Wes-Duitsland n gedeelte van die res van die wêreld se invoer vanaf die E.E.G. oorgeneem. Hierdie neiging is veral opmerklik na die totstandkoming van die E.E.G. Volgens tabel 15 het Wes-Duitsland sy invoerhandel met die E.E.G.-lande uitgebrei. Met Suid-Afrika het Wes-Duitsland se persentuele invoerhandel n afnemende tendens vertoon. Uit tabel 18 blyk dat Wes-Duitsland se uitvoerhandel met die ander E.E.G.-lande na die totstandkoming van die E.E.G. steeds uitgebrei het. Met enkele ander lande is ook toenemende proporsies handel gedryf maar oor die algemeen het die res van die wêreld en Suid-Afrika se uitvoerhandel as persentasie van Wes-Duitsland se totale uitvoerhandel afgeneem. Hierdie uitbreiding van Wes-Duitsland se in- en uitvoerhandel het blykbaar nie in n groot mate ten koste van die res van die wêreld plaasgevind nie.

IV. Frankryk.

Frankryk, soos Wes-Duitsland is ook in n groot mate van ingevoerde grondstowwe afhanklik. Dit blyk verder dat Frankryk se buitelandse handel sedert die totstandkoming van die E.E.G. heelwat uitgebrei het. Volgens tabel 19 het Frankryk se invoer sedert 1958 meer stabiel begin vertoon. Dieselfde neiging is sedert 1957 ten opsigte van uitvoer in tabel 20 waarnaambaar. Hierdie vermeerdering in Frankryk se
buitelandse/...

buitelandse handel moet in 'n groot mate aan politieke stabiliteit toegeskryf word. Feit bly egter staan dat die totstandkoming van die E.E.G. 'n groot invloed op die Franse buitelandse handel gehad het, wat soos uit tabelle 23 en 26 blyk sedertdien veral in die rigting van die E.E.G.-lande gekanaliseer is.

V. Italië.

Ook Italië is, soos die meeste E.E.G.-lande, in 'n groot mate van die invoer van sy grondstowwe afhanklik. Hier verdien veral voedselsoorte vermelding. Italië se inkomste spruit hoofsaaklik uit die vervaardiging en uitvoer van masjinerie en uit toerisme. Verder stuur Italianers wat elders werkzaam is ook groot hoeveelhede geld na Italië. Uit tabelle 27 en 28 word dit duidelik dat Italië se buitelandse handel sedert die totstandkoming van die E.E.G. aanmerklik vergroot het. Uit tabelle 31 en 34 blyk dit verder dat die belangrikheid van die verskillende E.E.G.-lande as lande van oorsprong en bestemming nie verwissel het nie. Hierdie lande het egter ten opsigte van die res van die wêreld na 1958 steeds in belangrikheid toegeneem. Die tempo van ontwikkeling in Italië het beslis baat gevind by die E.E.G. Daar is nietemin nog veel ruimte vir verbetering, veral in die Suide.

VI. Nederland.

In hoofstuk VIII is verwys na die Nederlandse ekonomie se gevoeligheid vir die ruilvoet. Dit is 'n natuurlike gevolg van die hoë koers van in- en uitvoer. Invoer bestaan hoofsaaklik uit grondstowwe terwyl die uitvoer deur vervaardigde goedere gevorm word. Dit veroorsaak dat die ruilvoet veral vir sikliese skommelings in die korttermyn gevoelig is. Dat Nederland sy handel met die E.E.G.-lande uitbrei word duidelik as die verminderde aandeel van die Verenigde Koninkryk en die res van die wêreld se handel met Nederland teenoor dié van die E.E.G. gestel word. As persentasies uitgedruk het die handel met sekere E.E.G.-lande afnames vertoon. Dit is egter lande wat voor die totstandkoming van die E.E.G. reeds handelsooreenkomste met Nederland gehad het. Al hierdie ontwikkelings kan egter nie
sonder/...

sonder meer aan die invloed van die E.E.G. toegeskryf word nie. Heelwat daarvan is die natuurlike ontwikkeling wat na die oorlog voorgekom het.

VII. Die Republiek van Suid-Afrika.

In absolute syfers gemeet het Suid-Afrika se handel met die E.E.G.-lande na die totstandkoming van die E.E.G. steeds meer uitgebrei. As n persentasie van die totale Suid-Afrikaanse buitelandse handel het hierdie handel min of meer konstant gebly. Dit blyk uit die verskillende hoofstukke dat die Gemeenskapslande se handel met Suid-Afrika as n persentasie van hulle totale handel geleidelik afneem. Soos reeds vermeld wil dit dus voorkom asof hierdie lande nie besondere moeite doen om hulle handel met Suid-Afrika uit te brei nie. Volgens die tabelle in hierdie verband weergegee is dit duidelik dat die Verenigde Koninkryk die Republiek van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennoot is. Dit is dus voor die hand liggend dat Suid-Afrika se handel met die Verenigde Koninkryk grootliks benadeel kan word indien Engeland sou besluit om by die Euromark aan te sluit. Aan die ander kant is dit egter n gesonder toestand van sake om met n kerngesonde Britse ekonomie, wat lid van die E.E.G. is, handel te dryf as om statebondsvoorkeur te geniet by n verswakte Verenigde Koninkryk. Dat Engeland uiteindelik by die E.E.G. sal aansluit skyn onvermydelik te wees. Uit hoofstuk IX blyk dit dat lidmaatskap van die E.E.G. die Britse mededingingsposisie behoort te verbeter, die Verenigde Koninkryk nie voor reëls sal plaas wat onuitvoerbaar is nie, die Ses voor geen finansiële verpligting plaas wat hulle nie reeds vrywilliglik onderneem nie en die Verenigde Koninkryk assosieer met vennote wat nie op n veel ander manier as Engeland deur inflasie bedreig word nie. Dit is dus duidelik dat alhoewel lidmaatskap baie ekonomiese probleme gaan oplewer hierdie probleme beslis nie onoorkombaar is nie. Die enigste ander beswaar teen Britse lidmaatskap is dus van politieke aard. Wat Suid-Afrika behoort te doen wanneer die Verenigde Koninkryk by die E.E.G. aansluit is nie op hierdie stadium baie duidelik nie omdat dit grootliks sal afhang van die voorwaardes waaronder Engeland by die E.E.G. aansluit.

VIII/...

VIII. Enkele gevolgtrekkings.

Dat die verskillende E.E.G.-lande se handel met mekaar na die totstandkoming van die E.E.G. vermeerder het blyk baie duidelik waar die individuele lande se invoer as n persentasie van die ander E.E.G.-lande se uitvoer en uitvoer as n persentasie van die ander lande se invoer weergegee word.

Dit word ook duidelik dat die lidlande van die E.E.G. se totale handel vinnig besig is om te vermeerder. Die voordele wat ekonomiese integrasie bied het waarskynlik hiertoe bygedra.

Suid-Afrika se handel met die lande van die Gemeenskap is klaarblyklik besig om te vergroot. Dit wil ook voorkom asof daar sedert die totstandkoming van die E.E.G. n mate van bestendigheid in hierdie markte ingetree het.

Die Gemeenskap is besig om vinnig uit te brei. Verskeie groot probleme is reeds opgelos. Daar is egter nog heelparty probleme wat in baie fyn besonderhede geanaliseer sal moet word voordat die organisasie volkome doeltreffend sal kan funksioneer.

BYLAE.

Invoer van:-


GRAFIEK I.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) Frankryk
- (3) Nederland
- (4) Italië
- (5) België-Luxembourg
- (6) E.E.G.

As persentasie van totale E.E.G.-invoer.

As persentasie van totale wêreldinvoer.

Persentasie.



Uitvoer van:-


- (1) Wes-Duitsland
- (2) Frankryk
- (3) Italië
- (4) België-Luxembourg
- (5) Nederland
- (6) E.E.G.

GRAFIEK II.

As persentasie van totale E.E.G.-uitvoer.

As persentasie van wêrelduitvoer.

Persentasie.




GRAFIEK III.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Frankryk
- (4) Nederland
- (5) Italië

Invoer vanaf die ander E.E.G.-lande uitgedruk as 'n persentasie van hierdie lande se totale uitvoer.

persentasie.




GRAFIEK IV.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Frankryk
- (4) Nederland
- (5) Italië

Uitvoer na die ander E.E.G.-lande
uitgedruk as 'n persentasie van
hierdie lande se totale invoer.

Persentasie.



GRAFIEK V.

België-Luxembourg se invoer vanaf die onderskeie E.E.G.-lande uitgedruk as persentasies van België-Luxembourg se totale invoer vanaf die res van die E.E.G.

(1) Wes-Duitsland


(2) Nederland

(3) Frankryk

(4) Italië

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.

Persentasie.



GRAFIEK VI.

België-Luxembourg se uitvoer na die onderskeie E.E.G.-lande uitgedruk as persentasies van België-Luxembourg se totale uitvoer na die res van die E.E.G.


(1) Wes-Duitsland

(2) Frankryk

(3) Italië

(4) Nederland

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.
Persentasie.




GRAFIEK VII.


België-Luxembourg se invoer vanaf:-

- (1) Nederland
- (2) Wes-Duitsland
- (3) Frankryk
- (4) V.S.A.
- (5) Verenigde Koninkryk
- (6) Italië

uitgedruk as persentasies van
België-Luxembourg se totale
invoer.



Persentasie.




GRAFIEK VIII.


België-Luxembourg se uitvoer na:-

- (1) Nederland
- (2) Wes-Duitsland
- (3) Frankryk
- (4) V.S.A.
- (5) Verenigde Koninkryk
- (6) Italië

uitgedruk as persentasies van
Wes-Duitsland se totale uitvoer.



Persentasie.




GRAFIEK IX.

Wes-Duitsland se invoer vanaf die onderskeie E.E.G.-lande
uitgedruk as persentasies van Wes-Duitsland se totale
invoer vanaf die res van die E.E.G.

- (1) Frankryk
- (2) Nederland
- (3) België-Luxembourg
- (4) Italië

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.

persentasie.




GRAFIEK X.

Wes-Duitsland se uitvoer na die onderskeie E.E.G.-lande
uitgedruk as persentasies van Wes-Duitsland se totale
uitvoer na die res van die E.E.G.

- (1) Frankryk
- (2) Nederland
- (3) België-Luxembourg
- (4) Italië

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.

persentasie.




GRAFIEK XI.


Wes-Duitsland se invoer vanaf:-

- (1) Frankryk
- (2) Nederland
- (3) België-Luxembourg
- (4) V.S.A.
- (5) Italië
- (6) Verenigde Koninkryk

uitgedruk as persentasies van
Wes-Duitsland se totale invoer.



Persentasie.




GRAFIEK XII.


Wes-Duitsland se uitvoer na:-

- (1) Frankryk
- (2) Nederland
- (3) België-Luxembourg
- (4) V.S.A.
- (5) Italië
- (6) Verenigde Koninkryk

uitgedruk as persentasies
van Wes-Duitsland se totale
uitvoer.



Persentasie.




GRAFIEK XIII.

Frankryk se invoer vanaf die onderskeie E.E.G.-lande
uitgedruk as persentasies van Frankryk se totale
invoer vanaf die res van die E.E.G.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Italië
- (4) Nederland

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.
Persentasie.




GRAFIEK XIV.

Frankryk se uitvoer na die onderskeie E.E.G.-lande
uitgedruk as persentasies van Frankryk se totale
uitvoer na die res van die E.E.G.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Italië
- (4) Nederland

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.

Persentasie.




GRAFIEK XV.


Frankryk se invoer vanaf:-

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (4) V.S.A.
- (5) Verenigde Koninkryk
- (6) Nederland

uitgedruk as persentasies van Frankryk se totale invoer.



Persentasie.




GRAFIEK XVI.


Frankryk se uitvoer na:-

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Italië
- (4) V.S.A.
- (5) Verenigde Koninkryk
- (6) Nederland

uitgedruk as persentasies van Frankryk se totale uitvoer.



Persentasie.




GRAFIEK XVII.

Italië se invoer vanaf die onderskeie E.E.G.-lande
uitgedruk as persentasies van Italië se totale
invoer vanaf die res van die E.E.G.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) Frankryk
- (3) België-Luxembourg
- (4) Nederland

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.
Persentasie.




GRAFIEK XVIII.

Italië se uitvoer na die onderskeie E.E.G.-lande
uitgedruk as persentasies van Italië se totale
uitvoer na die res van die E.E.G.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) Frankryk
- (3) België-Luxembourg
- (4) Nederland

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.

Persentasie.




GRAFIEK XIX.


Italië se invoer vanaf:-

- (1) Wes-Duitsland
- (2) Frankryk
- (3) V.S.A.
- (4) Verenigde Koninkryk
- (5) Nederland
- (6) België-Luxembourg

uitgedruk as persentasies van Italië se totale invoer.



Persentasie.




GRAFIEK XX.


Italië se uitvoer na:-

- (1) Wes-Duitsland
- (2) Frankryk
- (3) V.S.A.
- (4) Verenigde Koninkryk
- (5) Nederland
- (6) België-Luxembourg

uitgedruk as persentasies van Frankryk se totale uitvoer.



Persentasie.




GRAFIEK XXI.

Nederland se invoer vanaf die onderskeie E.E.G.-lande uitgedruk as persentasies van Nederland se totale invoer vanaf die res van die E.E.G.

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Frankryk
- (4) Italië

A-B = Totstandkoming van die E.E.G.


Persentasie.



GRAFIEK XXII.

Nederland se uitvoer na die onderskeie E.E.G.-lande
uitgedruk as persentasies van Nederland se totale
uitvoer na die res van die E.E.G.

- (1) Wes-Duitsland
 - (2) België-Luxembourg
 - (3) Frankryk
 - (4) Italië
- A-B = Totstandkoming van die E.E.G.
Persentasie.




GRAFIEK XXIII.


Nederland se invoer vanaf:-

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Verenigde Koninkryk
- (4) Frankryk
- (5) Italië
- (6) V.S.A.

uitgedruk as persentasie van
Nederland se totale invoer



Persentasie.





GRAFIEK XXIV.

Nederland se uitvoer na:-

- (1) Wes-Duitsland
- (2) België-Luxembourg
- (3) Verenigde Koninkryk
- (4) Frankryk
- (5) Italië
- (6) V.S.A.

uitgedruk as persentasies van
Nederland se totale uitvoer.




GRAFIEK XXV.

Die Republiek van Suid-Afrika se invoer vanaf:-

- (1) Die E.V.H.V.
- (2) Die Verenigde Koninkryk
- (3) Die E.E.G.
- (4) Die V.S.A.

uitgedruk as 'n persentasie van Suid-Afrika se totale invoer.

Persentasie.




GRAFIEK XXVI.

Die Republiek van Suid-Afrika se uitvoer na:-

- (1) Die E.V.H.V.
 - (2) Die Verenigde Koninkryk
 - (3) Die E.E.G.
 - (4) Die V.S.A.
- uitgedruk as 'n persentasie van Suid-Afrika se totale uitvoer.

Persentasie.



LYS VAN AANGEHAALDE WERKE.

1. Deniau, J.F. The common market, The Stellar Press Ltd., Union Street, Barnet, 1960.
2. Department of economic affairs, United Nations, Customs Unions, Lake Success, New York, 1947.
3. De Roos, F. Theorie der internationale economische betrekkingen, De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1961.
4. Ellsworth, P.T. The international economy, New York, The Macmillan Company, August 1961.
5. European Economic Community Commission, Report on the economic situation in the countries of the community, September 1962.
6. Henderson, W.O. The genesis of the common market, Quadrangle books, Chicago, 1962.
7. Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen, N.V. Noord-Hollandsche Maatschappij, Amsterdam, 1961.
8. Sannwalt, R. & Stohler, J. Economic integration, Princeton University Press, 1959.
9. Anon. The economic miracle, Special survey, Financial Mail, 10 January 1965.
10. Banco di Roma, Review of the economic conditions in Italy, May 1966 Rome.
11. Manser, W.A.P. The U.K. balance of payments - a bar to the European Community, Westminister Bank Review, Quarterly, November 1966, London.
12. Statistical office of the United Nations:-
 - i. Yearbook of international trade statistics 1957 Volume I, New York, 1958.
 - ii. Yearbook of international trade statistics 1962, New York, 1964.
 - iii. Yearbook of international trade statistics 1964, New York, 1966.
 - iv. Monthly bulletin of statistics, July 1966, New York, 1966.

13. Buro vir statistiek:-
- i. Statistiese jaarboek 1964, Pretoria, Staatsdrukker, Augustus 1964.
 - ii. Statistiese jaarboek 1965, Pretoria, Staatsdrukker, September 1965.
14. Departement van Doeane en Aksyns, Maandelikse uittreksel van handelstatistieke, Januarie-Desember 1965, Pretoria, Staatsdrukker.
-

ENGLISH SUMMARY

As the title indicates, the purpose of this thesis is to determine the effect of the European Economic Community on the trade pattern of its various member countries.

Section A gives an indication of precisely what is meant by the term "economic integration," followed by a brief history of economic integration in Western Europe.

Section B proceeds from this background study to give chapters of analysis of the individual countries of the Common Market. Here extensive use of trade percentages is made. In these chapters it becomes clear that the member countries have considerably increased trade with one another after the establishment of the Common Market in 1958. Not only did this inter E.E.C. trade increase, but also their percentage of the world's trade increased rapidly.

Furthermore the fact emerges that the total trade of the outside countries with the Common Market is increasing annually, but at the same time most of these outsiders are losing a certain percentage of their export markets to member countries of the Common Market.

In the chapter on the Republic of South Africa the trade of South Africa with the Common Market countries is analysed individually. It can be seen that South Africa's trade with the Common Market countries is increasing steadily both as a percentage of South Africa's total external trade and in total export figures. An explanation is given in the same chapter of why the United Kingdom, definitely South Africa's most important trade partner, should eventually join the Common Market. When this takes place South Africa might find herself in an unfavourable position with regard to certain sections of the export classification especially agricultural produce. However, South Africa's position is not quite clear as the terms of a possible agreement between the United Kingdom and the Common Market are not yet known.

Finally/....

Finally a chapter is devoted to conclusions reached in each chapter pointing to the increasing intra-E.E.C. trade since 1958.
